# Vrye Weekblad

14 Desember 1990 - 11 Januarie 1991 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

## Sirkus 1990




Vrye Weekblad Boeke/Books binne



Pres FW de Klerk en Nelson Mandela tydens die Groote Schuur-gesprekke in Mei (Foto: AFP)

# Viva Comrade FW, Viva!

DIE jaar 1990 is in der waarheid die jaar van die 54-jarige Frederik Willem de Klerk. Deur sy toedoen en inisiatiewe is daar met 'n onomkeerbare revolusionêre proses begin waarin daar binne minder as 'n jaar meer fundamentele veranderinge plaasgevind het as in die ganse vorige 348 jaar van blanke heerskappy.

Die jaar begin werklik eers op 2 Febuarie met De Klerk se geskiedkundige openingstoespraak van die parlement. Selfs sy eie koukus het nie geweet wat hy regtig bedoel het toe hy hulle die vorige dag gewaarskû het nie: "Maak vas jul sitplekgordels. Ek kom met snelle en drastiese veranderinge."

De Klerk het gesê hy wil belangrike struikelblokke tot onderhandelinge uit die weg ruim. Hy kondig die onvoorwaardelike ontbanning van die ANC en die SAKP aan en die spoedige vrylating van Nelson Mandela - wat dan ook nege dae later geskied.

Apartheid as beleid word finaal begrawe en De Klerk verbind die Nasionale Party (NP) tot 'n meerderheidregering gegrond op 'n nie-rassige eenheidstaat.

Daardie Rubicon-toespraak ontketen 'n reeks gebeure wat een kommentator noop om later te skryf: "Ons sou nooit kon dink toe ons die aand van 1 Februarie gaan slaap dat ons die volgende dag die geboorte van 'n nuwe Suid-Afrika sou beleef nie."

Talle gebeure deur die jaar, klein en groot, versinnebeeld die nuwe Suid-Afrika. Wie sou op 1 Februarie kon dink dat Joe Slovo in September aan 'n televisiedebat op die godsdiensprogram sou deelneem? Of dat hy in November op die trappe van die Uniegebou ná 'n vreedsame optog die polisie vir hul samewerking sou loof?

'n Sleutelfaktor tot alles is die De Klerk/Mandela-vennootskap en die wedersydse persoonlike respek en agting vir mekaar se goeie trou en integriteit.

Trouens daarsonder was die onderhandelingsproses tussen die regering en die ANC waarskynlik nou reeds op die rotse.

Maar feit is dat in al die gebeure van 1990 dit De Klerk was wat op 2 Februarie die ANC totaal verras het, die inisiatief geneem en dit bly behou het, die gebeure dikteer en steeds druk op die ANC bly toepas.

Teen alle verwagtinge in is dit die ANC en Mandela wat probleme ondervind terwyl De Klerk se persoonlike aansien plaaslike én internasionaal feitlik onaantasbaar is.

Selfs die ANC moes toegee dat hy die propagandastryd loshande gewen het.

Die welslae en optrede van die vroeëre konserwatiewe en versigtige De Klerk - die Harms-verslag uitgesluit - is indrukwekkend en so te sê foutloos.

Die NP het hervorm tot 'n uitgesproke verligte party - selfs die ongehoorde is gedoen en die NP is nou oop vir alle rasse.

Opnames het aangetoon dat De Klerk verrassende hoë aansien onder swartmense geniet - iets wat die NP nuwe vertroue gegee het in konfrontasies met die ANC.

Die NP glo selfs hy kan òf 'n verkiesing wen in alliansies met andere, òf sterk steun verwerf, en De Klerk praat van "met 'n wenplan na álle kiesers" gaan.

De Klerk is internasionaal in 'n ongelooflike sterk posisie. Westerse leiers - van Bush tot die koningin van Nederland - ontvang hom openlik en met groot vertoon.

Die sanksieveldtog is aan die verkrummel. Toe deure in Afrika is besig om oop te gaan soos Suid-Afrika in lande soos Morokko, Senegal en Madagaskar ontvang word.

Die internasionale aansien word weerspieël deur die opmerking van die Amerikaanse kongresman Stephen Lolarz, groot voorstander van sanksies en kritikus van die regering, na die Mandela- en De Klerk-besoek aan Washington: "Mandela was briljant, maar De Klerk was beter."

Geen wonder dat hy internasionaal vergelyk word met Gorbatsjof nie.

Maar die treffendste getuigskrif vir sy impak op die Suid-Afrikaanse politieke toneel het sekerlik gekom van die gewone swart inwoners van Soweto toe hulle hom tydens sy onverwagse besoek in September geesdriftig toegejuig het: "Viva, Comrade FW, viva!"

# Mandela: 'n mite word 'n leier

DIE vrylating van die 72-jarige Nelson Rohihlala Mandela is vandeesweek aangewys as een van die tien internasionale hoogtepunte van 1990. In die tien maande sedert hy op 11 Februarie vrygelaat is, het Mandela gewys hoekom hy as een van die merkwaardigste leiers van dié eeu beskou word.

Van die oomblik toe die skraal, gryse leier op daardie Sondagmiddag by die hekke van die Victor Verster-gevangenis buite Paarl na vryheid gestap het, het hy die koerantopskrifte plaaslik en internasionaal oorheers.

Enkele ure na sy vrylating en byna dag na dag daarna het hy perskonferensies en toesprake voor skares van tot 200 000 mense gehou. Hy het getoon dat hy heeltemal in beheer van homself en die vreemde en nuwe ontvouende politieke situasie is - so asof hy nooit vir 27 jaar in die gevangenis geïsoleer was nie.

Haas onmoontlike eise word aan hom gestel, en hy handhaaf 'n moordende pas wat mense veel jonger as hy hom moelik sal kan nadoen. Met sy charismatiese persoonlikheid, en in die afwesigheid van die ongestelde Oliver Tambo, word hy die sentrale en dominante figuur in die ANC om wie alles wentel.

Sommige sal sê: Mandela ís die ANC.

Internasionaal is hy oral in aanvraag en hy lê triomfantlike besoeke af aan Wes-Europa, Noord-Amerika, die Ooste en 'n aantal Afrika-lande.

Die vele besoeke en sy lang afwesigheid uit Suid Afrika word uit verskeie oorde, ook uit eie geledere, gekritiseer. Sy persoonlike aandag word dringend in Suid-Afrika vereis, word gesê.

Maar Mandela en die ANC het eintlik geen keuse nie.

Enersyds wil alle regerings- en staatshoofde persoonlike hulde bring. Andersyds is die ANC finansieel diep in die knyp, en Mandela is die enigste leier wat effektief fondse vir dié organisasie kan insamel.

Wat die onderhandelingsproses betref, is dit waarskynlik slegs Mandela se gesag en persoonlike geloof in De Klerk wat die ANC tot dusver verhoed het om te onttrek. Talle ANC-leiers is besig om vertroue in De Klerk te verloor.

Polities het Mandela met sy pragmatiese benadering besondere sukses behaal. Hy was betrokke in gesprekke oor feitlik die hele politieke spektrum en het daarin geslaag om meeste van die tuislandleiers na die ANC toe oor te wen of hul mag te neutraliseer.

Sy een groot mislukking was sy onvermoë tot dusver om Mangosuthu Buthelezi, die leier van Kwazulu en die Inkatha Vryheidsparty, persoonlik te ontmoet - en dit nadat hy in die openbaar sy wens uitgespreek het om dit te doen.

Die feit dat hy onder druk uit ANC-geledere moes ingee om Buthelezi nie te ontmoet nie, het sy aansien plaaslik en internasionaal 'n knou toegedien.

Vanuit dieselfde oorde is hy ook aanvanklik skerp gekritiseer oor sy uitlating oor sake soos die verbintenis tot die gewapende stryd, sanksies en nasionalisering.

Mandela se dilemma was uit die staanspoor dat hy vasgevang was tussen die vure van twee onrealistiese verwagtinge: uit eie geledere het baie verwag alles gaan oornag verander, terwyl blankes en die internasionale gemeenskap hom as die groot vredemaker van Suid-Afrika gesien het.

Om sy eie mense gerus te stel, moes hy aanvanklik bly by wat skyn revolusionêre retoriek te wees. Dit het ongelukkig andere onnodig afgeskrik.

Mandela se probleme is in vele opsigte groter as dié van De Klerk. Die ANC moet van die grond af opgebou word, terwyl daar groot verwarring en agterdog op grondvlak oor die onderhandelinge is. Intussen duur die geweld onverklaarbaar voort.

Mandela is verskeie kere deur die regering, die plaaslike en die buitelandse media skerp gekritiseer oor teenstrydige uitlatinge deur homself en ander ANC- leiers.

Maar nieteenstaande die aanvalle en kritiek, bly sy aansien ongeskonde. Daarby is daar die diepe besef dat hy en De Klerk op mekaar aangewese is, en dat sy teenwoordigheid 'n absolute voorvereiste vir suksesvolle onderhandelinge is.

Die geweldige agting vir Mandela in regeringsgeledere blyk uit 'n onlangse opmerking deur 'n senior minister wat ten nouste by die onderhandelinge betrokke is. Hy verwys met groot eerbied na Mandela as "Die oubaas" en sê: " Ons het die oubaas absoluut nodig. Sonder hom is Suid-Afrika in groot moeilikheid."



Nelson en Jasser - dié foto het groot opspraak verwek (Foto: AP)



Pres FW de Klerk en Pik Botha tydens hul geskiedkundige besoek aan Nederland in Oktober (Foto: AP)

# Gloriejaar, krisisjaar

Ná 78 jaar van stry en organiseer en swaarkry was 1990 die jaar van glorie en tuiskoms vir die African National Congress.

Tog het die ANC juis vanjaar te staan gekom voor van die grootste en ingewikkeldste probleme in sy geskiedenis.

Die ANC-leierskap en -ondersteuners is duidelik onkant betrap deur die skok-aankondiging van die staatspresident op daardie geskiedkudige Vrydag van 2 Februarie toe hy sy verreikende hervormingspakket aangekondig het.

Feitlik oornag moes die ANC homself omvorm van 'n ondergrondse bevrydingsbeweging, wat die afgelope 30 jaar betrokke was in 'n vryheidstryd, na 'n demokratiese, politieke party.

Die probleme vir die ANC is legio. Leiers wat vir byna drie dekades weg was, keer terug en raak onmiddellik betrokke in die delikate, gekompliseerde en ongenaakbare onderhandelingsproses met die regering.

Terselfdertyd moet die ANC-leierskap alle aandag gee aan die baie praktiese probleme rondom die loodsing van die ANC. Aan die ander kant word De Klerk en sy ministers gerugsteun deur 'n gedugte amptenary en 'n geoliede party-masjinerie.

Basies verteenwoordig die onderhandelings vordering en deurbraak vir die ANC. Maar dis juis dié proses wat die ANC sy eerste en een van sy grootste probleme besorg.

Daar is 'n onheilspellende vertrouensgaping aan die ontwikkel tussen die leierskap en ondersteuners op grondvlak. Laasgenoemde se persepsie is dat die ANC te veel toegewings maak en die gewapende stryd opskort, terwyl die regering hulle uitoorlê en weier om beloftes oor die vrylating en terugkeer van gevangenes en uitgewekenes na te kom.

Die regering word ook geblameer vir die voortslepende geweld. ANC-ondersteuners wil weet: "Hoe kan ons dan onderhandel?"

Organisatories is daar wanorde en haakplekke. Van die beloofde een miljoen lede aan die einde van vanjaar, is nog skaars 150 000 gewerf.

Daar is menslike probleme om die uigewekenes, die binnelandse leierskap en die gewone ledetal in een, doeltreffende organisasie saam te snoer. Daar is ook probleme met samwerking en gebrek aan kommunikasie tussen die ANC en die UDF, Cosatu en die SAKP.

Finansieel benodig die totstandkoming van 'n doeltreffende ANC miljoene rand en word probleme ondervind om genoegsame fondse in te samel.

Die erns van die interne krisis word weerspieël deur skerp kritiese artikels in die September en Desember uitgawes van die pro-ANC tydskrif, "Work in Progress". Die artikels lui: "An ailing ANC: Does Nelson Mandela have a cure?" en "The ANC Consultative Conference: Can it blow some life in the movement?"

Die Desember-uitgawe kritiseer die mislukking van die lede-werwing, die gebrek aan kommunikasie tussen die hoofkantoor en streke en takke, die hooghartige manier van besluitneming op die hoogste vlak en die totale gebrek aan 'n behoorlik geformuleerde strategie en taktiek vir die volgende jaar.

**"Travelling with Mandela is like travelling with Elvis." - SAKP-leier en ANC-lid, Joe Slovo.**

**"Die seisoen van geweld is verby. Die tyd vir rekonstruksie en versoening is hier." - Staatspresident FW de Klerk in sy 2 Februarie toespraak.**



'n ANC-ondersteuner by 'n saamtrek in Soweto



Joe Slovo groet 'n MK-soldaat

**Die volgende uitgawe van Vrye Weekblad is 11 Januarie 1991**

# Die enigste groeiende Kommunisteparty

OP 29 Julie vanjaar is wêreldgeskiedenis gemaak toe die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party (SAKP) die eerste keer sedert sy verbanning in 1950 by 'n groot saamtrek buite Soweto herloods is. Dit het een van die min kommunistiese partye buite die Sowjet-Unie geword wat nog met dié naam en beleid voortgaan.

Die teenwoordigheid van Nelson Mandela en die ganse ANC-leierskap by dié saamtrek was 'n bewys dat die historiese alliansie tussen die SAKP en die ANC bly voortbestaan.

Al 22 lede van die SAKP se tussentydse leierskapkorps is ANC-lede, en agt van die 22 is ook lede van die ANC se uitvoerende komitee.

Die SAKP het veral sterk steun onder vakbonde, jeug- en civic-organisasies.

Die leier van die SAKP, Joe Slovo, en andere stel dit duidelik dat die SAKP se tweefase-strategie 'n ander Suid-Afrika as die ANC ten doel het. Hoewel die wreedhede van Stalinisme verwerp word, is die SAKP se boodskap dat die mislukking van kommunisme in Oos-Europa basies aan menslike foute, en nie die stelsel nie, te wyte is.

Op die oomblik is daar onsekerheid en meer vrae as antwoorde oor hóé die ANC/SAKP-alliansie na hul ontbanning en loodsing as openbare partye in die praktyk gaan funksioneer.

Terwyl daar op die hoogste vlak die nouste samewerking is, word die SAKP se rol in die ANC toenemend bevraagteken.

Die publisiteitsekretaris van die ANC, Pallo Jordan, bevraagteken dit of die SAKP werklik van sy Stalinisme en onverdraagsaamheid van die verlede afstand gedoen het.

Onder sekere ANC-lede word die dubbele rol van die SAKP bevraagteken, terwyl daar vanuit SAKP-geledere skerp kritiek kom omdat dié party nie behoorlik deur die ANC-leierskap gekonsulteer word nie, én oor die organisatoriese chaos binne die ANC.

Spanninge en verskille oor die rol van sekere SAKP-lede in die ANC, en hul rol in die isolasie van dr Allan Boesak, het in Oktober tot 'n openlike botsing in die Wes-Kaapse streek gelei. In die streeksverkiesing het ondersteuners van Boesak die SAKP-ondersteunende kandidate verslaan.

# Tien sterf elke dag

DIT was 'n jaar van bloed vir Suid-Afrika. Meer as 3 000 mense - gemiddeld tien elke dag - sterf in die politieke geweld wat die land soos 'n vloedgolf getref het.

Gedurende die vyf weke ná Staatspresident FW de Klerk se toespraak op 2 Februarie het ongeveer 200 mense in Bophuthatswana, Ciskei, Gazankulu, Katlehong, Kruispad en in verskeie dele van Natal gesterf. Aanvalle deur Zoeloe-impi's op townships en landelike gebiede in Natal het 180 uit die 200 lewens geëis.

Op 26 Maart word 11 mense wat aan 'n optog deelgeneem het, deur onluspolisie in Sebokeng in die Vaaldriehoek doodgeskiet. Die Goldstone-kommissie bevind hul optrede onregverdigbaar en die optrede van drie polisiemanne word na die prokureur-generaal verwys.

Op 22 Julie sterf 27 mense in Sebokeng in wat blyk 'n botsing tussen Inkatha- en ANC-ondersteuners te wees. Dit word eers as 'n geïsoleerde voorval beskou, maar vlae van geweld breek in die volgende paar weke oor die Oos-Rand, Wes-Rand en Soweto uit.

Die geweld het hierna onbeteueld toegeneem. Altesame 26 mense sterf op 'n trein by Denver-stasie in Johannesburg nadat vermomde mans passasiers koelbloedig doodgeskiet het. Baie het uit vrees vir hul lewens uit die trein gespring en is ernstig beseer.

Op 14 September brand lede van die Weermag op 'n skare mense los wat polisiemanne in 'n hostel vasgekeer het nadat dié lede Inkatha-impi's te hulp gesnel het. Altesame 42 mense sterf. Eers word net 'n militêre ondersoek gelas, en daarna 'n geregtelike ondersoek.

Daar word getuig dat die skare gaan sit het voor die skote gevuur is, dat geen vuurbevel gegee is nie en dat daar volgens etlike getuies geen regverdiging vir die weermagoptrede was nie. 'n Ondersoek na moontlike meineed deur 'n weermagoffisier word gelas.

'n Derde Mag word deur veral die ANC die skuld vir die aanhitsing van die geweld gegee. Daar is beskuldigings van geheime kampe in Namibia en in Noord-Natal. Hardnekkige gerugte van blankes met klapmusse wat tydens die geweld gesien word, duur tot aan die einde die jaar.

Etlike joernaliste lê verklarings by 'n onafhanklike organisasie af oor die beweerde voordeel van die polisie in Natal en Transvaal. Die bewerings word deur Adriaan Vlok, minister van Wet en Orde as "fabrikasies" afgemaak.

Die hoofrede vir die geweld word deur baie waarnemers teen die agtergrond van die gebrekkige steun vir Inkatha geplaas. Dit word bevestig deur 'n onlangse opname deur Market Research Africa wat bevind het dat Inkatha nie meer as twee persent steun buite Natal geniet nie. Daar word daarop gewys dat die aanvang van die geweld saamgeval het met die loods van 'n werwingsveldtog in Transvaal deur Inkatha.

Die regeringsmedia het die geweld grotendeels aan etniese geskille tussen Zoeloes en Xhosa's toegeskryf. Die haglike omstandighede in die hostelle en die hostelbewoner se isolasie van sy familie en die lewe in die townships word ook as oorsake genoem.

In meer algemene terme praat sommige swart kommentators van botsings tussen plattelandse en stedelike mentaliteite, en 'n tradisionele ingesteldheid teenoor die eise van 'n moderne, verwesterde bestaan.

Op plaaslike vlak is daar 'n aantal vredesinisiatiewe wat slaag, soos dié in Kagiso aan die Wes-Rand en Umfolozi in Natal, maar teen die einde van November het die dodetal in die geweld op 929 te staan gekom.

Vroeg in Desember breek die geweld opnuut aan die Oos-Rand uit, dié keer in Phola Park en Tokoza uit. Die sterftesyfer in die nuwe vlaag van geweld is oor die 100. Altesame 20 huise word ook in Bekkersdal afgebrand.

Volgens 'n woordvoerder van die polisie het 88 SAP-lede hul lewens dié jaar in onrusverwante voorvalle verloor. Gedurende Julie en Augustus alleen was 1 057 polisievoertuie in petrolbom-, klipgooi- en gewapende voorvalle betrokke.

'n Persverklaring van die Instituut vir Rasseaangeleenthede toon dat daar 222 aanvalle op die huise van swart polisiemanne was.



# Onderhandelings: 'n boodskap van hoop

DAAR is omtrent niks wat die onderhandelingsproses nog kan verongeluk nie. Dít ten spyte van die skrikwekkende geweld, konfrontasies en openbare aanvalle tussen regeringsleiers en die ANC en ernstige verskille tussen dié twee partye oor die interpretasie van ooreenkomste en ander sake.

Dié onvernietigbare proses is die groot boodskap van hoop van die afgelope jaar. Deur die vele opwindende en dramatiese gebeure - beide in die openbaar maar veral stilweg agter die skerms - stuur onderhandelings koersvas af op 'n nuwe, nie-rassige en onverdeelde Suid-Afrika.

Na afloop van die laaste openbare ontmoeting tussen De Klerk en Mandela op 26 November - hul vyftiende ontmoeting - is die twee leiers tans gewikkel in 'n reeks private gesprekke om die huidige skaakmat-situasie te ontsluit.

Nòg die regering, nòg die ANC kan dit bekostig dat die proses misluk. Daarom is dit seker dat 'n kompromie gevind sal word en dat die grondwetlike veelparty-konferensies teen Maart of April op dreef behoort te kom.

Die ooreenkomste in die Groote Schuur-Minuut van 4 Mei en die Pretoria-Minuut van 6 Augustus was belangrike deurbrake om struikelblokke tot ware onderhandelings tussen alle partye uit die weg te ruim.

Besluite is geneem oor die onderhandelingsproses tussen dié twee, gesamentlike werkskomitees is gestig en die prosedure en 'n tydrooster vir die vrylating en terugkeer van politieke gevangenes en uitgewekenes is opgestel.

Belangriker nog, die ANC het alle gewapende aksies en aanverwante aktiwiteite opgeskort.

Oor die interpretasie van laasgenoemde begrip is daar egter verskille en die regering weier dat die proses van vrylating en terugkeer kan begin voordat dit uitgestryk is.

Maar as 'n mens verby die kruitdampe van die talle aanvalle en beskuldigings op mekaar kyk, is daar dié verbasende gevolgtrekking: Dit was 'n jaar van wonderwerke.

Want tussen die ANC en die regering bestaan daar in wese reeds 'n proses van magsdeling en die begin van 'n vorm van gesamentlike regering.

Weg van die openbare oog en agter die skerms vind honderde informele ontmoetings tussen leiers en top-amptenare van die ANC en die regering plaas.

Nieteenstaande al die harde woorde, ontwikkel 'n persoonlike begrip en verstandhouding vir mekaar se probleme.

Die unieke verhouding tussen De Klerk en Mandela beteken eintlik dat Suid-Afrika in die praktyk 'n land met twee staatshoofde is.

Die ongelooflikste ontmoetings vind plaas, soos byvoorbeeld Thabo Mbeki, Joe Modise en Terror Lekota se verskeie gesprekke met regse blanke spoorwegwerkers wat bevrees is oor hul toekoms in 'n nie-rassige Suid-Afrika.

Oor sekere belangriker beleidsake en oor hoe 'n toekomstige grondwet daar moet uitsien, begin daar 'n konsensus ontwikkel terwyl verskille al hoe minder word.

Sake soos teenstrydige uitsprake oor 'n tussentydse regering en 'n grondwetgewende vergadering is nie onoorbrugbaar nie, en die grondslag vir kompromie bestaan reeds.

Kenmerkend van die besondere verhouding tussen die ANC en die Regering is dié onlangse opmerkings deur 'n bekende ANC-leier ná 'n bittere konfrontasie met die regering: "As die wêreld moes weet dat toe die konfrontasie op sy hewigste was, ons by minister so-en-so aan huis vir 'n partytjie was."

**"Dit was 'n jaar waarin 'n hele klomp politieke spoke doodgemaak is, maar nou leef ons met die geraamtes van die verlede en ons sukkel hoe om dit te hanteer. Deur ons verlede word die wedersydse aanvaarding van mekaar se geloofwaardigheid beduiwel en veroorsaak dit probleme met die skepping van stabiliteit en vaste strukture vir onderhandelinge." - Mede-direkteur van Idasa, Frederik van Zyl Slabbert, oor die jaar wat verby is.**



Slagoffers van die township-geweld lê by die Germiston-lykshuis

# Die wêreld het gewoel

INTERNASIONAAL word die eerste helfte van die jaar oorheers deur die babalaas van die Oos-Europeërs en die Sowjet-burgers na die Anno Mirabilis van 1989, toe die Kommunisme in duie gestort het.

Etniese geweld eis tientalle lewens dwarsdeur die Sowjet-Unie. Nadat 125 mense in Azerbaijan gesterf het in botsings teen Sowjet-magte, gee waarnemers Gorbatsjof enkele maande voor sy regering tot 'n val kom.

Op 11 Maart hou Litaue die eerste verkiesing in die Sowjet-Unie in 72 jaar, en die Kommuniste word oorweldigend verslaan. Kort hierna verklaar die republiek eensydig sy onafhanklikheid na 50 jaar van Sowjet-beheer.

Moskou hou sy magte eers uit Vilnius, en pas 'n ekonomiese blokkade toe. Later beset troepe die partykantoor, en jong Litauers word opgeroep vir diensplig. Gorbatsjof dreig dat Litaue 33 biljoen roebel sal moet betaal vir Sowjet-beleggings. Die Litauers sê 'n teeneis vir die deportasie van 500 000 Litauers in die dertigerjare sal ingestel word.

Gorbatsjof se grootste bondgenoot is pres George Bush van Amerika, wat weier om sanksies teen die Sowjet-Unie toe te pas.

In Mei word Gorbatsjof se sterkste kritikus, Boris Jeltsin tot hoof van die Russiese Republiek verkies. Tot aan die einde van die jaar treiter Jeltsin die Sowjet-president, deur eensydige ooreenkomste met ander republieke aan te gaan. In November kom die twee egter ooreen om saam te werk aan 'n 500-dae-plan om die Sowjet-ekonomie te red.

Gewone mense hou vir die eerste keer 'n betoging op die Rooi Plein in Moskou. Die ekonomie verswak verder. Die Bruto Nasionale Produk, wat in 1989 met 5 persent afgeneem het, daal met 'n verdere 10 persent. Hongersnood dreig. Die Berlynse stadsraad bied aan om die voorrade wat hulle geberg het in geval van 'n Sowjet-inval, na die Sowjet-Unie te stuur.

Elders in Oos-Europa word kommunisme verder afgetakel. Die Hongaarse parlement verbied die woord "elvtars" (kameraad) vir amptelike gebruik. "Genosse" (Duits) en "Tovarishch" (Slawiese tale) word die ongewildste woorde in die gebied.

Tsjeggo-Slowakye kort sy wapennywerheid ingrypend in. Altesame 75 000 van die 85 000 Stasilede in Oos-Duitsland word afgedank.

Mazowiecki in Pole skaf prysbeheer af, besnoei subsidies en slaan die swart mark hok. Werkloosheid spring in Pole van 400 000 na 2 miljoen. Pryse styg met 79 persent, maar die winkelrakke word feitlik oornag gevul met vars vleis, vrugte, en koffie. Solidariteit se Lech Walesa word in Desember tot president verkies.

Burgeroorlog dreig in Albanië, Roemenië en Joego-Slawië.

Die Sowjet-Unie sny aan sy subsidie van 5 biljoen dollar aan Kuba. Die helfte van Kuba se vragmotors staan sonder onderdele, 700 000 fietse word ingevoer. Die Sandinistas wen die meeste stemme in die eerste vrye verkiesing in Nicaragua, maar word deur 'n koalisie verslaan.

Op 3 Oktober word 'n nuwe reus gebore: 'n verenigde Duitsland. "Two plus four"-onderhandelinge tussen die twee Duitslande en die vier geallieerde magte wat Berlyn in die Tweede Wêreldoorlog beset het, lei tot monetêre vereniging op 1 Julie, met die Deutschmark wat die algemene geldeenheid word.

Die nuwe Duitsland is met sy 78 miljoen die grootste staat in Europa, maar daar wag baie probleme. Die rekening van die unifikasie gaan R150 biljoen beloop.

In Desember verslaan Helmut Kohl se Christen-Demokrate die Sosiaal-Demokratiese Party van Oskar Lafontaine oorweldigend.

Die Sosiaal-Demokratiese Party in Brittanje vaar nog slegter - in Junie word dit ontbind. In April ontaard 'n betoging teen die "poll tax" in oproer in Londen se Weseinde. Die skare bestorm 10 Downing Street, maar die polisie keer hulle weg. In Augustus sterf een van Thatcher se vriende in 'n bomaanval deur die Ierse Republikeinse Leër.

'n Stagnerende ekonomie, die ongewilde "poll tax" en weerstand teen Europese integrasie, vermeng met die ergernis van 'n kabaal van agterbankers en gewese ministers, bring Maggie Thatcher tot 'n val. Twee weke tevore het haar onderpremier, Sir Geoffry Howe, haar veroordeel oor haar weerstand teen Europese integrasie. Michael Heseltine daag haar uit tot die leierskap, hy verloor maar ingevolge die reëls moet daar 'n tweede ronde wees.

Thatcher bedank ten einde 'n skeuring in die party te voorkom. "Ek sal haar mis," sê George Bush.

Die erfenis van Yalta en Potsdam gaan finaal tot niet met die aanvaarding deur 33 lande van die Verdrag van Parys, wat die klem sterk laat val op liberale waardes soos menseregte en die vryheid van spraak.

In Amerika word "Japan-bashing" die in-ding wanneer die land ontdek dat Japan sy bankier geword het, dat sy rentekoerse afhang van die houdings van beleggers en beleidmakers in Japan.

Haar versuim om 'n poel van briljante tegnokrate, pleks van 'n groep korrupte opportuniste, aan die bewind te stel om al haar progressiewe beloftes na te kom, lei uiteindelik tot Benazhir Bhutto se val na twintig maande as premier van Pakistan.



Oorlog dreig: Amerikaanse helikopters tydens 'n oefening in Saoedi-Arabië (Foto: AP)



Lech Walesa na sy oorwinning (Foto: AP)

**"What a waste of time, not being a slut." - Kim Basinger in People Magazine.**

# Oë op Irak

OP 2 Augustus val Irak Koeweit binne - en die wêreld staar sy eerste internasionale krisis sedert die Koue Oorlog in die gesig. In die daaropvolgende maande staan die geallieerde Westerse magte op die drumpel van 'n grootskaalse oorlog in die Persiese Golf.

Pres Saddam Hoesein van Irak kondig aan dat hy geen "inmenging" van die Weste - veral Amerika - sal duld nie. Maar die Arabiese state is verdeeld in hul reaksie totdat die Arabiese Liga Irak se optrede veroordeel. Moeammar Gaddafi van Libië - tot die verbasing van die ganse wêreld - voeg sy stem by en veroordeel Irak.

Die Verenigde State doen 'n beroep op die VVO om onmiddellik sanksies op Irak toe te pas - dié beroep word deur alle lede van die VVO, behalwe Kuba en Jemen, ondersteun, en op 6 Augustus word 'n resolusie aanvaar om die in- en uitvoer van produkte na Irak te verbied. Hoewel verskillende diplomatiese pogings aangewend word om 'n oorlog te vermy, met vergaderings tussen Hoesein en Sowjet-leiers en 'n besoek aan die VSA deur koning Hoesein van Jordanië, het 'n oorlog onafwendbaar gelyk. Verskeie diplomate en politici, onder andere Jesse Jackson van Amerika en Edward Heath, voormalige eerste minister van Brittanje, besoek Irak in 'n poging om Westerse gyselaars se vryheid te bewerkstellig. Hoesein laat 'n paar kinders en vroue toe om saam met Jackson die land te verlaat.

Teen die begin van September het die prys van olie per vat verdubbel en veroorsaak dat petrolpryse dwarsoor die wêreld skerp styg. Irak nooi Derde Wêreld-lande uit om gratis olie te kry en begrawe die strydbyl met Iran - nadat daar agt jaar lank oorlog was tussen dié twee lande. Intussen grom Amerika aanhoudend - ondanks die feit dat die publiek se ondersteuning vir 'n oorlog skerp afneem.

Teen die einde van November word die "Pause for Peace"-resolusie deur die VVO aanvaar wat Irak tot 15 Januarie 1991 grasie gee om uit Koeweit te onttrek en Hoesein kondig aan dat alle Westerse-gyselaars - ongeveer 3 000 - teen Kersfees vrygelaat sal word.

# Aids: dit verdubbel nou elke agt maande

DIE jaar 1990 was 'n waterskeiding vir Aids in Suid-Afrika - 'n jaar waarin die land wêreldwye erkenning ontvang het vir sy pogings om dié siekte te bekamp. Die hoeveelheid lyers het egter verdubbel.

Vir die eerste keer is Aids onder meer swart, heteroseksuele mense gediagnoseer as onder wit, homoseksuele mans. Vir die eerste keer sedert 1982, toe die eerste Aids-gevalle ontdek is, is daar nou meer swartmense wat Aids het as witmense.

Volgens die gesondheidsdepartement van die Johannesburgse stadsraad is die besmetting van heteroseksuele persone uiters ontstellend omdat dit moeiliker is om Aids onder dié gemeenskap te bekamp.

Daarbenewens het Kwazulu-Natal die Aids-sentrum van Suid-Afrika geword waar die siekte besig is om vinnig onder die heteroseksuele gemeenskap te versprei en ernstige gesondheidsgevare vir die toekoms inhou.

Volgens die jongste syfers van die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling is daar tans 574 Aids-gevalle in Suid-Afrika.

Dr Nicky Padayachee van die Johannesburgse gesondheidsdepartement sê HIV-besmetting verdubbel elke agt maande. Hy glo daar is tans 100 000 mense wat met die virus besmet is.

Padayachee sê Suid-Afrika se toelating tot die wêreldgemeenskap se stryd teen die verspreiding van Aids, was een van die hoogtepunte van die jaar.

Suid-Afrika, verteenwoordig deur Padayachee en ander medici, het aan minstens ses konferensies dwarsoor die wêreld deelgeneem.

"Ons was dwarsoor die wêreld welkom waar Aids bespreek is. Die eerste hiervan was 'n konferensie in Februarie in Gabon in Wes-Afrika. Daarna is ons in Junie na die negende internasionale Aids-kongres in San Franscisco. Verder is ons Augustus na twee konferensies in Atlanta en Los Angeles genooi. Suid-Afrika is ook verteenwoordig by 'n Aids-konferensie in Zaïre."

Dit is die eerste keer dat Suid-Afrika genooi is om aan kongresse in Afrika deel te neem, terwyl dié land self ses gaste van Wes-Afrika ontvang het op "'n kyk en leer"-ekspedisie.

Padayachee en dr Ruben Sher van die Aids-Sentrum glo dat daar nie genoeg geld op Aids-bekamping spandeer word nie.

Sher sê: "Die finansiering van Aids is hopeloos onvoldoende. Ons moet almal besef dat Aids 'n volksepidemie is wat 'n totale aanslag nodig het om te bekamp."

Die staat het vanjaar R5,4 miljoen op die bekamping van Aids gespandeer.

Die gevare waaraan mediese personeel onderwerp word in die behandeling van Aids-pasiënte het groot omstredenheid veroorsaak toe doktors by Baragwanath-Hospitaal in Soweto geweier het om dié mense te behandel omdat hulle besmet kan word as gevolg van "naelsteekwonde". Gesondheidswerkers eis dat hulle die reg moet hê om nie sulke mense te behandel nie, maar Sher stel voor dat hulle versekering kry en vergoeding betaal word vir die risiko wat hulle loop.

Na raming is Suid-Afrika tussen drie en vyf jaar agter ander Afrika-lande wat die verspreiding van die Aids-epidemie betref. Daar is volgens kenners steeds tyd om iets daadwerkliks daaraan te doen.

# *Een van die grootste redes waarom ons in groot ondernemings glo, is ons kleingoed.*

Die mooiste erfenis wat ons ons kinders kan nalaat, is 'n vreedsame, welvarende land. En in die skepping van stabiliteit en welvaart speel groot ondernemings 'n onmisbare rol.

Eerstens is dit groot ondernemings wat 'n klein landjie soos Suid-Afrika in staat stel om suksesvol met internasionale nywerheidsreuse mee te ding en daarmee enorme bedrae aan buitelandse inkomste vir ons land te verdien.

En tweedens is dit groot ondernemings wat die groot en stabiele afsetbasis tot stand bring waarop middelslag- en klein ondernemings so kan groei dat hulle óók ware welvaart skep deur beduidende getalle nuwe werksgeleenthede te skep.



*Sakeleiers van môre besig om te speel.*

'n Gesonde, moderne ekonomie floreer net op 'n lewenskragtige mengsel van groot, middelslag- en klein ondernemings wat internasionaal met die bestes en plaaslik met mekaar kan meeding tot die ekonomiese voordeel van elke Suid-Afrikaner.

As klein ondernemings die lewensbloed van ekonomiese welvaart is, is groot ondernemings die ruggraat.

En as ons lief is vir ons kleingoed, moet ons groot dink.

ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA

KLERCK & WHITE · SAATCHI & SAATCHI AGENTSKAP 17899

# Regses se geweldplanne val plat

SAAM met die groeiende demokratisering van Suid-Afrikaanse politiek, het regse bewegings ook in sterkte en getal gegroei - in so 'n mate dat daar vandag sowat 98 regse partye en -groepe bestaan. Dié syfer sluit ook drie- of vier-man selle, wat 'n naam het, 'n program van aksie en gereeld ontmoet, in.

Wye persdekking, nasionaal en internasionaal is in die eerste helfte van die jaar aan dié groepe gegee weens hul geweld-uitsprake en dade van terreur.

Vroeg in die jaar is die doodskis van 'n kind en 30 silwerstukke by die Unie-gebou afgelewer - as simbool van die volksmoord wat die regering besig is om te pleeg deur met die ANC te onderhandel.

Groot optogte, saamtrekke en kommando-oefeninge, bomontploffings en selfs regsgeïnspireerde moorde was die koerante vol.

Sondagskoolkinders in parke en swart mynwerkers in myne in die Vrystaat is aangeval en 'n swart taxi-bestuurder is as "oefenlopie" vermoor deur 'n lid van die Orde van die Dood.

Die leier van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB), Eugene TerreBlanche, het selfs London toe gevlieg "om die boere se saak te gaan stel" en 'n afvaardiging van die Herstigte Nasionale Party (HNP), die Boerestaat Party en die hoof van die kommando's van die AWB het die Staatspresident gaan sien om hom te waarsku oor die "woede van die Boere" en te vra vir 'n wit tuisland.

Daar was vanjaar altesame 53 regse terreur-dade - sowat 15 persent van alle dade van terreur wat vanjaar gepleeg is.

Nou, skaars drie maande nadat die laaste "wit-bom" ontplof het, het die polisie reeds 85 persent van dié dade opgelos of mense in verband met voorvalle van regse terreur in hegtenis geneem en aangekla.

'n Politieke risiko-konsultant van Pretoria, Wim Booyse, meen dat die polisie "veel meer sukses" met die oplossing van regse terreurdade behaal het as met terreurdade wat deur die ANC gepleeg is. Slegs agt dade van terreur is nog onopgelos.

Hoewel die AWB reeds sedert 1974 bestaan, het dié organisasies eers vanjaar werklik begin nuus maak deur hul optredes en openbare uitsprake.

Booyse meen dat die Jani Allen-voorval verlede jaar, toe daar bewerings was oor 'n verhouding tussen haar en TerreBlanche, die "diaspora in regse geledere was". Tot met dié sage was die AWB die "baarmoeder van die regses", maar hierna "het die eers redelik eenvormige regse beweging in splintergroepe opgebreek".

Maart tot Julie vanjaar was die maande waarin die meeste regse dade van terreur gepleeg is. Tans lyk dit egter of die regses se fut uit is.

Die afgelope twee maande het talle regses in die hof verskyn. Die meeste regse voortvlugtendes is aangekeer en die massamoordenaar Barend Strydom en Piet "Skiet" Rudolph het beide gesê dat hulle nie meer dink gewelddadige optrede is die antwoord op die regering se oorgawe nie.

AWB- en ander regse saamtrekke trek ook die afgelope tyd minder mense as voorheen.

Van Augustus tot November vanjaar het die geweldsklem verskuif. Toe die Wet op Aparte Geriewe en ander apartheidswette geskrap is het regses hul teikens verander van duidelike politieke teikens, soos NP-kantore en swart hotelle, na aanvalle op swart mense of -kinders.

Booyse het ook gesê dat regse groepe vanjaar reeds meer dade van terreur gepleeg het as die ANC tussen 1976 en 1980 tydens sy gewapende stryd. Booyse verwag dat toekomstige optredes al meer gesofistikeerd sal raak en moontlik sal bestaan uit sluipmoord-aanvalle.



Piet "Skiet" Rudolph




DIE AWB-MEDALJEPARADE

"Whites are fellow-South Africans and we want them to feel safe and that we appreciate the contribution they have made towards the development of the country." - ANC vise-president, Nelson Mandela, na sy vrylating op 11 Februarie.

# Moratorium knou sport in SA

POSITIEWE politieke skuiwe het die hoop laat opvlam dat Suid-Afrika 'n spoedige hertoetrede tot die internasionale sport-arena sou maak. Die sport-moratorium het dié hoop die nek ingeslaan.

Die National Olympic and Sports Congress het alle amptelike kontak van Suid-Afrika met die res van die wêreld probeer verhinder en groot welslae behaal.

Van internasionale mededinging was daar vanjaar min sprake. Twee van die land se belangrikste sportgebeurtenisse, die Rapport-fietstoer en die SA tennis-ope, is van al hul glans ontneem deurdat geen oorsese deelnemers hier toegelaat is nie.

Slegs 24 oorsese spelers is toegelaat om aan die Sonskyn-gholfreeks deel te neem, internasionale boksgevegte in Suid Afrika is voorlopig gestaak en van die beoogde besoek deur 'n top-rugbyland of 'n saamgestelde internasionale span het niks gekom nie.

Dr Danie Craven, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, het ná die Harare-sportberaad in November - waar hy uitgelag is toe hy gesê het apartheid is dood - verklaar dat hy hom nie verder aan die moratorium gaan steur nie, en beslis volgende jaar 'n oorsese span hierheen gaan nooi.

Daar is bespiegel dat dit die All Blacks sou wees, maar die Nieu-Seelandse Rugbyunie het dit ontken. Nou lyk dit asof dit Frankryk kan wees.

Die Harare-beraad het verskeie ligpunte opgelewer en verskeie sportsoorte tot op die rand van nie-rassigheid gevoer. Sokker en amateurboks het die voortou geneem in pogings om weg te doen met aparte beheerliggame vir aparte bevolkingsgroepe.

Of dié verwikkelinge in 1991 tot die beëindiging van die moratorium gaan lei, sal die tyd moet leer. 1990 het gewys dat die toekoms van sport in Suid-Afrika nie in die hande van die land se sportlui is nie, maar deur politici bepaal gaan word.



# Boikotte laat swart rade ineenstort

VANJAAR het die boikot-aksies in swart townships, wat al ses jaar lank teen hoë huurgelde, dienstegeld en buitensporige water- en elektrisiteitsrekeninge gevoer word, 'n hoogtepunt bereik.

Volgens 'n verslag van die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) het 35 townships aan die begin van Mei aan die boikot deelgeneem. In Junie het die getal gegroei tot 45, en in die daaropvolgende maand was dit 49.

Die weiering van verskeie gemeenskappe om buitensporige en lank agterstallige water- en elektrisiteitsrekenings te betaal, het veral in die tweede helfte van die jaar op 'n water-en-ligte-"oorlog" uitgeloop, toe die TPA gesê het dat hy nie langer agterstallige rekenings kan finansier nie.

Blanke stadsrade, en ook enkele swart stadsrade het die een na die ander begin om dienste na die townships af te sny, veral op die Transvaalse platteland met sy KP-gedomineerde stadsrade.

Die township Tumahole in Parys in die Vrystaat was die eerste swart gemeenskap wat onder dié taktiek moes deurloop. Die inwoners se boikot teen die buitensporige rekenings het in April 1984 begin en in September vanjaar eers geëindig. Soos baie ander townships hierna, het hulle ook 'n verbruikersboikot in Parys geloods nadat water en ligte vir drie dae afgesny is.

Die huurboikot in Soweto, waaraan 'n hele aantal inwoners na vier jaar nog deelgeneem het, is na intense onderhandelinge tussen afvaardigings van Eskom, die TPA en die Soweto People's Delegation beëindig. Toe is die water- en ligte in verskeie gebiede van Soweto ook al afgesny.

Volgens die ooreekoms wat bereik is, sou die agterstallige huurgeld van R55 miljoen afgeskryf word.

Eskom het aangekondig dat hy 30 townships weens agterstallige huurrekenings gaan dagvaar. In Desember is ses townships se stadsrade deur die hof beveel om agterstallige kragrekeninge te betaal.

Die Civic Associations of Southern Transvaal, wat in September gestig is, het na vore getree as die spreekbuis vir die wydverspreide deelnemers aan die boikotaksies. Townships het die volgende geëis:

* Die skrapping van swart plaaslike owerhede en die bedanking van raadslede.
* Die beëindiging van "mini-noodtoestande", die beëindiging van die hostelstelsel en die verwydering van doringdraad rondom hostelle.
* Die skrapping van diskrimineerende wette soos die Groepsgebiedewet.

Huurboikotte het ook gelei tot herhaaldelike oproepe tot raadslede om te bedank. Tom Mboya, gewese burgermeester van Daveyton en voorsitter van die United Municipalities of South Africa (Umsa) het bedank uit sy pos weens druk uit sy gemeenskap.

Die swart plaaslike bestuurstelsel dreig om ineen te stort. Reeds 40 persent van die 262 swart plaaslike besture regoor die land het verbrokkel weens die grootskaalse bedanking van raadslede.

# Namibia skud sy koloniale juk af

SKUINS na middernag, op 21 Maart vanjaar, is die Republiek van Namibia se vlag die eerste keer amptelik gehys en dié land het die laaste in Afrika geword om sy koloniale juk af te skud. Duisende internasionale ampsdraers het die onafhanklikheidsvieringe bygewoon en Namibia met ope arms in hul geledere ontvang.

Kort daarna moes Suid-Afrikaners toekyk hoe hul "broers" oorkant die grens die een internasionale rugby- en ander- sportspan na die ander lok en lidmaatskap van die vernaamste internasionale- en Afrika- organisasies bekom.

Nadat UNTAG (die VVO se 435-vredesmag) grotendeels onttrek het, het die sowat 1,5 miljoen Namibiers en hul nuwe Swapo-regering die jaar stil-stil met die werklikhede van selfregering en hul model-grondwet te versoen.

Verskeie staatsbesoeke na onder meer buurlande was op die agenda, maar die totstandkoming van nuwe regeringstrukture was die grootste en mees tasbare hervorming, hoewel die noodsaaklike proses duur was.

Sonder die reusagtige jaarlikse bydrae deur Suid-Afrika tot sy staatskas en die miljoene wat die SA Weermag in die noorde van die land ingepomp het, was dit gou duidelik dat harde bene gekou sal word. Nie veel het gekom van die buiteland se beloftes van omvangryke finansiele en tegniese hulpverlening nie.

Die begrotingsdebat in Mei het daarom wyd uitgekring om die prioriteite en rigting van die jong nasie te bepaal. Die spook van vermeende Swapo-aangehoudenes tydens die bosoorlog het saam met die kwessie van nasionale versoening en nasiebou opgeduik.

Moeilike keuses oor die infrastruktuur en onmin oor die streekregering het dit verder uitgerek. 'n Minderheidsvraagstuk het amper tot groot drama gelei nadat 'n faksie van die Rehoboth-basters geweier het om die nuwe regering te erken en gedreig het om hulself onafhanklik te verklaar.

Uiteindelik het onderwys en die totstandkoming van 'n verenigde weermag in die begroting voorrang geniet. Die reuse toekenning aan die weermag is vir baie Namibiërs nou nog verdag aangesien die beskeie polisiemag kwalik die groeiende misdaad te midde van stygende werkloosheid kan beheer.

Maar dit het President Sam Nujoma in staat gestel om die afgelope maand sy stem dik te maak teenoor buitelandse visbote wat voortgaan om die land se visbronne te plunder en 'n vinger na Suid-Afrika se beweerde klandestiene rondkarwei van voormalige "Koevoet" magte te wys. Hy het ook nie gehuiwer om die talle Suid-Afrikaners in die land tot orde te roep nie.

Samesprekings met Suid-Afrika het veral gekonsentreer rondom pogings om die Walvisbaai-kwessie te skik, uitruil-ooreenkomste oor BSB-agente wat hul vuilwerk in die buurland gedoen het en na bewering nog doen en dan die talle ekonomiese bande tussen die twee lande.

Maar na al die voorafgaande bohaai oor moontlike nasionalisering doen die groot multinasionale maatskappye steeds sake en is die vakbonde steeds wettig, hoewel baie vra of Namibia regtig 'n standhoudende demokrasie sal kan bekostig.



Namibia word onafhanklik

# Staatsgrepe en woelinge

PRES FW de Klerk se beloftes van 'n nuwe Suid-Afrika was skaars koud toe die tuislandgemoedere begin smeul. Vrees dat hulle agtergelaat sal word in die onderhandelingsproses of dat hul leiers deur die regering gekoöpteer sal word asook grootskaalse ontevredenheid met die korrupsie van hul leiers het Verwoerd se tuislanddroom in 'n nagmerrie omskep.

Die meer as 20 miljoen van Suid-Afrika se nagenoeg 36 miljoen inwoners wat die afgelope 30 jaar in 13 persent van die land in tien eenpartystate ingeprop is, wou nie langer wag nie.

Desondanks staan die Wet op Bantoe-owerhede van 1951 en die wette wat die stigting van swart state reël 'n jaar later nog vas en het geen bantoestan, buiten Transkei, hom nog volledig tot hersamesmelting verbind nie.

Afgesien van die inwoners se politieke aspirasies, is dit duidelik dat die lewensmiddele in die tuislande die bevolking nie langer kan steun nie. Suid-Afrika se jaarlikse bydrae van R5,5 biljoen tot hul ekonomiese welsyn kan ook nie volgehou word nie.

'n Maand na Mandela se vrylating is die Ciskeise regering in 'n staatsgreep omvergewerp en vervang deur 'n militêre raad. Intussen het Bophuthatswana tot uitbarsting gekom en tientalle het gesneuwel toe die opstand hardhandig deur die land se weermag onderdruk is. Gerugte van 'n staatsgreep het nou nog nie gaan lê nie.

Ook in een van die ander onafhanklike tuislande, Venda, het die ontevredenheid, veral oor korrupsie, ongekende afmetings aangeneem. ANC-steun het by die dag toegeneem, stakings en veiligheidsmagoptrede het op mekaar gevolg en nog 'n maand later het die militêre regering van kol Gabriel Ramushwana die bewind oorgeneem. Hoewel gemoedere daarna bedaar het, was daar aantygings dat die staatsgreep deur Suid-Afrika bemiddel is om 'n ANC-gesinde bewindsoorname te fnuik.

Gerugte van 'n staatsgreep in Transkei is die hele jaar deur gefluister. Beweerde samesweerders is selfs in hegtenis geneem en uiteindelik het 'n mislukte poging deur 'n lid van die militêre raad werklikheid geword. Beweringe van Suid-Afrikaanse samesweerdery in die poging om die ANC-simpatieke regering van genl Bantu Holomisa omver te werp, het betrekkinge tussen die twee lande verder versuur.

Onder die afhanklike bantoestans het die bloedvergieting in en om KwaZulu wêreldwyd in die kalklig gebly. Hoofminister Mangosuthu Buthelezi en die ANC-vise-president, Nelson Mandela, se weiering om gesprek te voer, tesame met getuienis dat Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte die onmin aanblaas in 'n poging tot 'n strategie van "verdeel-en-heers", het daagliks nuusopskrifte saam met skrikwekkende dodetalle gehaal.

Die "etniese" en "politieke" konflik het tot wyd buite die grense van die sogenaamde tuisland weerklank gevind en die lewens van talle mense intens geraak. Maar die Inkatha-regering is steeds op vriendelike voet met Suid-Afrika.

Onder die ander vyf het veral Gazankulu en Qwaqwa ook nie aan die onmin ontsnap nie. Hoofminister Hudson Ntsanwisi van Gazankulu het laat in Februarie op vlug geslaan uit vrees vir sy lewe.

Die enigste tuislande waar daar vrede geheers het, het almal regerings wat die ANC in mindere of meerdere mate steun: KaNgwane, KwaNdebele en selfs Lebowa.

Dit is ook hierdie tuislande, saam met Transkei, wat die regering se aanvanklike planne om 'n front met tuislandregerings te vorm, 'n bietjie deurmekaar gekrap het.



Sam en FW: ou vyande word vriende

# Plakkers en konflik

SOOS wette en regulasies verslap, het Suid-Afrika se pas van verstedeliking versnel. Maar behuisingsprojekte het nie daarmee saam toegeneem nie. Soos in die res van die Derde Wêreld is plakkerskampe by elke stad en dorp nou besig om 'n algemene gesig te word - en so ook die probleme wat daarmee saamgaan.

Deur die jaar het plakkers in verskeie dele van die land die reg verkry om op hul grond aan te bly nadat die UDF in Julie 'n "land invasion"-veldtog geloods het. Dié veldtog gaan gepaard met spontane optogte in Durban en Johannesburg in 'n poging om die erns van die plakkers se probleme onder die owerhede se aandag te bring.

In Augustus onderneem die regering by 'n vergadering tussen die UDF en die Transvaalse Provinsiale Administrasie om nie plakkershuise plat te stoot sonder konsultasie nie.

Eindelik blyk dit 'n futiele oorwinning vir die plakkers te wees, want die regering behou steeds die reg om plakkerskampe te vernietig - ná konsultasie. Die bloedvergieting en smart duur dwarsdeur die jaar voort - plakkershuise in Durban, Midrand, Soshanguve, Brits, Heidelberg en die Oos- en Wes-Rand word platgestoot.

Op die vergadering tussen die UDF, onder leiding van Albertina Sisulu, en die TPA, gelei deur Hernus Kriel, minister van Binnelandse Sake, word ook besluit om 'n werkgroep te stig om UDF-voorstelle vir 'n Grondkomissie te bespreek.

Dié stap is voorafgegaan deur die stigting van 'n ontwikkelingstrust onder die voorsitterskap van Jan Steyn vroeër dié jaar om grond te identifiseer vir informele behuising, en vir die eerste keer erken die staat dat ordelike verstedeliking 'n mensliker beleid as instromingsbeheer is.

Die lyding en angs van plakkers en hawelose mense is op roerende manier in Julie geïllustreer toe talle vroue in Dobsonville, Soweto hulle kaal uitgetrek het in 'n wanhopige poging om stootskrapers te keer.

Op Midrand bots plakkers vir die eerste keer met wit inwoners - Midrand se "maplotters" en Sandton se mense kla oor die teenwoordigheid van plakkers op hul voorstoepe. Regter Margo versoek die stadsraad om sy besluit om Snake Park se huise plat te stoot, onbepaald uit te stel: "In die naam van genade, is daar nie iets wat vir dié mense gedoen kan word nie. Dit is koud buite."

By Orange Farm en Houtbaai word dié situasie herhaal. By Orange Farm het die staat onderneem om alle grond wat deur plakkers beset word en in besit van witmense is, te koop. In Houtbaai is 'n gesamentlike komitee tussen die blanke inwoners en die plakkers saamgestel nadat die owerhede onderneem het om grond vir hervestiging te identifiseer.

In Wattville, Benoni word plakkers toegelaat om op grond te woon en die stadsraad van Benoni onderneem om dienste te verskaf en paaie, riool werke en water aan te lê. Verder onderneem die TPA om 107 000 hektaar opsy te sit om plakkers wat onwettig op grond bly, te huisves.

Volgens die Stedelike Stigting is daar tans 4,2 miljoen plakkers in die PWV- en Durban-gebied.

# Moordbendes en Harms

DIE nuusgebeure van 1990 is naas die ingrypende hervormingsstappe deur Staatspresident FW de Klerk en die groeiende vlaag van geweld oorheers deur die onthullings rondom moordbendes en die aanstelling van die Harms-kommissie.

De Klerk het as deel van sy uitgebreide hervormingspakket van 2 Februarie die kommissie aangestel met die opdrag om ondersoek in te stel en verslag te doen oor die voorkoms van politieke moorde binne die landsgrense.

De Klerk het geswig voor geweldige druk wat sedert November 1989 met die onthullings van kapt Dirk Coetzee in Vrye Weekblad en die daaropvolgende ontmaskering van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) op hom geplaas is.

Menseregte-organisasies het die aanstelling van die kommissie verwelkom, maar bedenkinge gehad oor regter Louis Harms se vermoë om die bewerings "tot op die been toe oop te vlek", soos De Klerk belowe het, en die beperking op die kommissie om slegs binnelandse operasies te ondersoek.

Harms is aangestel te midde van heftige ontkennings deur die owerhede dat moordbendes bestaan, hoewel meer as 100 aktiviste die afgelope 15 jaar vermoor is of verdwyn het sonder dat enige skuldiges aan die man gebring is.

Die Harms-kommissie is aangestel met drie gewese veiligheidspolisiemanne - Coetzee, Almond Nofomela en David Tshikalange - wat erken het dat hulle lede van dieselfde moordbende was en verskeie anti-apartheidsaktiviste vermoor het.

Menseregte-prokureurs was dit eens dat Harms een van die belangrikste ondersoekliggame in ons regsgeskiedenis moes lei en op die vooraand van 'n nuwe politieke bedeling die kanker van staatsgesteunde geweld moes uitroei.

Die Harms-kommissie het tientalle getuies geroep en vir ses maande lank getuienis oor moordbendes aangehoor. Benewens die tekortkoming dat 'n span polisiemanne die aantygings teen die staat moes ondersoek, is die getuienis aangebied deur die prokureur-generaal van die Vrystaat, adv Tim McNally, wat volgens sy eie interdepartementele verslag vooraf reeds besluit het dat Coetzee en Nofomela lieg en moordbendes nie bestaan nie.

Harms self is in die loop van die verrigtinge hewig gekritiseer vir sy houding teenoor sekere getuies en die onvermoë van sy kommissie om getuienis te ontbloot. So byvoorbeeld het hy vir Coetzee in Londen gesê dat hy "crap" praat en nagelaat om van die BSB-getuies te laat kruisondervra.

Die uitslag van Harms-kommissie was te wagte: geen moordbendes het in die polisie bestaan nie. Sonder 'n greintjie sielkundige getuienis bevind Harms dat Coetzee psigopatiese neigings het en dat Nofomela en Tshikelange lieg.

Harms sê die feit dat die ANC-lede wat Coetzee sê hulel vermoor het, spoorloos verdwyn het, bloot te wyte is aan die feit dat die polisie nie hul adresse kon opspoor nie. 'n Duidelike en blatante sameswering deur die polisie om te lieg, word onbeantwoord deur Harms gelaat.

Wat die BSB betref, bevind Harms dat dié geheimsinnige organisasie homself die reg toegeëin het om persone te verhoor en te straf. Die BSB het sy eie politieke agenda gehad en bevele van die Staatspresident geïgnoreer.

Menseregte-organisasies, die ANC en verskeie ander politieke organisasies het na die Harms-verslag volgehou dat moordbendes in die polisie bestaan en gesê dat daar is genoegsame getuienis om dié vermoede te bevestig.

Daar het waarskynlik meer inligting in die media oor die bestaan en optrede van moordbendes na vore gekom as in die Harms-kommissie self. Koerante soos Vrye Weekblad en Sunday Star het 'n belangrike rol gespeel.

Onderhoude met minstens drie gewese lede van die BSB het 'n verhaal vertel van 'n organisasie wie se tentakels tot in Europa en midde-Afrika strek, van meesterplanne vir ontwrigting en destabilisasie van buurstate, van die chaos wat die afgelope jaar binne die BSB heers en etlike van sy moordplanne.

So byvoorbeeld het die gewese BSB-lid Willie van Deventer aan Vrye Weekblad vertel dat die BSB dr Fabian en Florence Ribeiro in Desember 1986 vermoor het. Die Harms-kommissie het ondersoek na dié moorde ingestel en in sy verslag lê Harms die blaam vir die moord voor die deur van die BSB.

Malan het in Julie vanjaar bekend gemaak dat die BSB ontbind. Hardnekkinge gerugte hou vol dat die BSB steeds opereer en betrokke kan wees by die wydverspreide geweld.

Suid-Afrikaners het ook vroeër vanjaar gehoor van 'n spioenasienes by die Johannesburgse stadsraad wat op anti-apartheidsaktiviste gespioeneer en noue bande met die BSB gehad het. Duisende rande van die belastingbetaler se geld is vermors.

Die Hiemstra-kommissie van ondersoek het bevind dat vier senior amptenare van die stadsraad, onder meer die stadsklerk, Manie Venter, en die direkteur van sekuriteitsdienste, John Pearce, verantwoordelik gehou moet word vir die spioenasie-aktiwiteite.

Slegs Pearce gaan interdepartementeel vervolg word, en wat Venter betref, is hy met 'n jaar vakansie vir sy James Bond-kaperjolle vergoed. Hy tree egter met vervroegde pensioen af en ontvang 'n goue handdruk van R750 000 en 'n maandelikse pensioen van R13 000.




# NG Kerk hoofspeler in drama

'N JAAR van hoogdrama op die kerktoneel van Suid-Afrika is verby, waarin die invloed van die apartheidserfenis op kerke by tye soos 'n tragedie ontvou het, en by tye die vorm van 'n pynlike ontdekkingsreis na binne aangeneem het.

En weer eens was dit die NG Kerk-familie wat die hoofrol gespeel het. Moontlik omdat dit vanjaar sinode-jaar vir al vier die familielede van die Kerk was. Die drama het begin by die besluit van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika (NGKA) om saam die Verenigende Gereformeerde Kerk te vorm. Daar is besluit om die stap te voltrek by 'n stigting in Oktober.

Allerhande kerkregtelike probleme het egter vroeg-vroeg in die jaar begin opduik. Soos 'n dispuut binne die NGKA oor die vraag of die toevoeging van die Sendingkerk se vierde belydenisskrif, die Belydenis van Belhar, tot die konsepkerkorde van die nuwe kerk, moontlik is.

En toe bedank dr. Allan Boesak as predikant en moderator van die Sendingkerk. Boesak, die man wat allerweë genoem is as die moderator van die nuwe kerk, is ook die man op wie albei kerke hul hoop gevestig het om by die stigtingsinode met sy buitengewone oratoriese vermoëns en charisma, die knoop deur te haak.

"Hy's die Moses van die Sendingkerk wat nou nie saam die beloofde land kan ingaan nie," is oor hom gesê. 'n Reuse leierskapskrisis was op hande.

Sonder Boesak het die kerkregtelike kwessie, wat onopgelos op die tafel van die buitengewone sinode van die NGKA in Oktober in die Kaap beland het, daartoe gelei dat kerkvereniging nie vanjaar kon plaasvind nie.

Die stigtingskonvent het toe 'n konvent van beginsel tot eenwording geword. Een regspersoon vir die twee kerke sal eers in Junie 1991 gevorm kan word. Skadeliker was egter die vertrouensbreuk wat tydens die twee sinodes tussen die twee kerke ontstaan het. Dié is nou, volgens die leiers, weer grootliks geheel.

Dit was 'n breuk waaruit die NG Kerk by monde van sy kerkblad, Die Kerkbode, ook sy pond vleis probeer kry het, moontlik met die oog op die eenwordingkwessie wat ook vir die wit kerk se Algemene Sinode sou wag. Die NGK-leiding het probeer aanvoer dat eenwording nie van bo afgedwing moet word op kerke nie, maar van onder moet groei.

En toe volg daar tog 'n hele drama rondom eenwording by die Algemene Sinode van die NGK, wat lei tot 'n afgewaterde besluit dat 'n "ideaal" tot eenwording gestel word. Al wat dit reggekry het, was om die regses in die kerk kwaad te maak en die NGKA en Sendingkerk te oortuig dat die NGK die bus na eenwording verpas het.

Maar 'n besluit dat apartheid 'n sonde is gaan by almal verby. Heel moontlik omdat niemand dit as 'n belydenis beleef het nie.

Toe kom die Rustenburg-beraad en die erkentenis word 'n belydenis, hoewel die NGK-afvaardiging dit nie so sien nie. Dit word 'n belydenis toe prof Willie Jonker opstaan en die sonde erken voor diegene wat daaronder gely het, en toe die NGK-afvaardiging dit beaam.

Die hoogtepunt bly die oomblik toe aartsbiskop Desmond Tutu opstaan en die belydenis aanvaar. Sy woorde: "I cannot when someone says forgive me, say I don't" sal in die geskiedenis van die kerk in Suid-Afrika bly staan, ongeag wat in die volgende jaar tussen die kerke gebeur.

So in die skadu van die vakansie, vind daar toe nog 'n belangrike gebeurtenis plaas. Die World Conference for Religion and Peace hou vir die eerste keer in die geskiedenis 'n inter-geloofskonferensie waaraan bykans alle godsdienstige groepe in Suid-Afrika deelneem.

Daar word onder meer besluit om te vra dat die nuwe grondwet voorsiening maak vir 'n sekulêre staat met 'n artikel oor geloofsvryheid en 'n handves vir godsdienstige regte.


Dr Beyers Naudé en ds Pieter Dumas na Naudé se eerste preek in 27 jaar vanaf 'n NG-kansel

# Kriminele geweld bedreig die nasionale vrede

SUID-AFRIKA se misdaadsyfer styg in 1990 met sowat dertig persent. 'n Opname deur die Five Freedoms Forum bevind dat kriminele geweld só 'n groot probleem kan word dat dit onderhandelinge kan ondermyn.

Die grootste bedreiging kom van radikale swart jeugdiges, wat moontlik 'n standpunt teen onderhandelinge sal inneem as hulle nie resultate sien nie, bevind die opname.

Die toename in misdaad kan grotendeels toegeskryf word aan ekonomiese agteruitgang wat gepaard gaan met werkloosheid en verstedeliking.

Die veranderinge in die politieke arena skep ook verwagtinge wat met 'n hoë vlak van frustrasie gepaard gaan.

Vanjaar word veral gekenmerk deur 'n toename in gewapende roof en die gebruik van aanvalsgewere soos die AK-47 in rooftogte. Volgens kapt Eugene Opperman, die polisie se skakeloffisier aan die Witwatersrand, is daar vanjaar reeds 317 gewapende rooftogte in Hillbrow alleen aangemeld en hy verwag dat hierdie syfer drasties sal toeneem oor die Kerstyd.

In Soweto is daar meer as 500 moorde en meer as 900 gewapende rooftogte gepleeg. Die polisie lê beslag op ongeveer dertig gesteelde wapens per week in Soweto.

'n Buitelandse studie bevind dat daar jaarliks 20 mense per 100 000 in Johannesburg vermoor word - een van die hoogste syfers ter wêreld.

Die aard van "gewone" kriminaliteit soos huisbraak en diefstal het ook meer gewelddadig geword. So het motordiefstal byvoorbeeld nou in motorkaping verander.

Daar was etlike gevalle waar motoriste geskiet en met hul motors weggejaag is.

Daar is ongeveer twee polisiemanne vir elke duisend mense in Suid Afrika, wat veels te min is vir 'n land soos Suid-Afrika wat deur 'n oorgangstydperk gaan.

Die bestaande mag van 81 094 moet ook ingespan word om politieke geweld te bekamp. Intussen floreer sekuriteitsmaatskappye omdat die publiek onveilig voel. Van dié maatskappye ontvang tot 100 oproepe per dag.


Wel, vir Sonny Liston het ek dopgehou
en elke geveg gesien van Cassius Clay
Ek kyk graag na ou films van Marciano
en onthou nog die eerste en tweede Sugar Ray
Dan was daar Tyson, Patterson, Louis en Jack Dempsey
want beroemder name sal jy nooit kry nie
Tog was die beste ooit vir my 'n hotklou
weltergewig wat in '62 in Denver baklei.
Die Denver Rattler was reg vir sy een groot geveg
'n agtronder vir tienduisend of miskien meer
Hy moker toe vir Jake Harris uit in rondte twee
en vat sy kontant om vir altyd uit te tree
sodat hy 'n rusplek vir daklose armes kan bou
Jy moes sien hoe sy regter soos 'n vragtrein flits
en sy linker die slaanslak kon laat vlieg oor die vloer
terwyl sy kort linkers en regters 'n tromslag uitvoer
Maar nou veg hy vir hulle wat arm en honger is.
Ja, ek dink beslis hy's eg Amerikaans
met dieselfde groot gees wat brand deur hierdie land
Daarom sien jy my, waar jy my ook al kry
altyd trots met my Winstons in my hand.
KING SIZE
Winston
FILTERS
FULL RICH
TOBACCO TASTE
DIS AMERIKA. ROOK 'N WINSTON.
KLAS 'A' SIGARETTE. GEBORE EN GETOË IN AMERIKA. HIER VERMENG.
OGILVY & MATHER, RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 19789/A

# Die media, en veral ons, het deurgeloop

SUID-AFRIKA se glasnost tree vroeg in met die opheffing van heelwat van die persbepalinge van die noodregulasies na pres FW de Klerk se 2 Februarie-toespraak. Die vrylating van Nelson Mandela word op 11 Februarie regstreeks op TV uitgesaai. Op 13 April word Sechaba as 'n "simboliese daad", op inisiatief van die Direktoraat van Publikasies self, gewettig. Op 14 Julie word die SAKP se lyfblad, Umsebenzi, die eerste keer op straathoeke in Johannesburg verkoop.

Glasnost het egter sy perke, veral op die Universiteit van Stellenbosch. Tina du Toit, assistent-redakteur van die Matie word weens "joernalistieke wangedrag" afgedank nadat sy die studenteraad daarvan beskuldig het dat hulle nie knaters het nie.

Ver-regses slaan toe op die kantore van koerante. Op 3 Februarie word 'n verslaggewer van die Volksblad deur AWB-lede van 'n brandtrap afgegooi, geslaan en met pikstele en knuppels aangerand. Op 4 Julie ontplof 'n bom by Vrye Weekblad se kantoor. Dit is die eerste bomaanval op 'n koerant nadat stakende wit mynwerkers The Star se gebou in 1913 afgebrand het.

THE DAILY MAIL

Op 5 Augustus ontplof 'n fosforbom by die kantoor van The Namibian, en op 2 September twee bomme buite Beeld se kantoor. Piet "Skiet" Rudolph se Orde Boerevolk aanvaar verantwoordelikheid, en ook vir 'n ontploffing buite 'n bioskoop in Fordsburg, Johannesburg, waar die rolprent "How to make love to a negro without getting tired" by 'n rolprentfees draai.

Die een lasteraksie na die ander word met die belastingbetaler se geld teen Vrye Weekblad ingestel. Genl Lothar Neethling dagvaar Vrye Weekblad en die Weekly Mail vir altesame R1 miljoen.

Op 3 Oktober vind 'n Johannesburgse landdros die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez op twee aanklagte ingevolge die Wet op die Beveiliging van Inligting skuldig. Vrye Weekblad het onthul dat 'n voorste akademikus aan Stellenbosch-universiteit vir die Nasionale Intelligensiediens gewerk het.

Die Staatsprokureur stuur 'n brief aan Vrye Weekblad waarin hy R35 000 namens die Witwatersrandse Prokureur-Generaal, adv KPCO von Lieres und Wilkau eis. Von Lieres und Wilkau sê dis "onwaar, onregmatig en lasterlik" dat hy selektiewe vervolging teen Vrye Weekblad toepas en 'n vendetta teen die koerant voer.

In nog 'n brief van die Staatsprokureur word R200 000 van Vrye Weekblad geëis namens brigadier Leon Mellet, woordvoerder vir die minister van Wet en Orde. Hy kla oor beskuldigings dat hy die media mislei het.

Vrye Weekblad rig 'n appèl tot die Hooggeregshof na die skuldigbevinding van Du Preez omdat Joe Slovo se standpunte op 'n akademiese konferensie in Duitsland weergegee is toe dié nog op die lys van verbode persone was. Du Preez se skuldigbevinding word gehandhaaf.

Die regering stel in April 'n taakgroep saam om die herstrukturering van die uitsaaiwese te ondersoek. Die taakgroep bestaan hoofsaaklik uit militêre mense, Broederbonders en NID-lede.

Sowat 1 000 mense neem aan 'n optog na die SAUK-hoofkwartier in Aucklandpark deel en oorhandig 'n memorandum aan die voorsitter van die SAUK, Christo Viljoen waarin beter verteenwoordiging geëis word. Viljoen antwoord dat as verteenwoordiging as beginsel aanvaar word, sal die taakgroep so groot word dat dit "onwerkbaar" sal raak.

Op 20 Junie word The Daily Mail geloods. Op 7 September verskyn die laaste uitgawe, weens 'n gebrek aan geld en advertensies, en word die koerant weer 'n weekblad, 'n dikker Weekly Mail met meer advertensies.

Vroeg in Desember kondig die regering aan dat M-Net nuus mag uitsaai - voor vyfuur smiddae of ná agtuur saans.




# Nog 'n krisisjaar vir onderwys

DIE jaar het begin met die skok van 'n veertig persent-slaagsyfer vir 1989 se swart matrikulante, en die "Terug skool toe-veldtog" deur die National Education Crisis Committee (NECC).

Maar 1990 het gou verval in nog 'n jaar van ontwrigting in die swart onderwys, wat die vrees laat ontstaan het dat die druipsyfer dié jaar nog hoër kan wees.

Van die 492 hoërskole van die Departement Onderwys en Opleiding (DOO) het byna 'n kwart van die skooldae gedurende die eerste twee kwartale van vanjaar verlore gegaan. In die eerste kwartaal was daar boikotte by 47 persent van die hoërskole en 37 persent van die laerskole.

Daar was vanjaar ook vir die eerste keer wydverspreide protesaksies in swart skole deur onderwysers, ouers en skoolhoofde. In Maart het 'n vyfde van alle DOO-onderwysers landwyd deelgeneem aan 'n maand-lange staking, en in Junie het ouers 'n weeklange sitstaking in die DOO-kantore gehou om druk op die departement te plaas om die tekort aan handboeke op te los.

Die "Terug skool toe-veldtog" het tot gevolg gehad dat die leerlingtal by hoërskole met sowat 60 000 vermeerder het, terwyl daar steeds 'n agterstand van 6 000 klaskamers landwyd is.

In die begroting vir 1990 is R355 miljoen deur die regering beskikbaar gestel vir die oprigting en uitbreiding van swart skole.

Die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, en verskeie gemeenskapsleiers het 'n oproep aan leerlinge gerig om terug te keer skool toe. Die regering het homself ook verbind tot die ontwikkeling van nuwe strukture om die betrokkenheid van die swart gemeenskap in skole te verbreed.

Die eerste oorkoepelende nierassige onderwysersunie, die South African Democratic Teachers' Union, word in Oktober gestig. Nie een van die tradisionele wit unies sluit aan nie, maar die Natal Teacher's Society kry waarnemerstatus.

Die minister van Nasionale Opvoeding, Gene Louw, hou ook gesprekke met 'n Cosatu-affiliaat en veroorsaak 'n storm in wit onderwyskringe.

Die Federale Onderwysraad, die verteenwoordigende liggaam van wit onderwys, besluit hierna om bande te breek met die Departement van Nasionale Opvoeding. Die Natal Teachers' Society, the South African Teachers Association en die Transvaal Teachers' Association distansieer hulself van die besluit.

Die belangrikste ontwikkeling vanjaar in wit onderwys was sekerlik die regeringsbesluit om die groen lig te gee vir die oopmaak van regeringskole. Besonderhede van die plan is in September bekendgemaak, en is deur beide regses en linkses gekritiseer.

Drie modelle is voorgestel: model A waarvolgens 'n staatskool kan aansoek doen om 'n privaatskool te word, model B waarvolgens n staatskool self toelatingsvereistes kan stel teen geen ekstra koste nie, en model C waarvolgens 'n staatskool 'n staatsondersteunde skool verklaar kan word en die regering personeelsalarisse betaal.

Die vangplek het gekom met die stemvereistes en die voorskrif dat die oopmaak "binne die perke van die huidige grondwet" moet plaasvind.

Daar is voorgeskryf dat daar ten minste 'n stempersentasie van 80 persent moet wees, en dat 90 persent van ouers wat stem ten gunste van die nuwe model wees. Selfs dan het die minister 'n veto-reg.

Volgens die grondwetlike beperkings moet 50 persent van die leerlinge wit wees en opvoeding moet geskied binne die raamwerk van christelike nasionale opvoeding.

Teen die einde van November het 180 skole landwyd reeds ten gunste van oopmaak gestem, die meeste vir Model B, en toestemming is aan 78 skole gegee om volgende jaar al hulle toelatingsvereistes te verander.

In November begin 254 000 swart matrikulante, 57 000 meer as in 1989, die DOE eindeksamen skryf. Die NECC het vandeesmaand aangekondig dat hulle projek vir volgende jaar "massa opvoeding" gaan wees.




# Dit word al groener



FEITLIK al die vernaamste politieke groepe en partye het die vaslegging van ekologiese beginsels in 'n nuwe grondwet erken en bepleit. "Politieke vryheid het geen sin as die land onherbergsaam is nie," word verklaar.

Sommige sal 1990 onthou as die jaar waarin Aardedag wêreldwyd gevier is, of die jaar toe die groot moondhede uiteindelik groot geskrik het vir die werklikheid van 'n gat in die osoonlaag en die kweekhuis-effek, en hulself gevolglik onherroeplik "groen" verklaar het.

Plaaslik het nie-regerings- en ander informele bewaringsgroepe fenomenaal gegroei. Die vernaamste daarvan, Earthlife Africa, het kwalik 'n jaar gelede ontstaan en spog reeds met talle takke landwyd, asook in Namibia.

Die organisasies het ook nie stil gesit toe Thor Chemicals se Natalse gifstofverwerkings-aanleg in April weer eens duisende ton kwikafval wou invoer, selfs nadat die gifvlakke in omliggende riviere tot bo enige aanvaarbare vlak gestyg en werkers se lewens begin bedreig het nie.

Eko-aktivisme het in die winter 'n hoogtepunt bereik met die protes teen die slagting van robbe, veral deur buitelandse belange. In 'n stadium wou Brigitte Bardot persoonlik kom ingryp, maar die Seal Action Group is gestig, 'n groot bohaai gemaak en die regering het weer gedink.

Die jong Namibiese regering het besluit om wel met "rob-uitdunning" voort te gaan, waarna 'n eko-aktivis 'n sakke hondetestikels in dié land se toerisme-kantoor in Johannesburg gaan gooi het.

Ons kuswaters het verder aandag getrek toe meer en meer bewyse van die gebruik van onwettige kiefnette deur buitelandse treilers opgeduik het en besoedeling weens ons eie afvalstorting ernstige afmetings begin aanneem het.

Suid-Afrika se toekomstige vertoonkas van bewaring, die Richtersveld waarin die inwoners 'n leidende rol in 'n uitsonderlike omgewingsprogram sal speel, het byna skipbreuk gely toe die Arbeidersparty om politieke redes nie sy goedkeuring daaraan wou heg nie.

Die laagtepunt van die jaar was die onthulling dat Ciskei, een van die tuislande wat reeds die meeste ekologiese letsels weens apartheids-ontbering dra, giftige afval wil invoer. Dié probleem, saam met dié oor Suid-Afrika se twyfelagtige kernverbintenisse, word hoog op die ekologiese agenda vir die nuwe jaar geplaas.

Die afgryslike ekologiese aftakeling van die tuislande en die rekonstruksie daarvan aan die hand van grondhervorming en standhoudende ontwikkeling is egter as die grootste enkele langtermyn-uitdaging geïdentifiseer.

# 'n Jaar van hoop en frustrasie

## Was 1990 'n keerpuntjaar in die Suid-Afrikaanse politiek? SAMPIE TERREBLANCHE, professor in ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, sê hoewel daar tekens van hoop was, sal net die tyd leer

Die jaar 1990 was 'n groot jaar vir Suid-Afrika. 'n Mens kan dit saam met 1909/2, 1948, 1960 en 1976 as een van die keerpuntjare van die eeu beskou, of dit op die ou end die keerpuntjaar gaan blyk te wees, sal slegs die tyd kan leer. Ek twyfel egter of dit die geval gaan wees. Die hoop wat 1990 gebring het, is in vele opsigte gekanselleer deur die frustrasies van 1990.

In die jare 1909 tot 1912 is die kontoere waarlangs ons geskiedenis in dié eeu sou "vloei", as 't ware vasgelê. In 1909 het die Nasionale Konferensie eenstemmigheid oor Uniewording bereik en het die Britse Parlement die Suid-Afrika-wet goedgekeur waardeur slegs beperkte parlementêre verteenwoordiging aan Kleurlinge en swartmense verleen is.

Swart- en Afrikaner-nasionalisme het in 1912 organisatoriese beslag gekry toe die ANC gestig is en genl Hertzog se slagspreuk "Suid-Afrika Eerste" daartoe gelei dat genl Botha hom uit die kabinet gelaat het. Dit het regstreeks aanleiding gegee tot die stigting van die NP as die voertuig van Afrikaner nasionalisme.

In die eerste helfte van die eeu het die Engelssprekende blankes daarin geslaag om 'n dominerende rol in die ekonomie en in die politiek te speel. Teen 1948 het hulle byna 90 persent van alle ekonomiese bedrywighede buite die openbare- en landbousektor beheer. In slegs nege van die eerste 38 jaar ná Uniewording het die Engelse establishment nie 'n belangrike aandeel in die regering gehad nie.

In 1948 het die Engelssprekendes se magsrol in die politiek skielik tot 'n einde gekom. In die daaropvolgende dekades het die NP die apartheidsbeleid verskerp en 'n semi-sosialistiese beleid gevoer ter wille van Afrikaner-opheffing.

Die jare rondom 1960 was dramatiese jare. Dit simboliseer veral drie dinge: die Groot Apartheidsbeleid van dr Verwoed met die doel om blanke gesag permanent in "blanke" Suid-Afrika te verstig; republiekwording en die "voltooiing" van die vryheidstryd van die Afrikaner teen Engelse "oorheersing"; en die verskerping van die magstryd tussen veral Afrikaner- en swart "nasionalisme" - laasgenoemde nou in die gedaante van (hoofsaaklik swart) bevrydingsbewegings.

'n Belangrike eerste keerpunt in die nuwe magstryd tussen Afrikaner-nasionalisme en die demokratiese bewegings het in 1976 ingetree. Tot op daardie tydstip het die Verwoerdiaanse ideologie ter regverdiging van blanke oppergesag gedien. Ná 1976 het dit begin taan om finaal in 1990 deur die NP prysgegee te word.

**'Die NP-regering sal fyn dopgehou moet word want hy is in staat om (gedurende die onderhandelingsproses) met allerhande foefies en truuks na vore te kom.'**

Die belangrike keerpunt wat deur die Soweto-onluste van 1976 teweeg gebring is, kan alleen reg verstaan word as dit gesien word teen die agtergrond van die dekolonisasie van Mosambiek en Angola en die abortiewe inval in Angola. Die jare 1974/76 simboliseer 'n nuwe verhouding teenoor Afrika, die Sowjet-Unie én die Westerse wêreld. Dit simboliseer ook die begin van die (beweerde) Totale Aanslag, van disinvestering, van groeiende isolasie en van 'n chroniese daling in die reële per capita inkome.

In 1990 is belangrike tekens van hoop vir die toekoms van Suid-Afrika opgerig. Op 2 Febuarie is die (hoofsaaklik swart) bevrydingstryd gewettig en is die swartmense se aanspraak op deelname aan die demokratiese besluitnemingsproses die eerste keer erken. Nog tekens van hoop was die vrylating van Nelson Mandela, die Groote Schuur- en Pretoria-Minuut en veral die aanvanklike goeie samewerking- en vertrouensverhouding wat tussen pres FW de Klerk en Mandela ontwikkel het.

Miskien is die werklik hoopgewende betekenis van 2 Februarie dat dit 'n intense leerproses vir een en almal aan die gang gesit het. Ongelukkig gaan dit vir die meeste mense 'n moelike en tydrowende proses wees om die waarheid omtrent die harde werklikhede van Suid-Afrika aan te leer en met gelatenheid te aanvaar hoe relatief groot elkeen se verantwoordelikheid en hoe relatief klein elkeen se voorregte in dié relatief arm land is én bly.

Die geleenthede en die uitdagings wat die "ommekeer" van 1990 aan Suid-Afrikaners bied, gaan in die res van die dekade so veeleisend wees dat 'n mens se verstand begin tol as jy die volle implikasies daarvan probeer deurdenk. Mense wat dink dat dit maklik (en pynloos) gaan wees om geboorte aan 'n nuwe Suid-Afrika, met 'n standhoudende demokrasie te gee, is óf grensloos naïef óf besig met 'n propagandaset vir partypolitieke gewin. Die oordrewe gebruik van die konsep "nuwe Suid-Afrika" in veral regeringskringe het reeds 'n goedkoop resonansie verkry.

Die groot frustrasie van 1990 is dat geeneen van die groot spelers - die ANC, NP, DP, Inkhata, die sakesektor ens - tot dusver bewys kon lewer dat hulle hul denke en dade só kon aanpas dat hulle die geleenthede wat die "ommekeer" bied, na wense kon benut nie. Die meeste van dié organisasies en groepe veg nog figuurlik gesproke in hulle ou loopgrawe en probeer steeds om hul seksionele belange ten koste van die algemene belang te bevorder.

Die ANC slaag klaarblyklik nie daarin om hom organisatories en ideologies aan te pas van 'n bevrydingsorganisasies na 'n politieke party wat doeltreffende skikkingspolitiek sal kan bedryf nie. Die vernaamste redes hiervoor is gebrekkinge leierskap, organisatoriese lompheid, die voortslepende geweldpleging en die radikale eise wat die "kinders van Soweto" stel vanweë (geoorloofde?) verbittering. Dit wil voorkom asof daar in regeringskringe weining begrip is vir die radikalisering wat oor baie jare in swartmense se geledere ingetree het. Dit plaas die ANC



voor die onbenydenswaardige taak om sy "constitutency" met 'n (radikale) linkerhand te probeer konsolideer en mobiliseer en om met 'n (gematigde) regterhand aan die onderhandelingsproses deel te neem - en daarmee die gevaar loop om middeldeur geskeur te word!

Die NP verwyt die ANC omdat hy nie organisatories in rat kan kom nie. Maar in stede van die nodige tyd en ruimte aan die ANC te bied, buit die NP baie opvallend dié onbeholpenheid vir kortsigtige politieke gewin uit. Ironies genoeg slaag die NP ook nie daarin om van sy kleinburgerlike partypolitiekery en sy baasspelerige beterweterigheid ontslae te raak sodat hy 'n sleutelrol in die skikkingspolitiek kan speel nie. Die NP en sy ondersteunende media skep eerder die indruk dat hulle daardie ondermynende verkiesingspolitiek wat hulle in 1989 teen veral die DP bedryf het, nou teen die ANC voortsit.

**'Die geleenthede en die uitdagings wat die "ommekeer" van 1990 aan Suid-Afrikaners bied, gaan in die res van die dekade so veeleisend wees dat 'n mens se verstand begin tol asjy die volle implikasies daarvan probeer deurdenk.'**

Die NP het klaarblyklik so verwen geraak aan die politieke monopolie wat hy reeds vir vier dekades besit, dat dit nie tot hom kan deurdring dat hy nie daarop kan aanspraak maak om tegelyk die land te regeer, 'n senior vennoot in onderhandelings te wees én die voorsitter en arbiter in die onderhandelings te wees nie. Die NP-regering se voorneme om dié probleem te omseil deur vir die doeleindes van die onderhandelinge 'n onderskeid tussen die NP en die (NP)-regering te maak, is maklik die gekste idee van 1990. Die NP-regering sal fyn dopgehou moet word want hy is in staat om (gedurende die onderhandelingsproses) met allerhande foefies en truuks na vore te kom. Die NP sal die baie dinge wat hy nog moet leer - en bowenal nederigheid - net aanleer as hy voortdurend onder die nodige druk geplaas word.

Een van die grootste frustrasies van 1990 is die onbeholpe manier waarop die blanke sakesektor op die "ommekeer" van 1990 gereageer het. 'n Mens sou die reaksies uit dié sektor as die groot grap van 1990 kon bestempel, as dit nie oor so 'n ernstige saak gehandel het nie.

Voor 1990 het die (hoofsaaklik Engelse) sakesektor onder die war verkeer dat hervorming net met politieke herstrukturering te make het. Toe Mandela op 11 Februarie pleit dat die ekonomiese stelsel ook fundamenteel herstruktureer moet word om van die ongelykhede van apartheid ontslae te raak, het hy die Rip van Winkels van die sakesektor wreed uit hulle 19e eeue slaap wakker geskok.

Die Engelse sakesektor het klaarblyklik nog steeds nie sy les geleer nie. Julian Ogilvy Thomson van Anglo-American beweer dat apartheid 'n selfsugtige politieke beleid is, maar dat (Suid-Afrikaanse) kapitalisme daarenteen geheel en al kleurblind is!

Die nuwe Engelse sakekamer, Sabek, skryf die armoede en ongelykhede in Suid-Afrika aan apartheid en aan die "strukturele gebreke van die sosiale stelsel" toe sonder om enige skuld aan koloniale en monopolistiese kapitalisme toe te reken! Sabek beweer selfs dat die "vrye (sic) ondernemingstelsel redelik goed gevaar het ondanks apartheid". Volgens die Engelse sakesekor is dié sektor dus nie alleen onskuldig aan die "sonde" van apartheid nie, maar was dit in der waarheid te alle tye 'n teenstander daarvan!

Bid jou aan. Is dit moontlik om die Engelse establishment van sy koloniale meerderwaardigheid en vermeende onskuld te laat afsien? Waarskynlik nie.

Die DP kon helaas ook nie daarin slaag om hom by die uitdagings van 1990 aan te pas nie. Hoewel die DP van meet af 'n "onheilige huwelik" tussen sosiaal-demokrate en oudmodiese, kapitalisties-georiënteerde "liberales" was, het die "huwelik" baie sin gemaak in die cul-de-sac-omstandighede van 1989. Die DP het dan ook in sy geboortejaar 'n baie belangrike bydrae tot die ontknopings-politiek gemaak. Maar ná 2 Februarie kon die DP se twee vleuels klaarblyklik nie ooreenstemming bereik oor waar hy hom ideologies moes "inpas" in die nuwe skikkingpolitiek nie. Die eerste helfte van die jaar het die DP aan verlamming gely en in die tweede helfte het die ou "liberale" element oorgeneem met die belofte dat hy hom "links" van die NP gaan posisioneer! Maar kan 'n party wat sulke noue verbintenis met die Commanding Heights het, ooit "links" wees?

Die DP sal slegs relevant kan wees en 'n konstruktiewe rol in die onderhandelingsproses kan speel indien hy vreesloos en onbevange kritiek teen alle deelnemers kan uitspreek wanneer omstandighede dit vereis. Dit sou onder meer ook vereis dat die DP die Engelse sakesektor behoort te kritiseer vir sy patetiese poging om hom van die "sonde" van apartheid te probeer veronskuldig. Is die DP onder sy huidige leierskap daartoe in staat?


**South** Subscription Special Offer

The only independent weekly newspaper in the Cape

*SOUTH 1991 calendar free with each annual subscription received before 31 December 1990!*

**RATES:** R30,00 (26 weeks);
R60,00 (52 weeks)

*Please complete and mail the form below:*

NAME: ..........................

ADDRESS: ..........................

..........................

..........................

Send form and crossed cheque or postal order to:
SOUTH Press Service (Pty) Ltd
PO Box 13094
Sir Lowry Road
7900

CODE: .......... PHONE: .......... (h) .......... (w)

Please indicate: ☐ 26 weeks ☐ 52 weeks

# Vensters na die ander wêreld

MOEG vir Jingle Bells, Krismisvaders in warm rooi gewade in Kerkstraat (alle dorpe het mos een?), en stowwerige kersversierings in winkels? Sonder jou af en verf 'n ikoon.

Dit kan 'n baie diep geestelike ervaring word, kom die versekering van Annemarié Bands, moontlik die enigste Suid-Afrikaner wat dié kuns onder 'n Russiese leermeester in Oostenryk bestudeer het.

**Om ikone te skilder is nie kinderspeletjies nie. Streng voorskrifte moet nagevolg word. En die geskiedenis van ikone is ook nie goud en stralekranse nie. Bittere stryde is al daaroor gevoer. INA VAN DER LINDE doen verslag**

Gefassineer deur ikone terwyl sy en haar man, Len, in Oostenryk was as lede van die Suid-Afrikaanse ambassade, moes sy gou uitvind 'n goeie een kos die prys van 'n plaas (40 000 Amerikaanse dollars).

Self 'n skilder, het sy besluit om dan maar self ikone te leer maak - by 'n Russiese priester wat lid was van die groot gemeenskap uitgeweke Russe wat hulle in Wenen bevind het.

"Um Gotteswille" en sommer "Jesus, Maria und Josef" daarby, het een tante ontsteld uitgeroep het toe sy hoor Bands is nie net 'n Suid-Afrikaner nie, maar 'n Protestant ook nog.

Om 'n ikoon te skilder, vind sy toe ook uit, neem 'n bietjie langer as om 'n waterverfskildery te maak. Dis in der waarheid soos om honderd waterverwe te maak.

Die Russiese tegniek is as volg: Neem 'n stuk hout van ongeveer 25 cm by 30 cm. Berei die bord voor deur 'n laag gips en gelatien te meng en op te smeer, sowat veertien keer. Dit word dan glad geskuur tot 'n marmeragtige afwerking en dan kan die skildering begin.

Dit word gedoen met natuurlike kleurpigment, wat met eiergeel en water gemeng word in perfekte hoeveelhede en in presies die regte kleurskakering, streng volgens voorskrif. Omdat die kleure baie dof is, moet die ikoon laag vir laag opgebou word totdat die regte kleurdiepte verkry is, en totdat die hele ikoon 'n bykans deurskynende voorkoms het.

Vir die gesig- en handoppervlaktes word byvoorbeeld 'n oker-kleur gebruik, vertel Bands. Om die wangbene van die gesig weer te gee word wit geleidelik bygevoeg en die vlakke kleiner en kleiner geverf totdat die volmaakte ronding verkry is.

Vir die goue stalekrans om die kop word bladgoud gebruik. As 'n mens osgal bo-oor die goud verf, kan daar weer op die goud geskilder word.

Van ikoon-kunstenaars word verwag om so na as moontlik te hou by die sogenaamde oer-ikone. Dit is ikone wat beskou word as die oorspronklike geïnspireerde weergawes van die heiliges, hetsy Jesus, die Moeder Maria, die aspostels, of ander gekanoniseerdes.

Ernstige ikoon-kunstenaars volg 'n ikonografiese konvensie wat deur gewoonte en die kerkowerhede vasgestel is.

Om dié rede verteenwoordig ikone dieselfde onderwerp. Selfs wanneer hulle eeue van mekaar geskilder word, stem hulle soms so ooreen dat net kenners hulle kan onderskei.

Daarom is die skildering net so 'n deel van die lewe in die Russies-Ortodokse Kerk as die liturgie, die ryklik versierde hoofbedekkings en die wierook.

Die skilderproses self hang saam met 'n diep spirituele proses waarin die skilder die medium word waardeur die heiligheid van die Bybelse figure na die wêreld deurstraal. Ikone word dikwels "vensters na die ander wêreld" genoem.

Ikone besit wonderwerkende krag, word geglo, en daar is letterlik honderde legendes van mense wat genees is nadat hulle tot 'n afbeelding van een van die oer-ikone (nateken van die oorspronklike) gebid het om as bemiddelaar by God op te tree.

Om dié rede is dit nodig dat enige weergawe so getrou as moontlik moet wees ten einde die genesende krag op die skilderwerk oor te dra.

Bands vertel: "Ikone mag nie te wêrelds, te natuurlik lyk nie. Omdat geglo word dat hulle goddelik geïnspireer is, moet hulle ook 'n bo-aardse atmosfeer uitstraal. Die groot oë het nie ooghare nie, en kyk by jou verby. Die klein mondjie, die baard, die voue om die oë, die lang, reguit neus, word alles voorgeskryf."

Oor die ontwikkeling van ikone skryf Kurt Weitzman dat heilige beelde nie die ontdekking van die Christendom was nie. Die Isis-kultus en andere het dit reeds gehad. En soos die misterie-kultusse, het ook die Christendom heilige beelde in twee vorme gehad: die monumentale beelde vir plekke van aanbidding, en kleineres vir private verering.

Egiptiese Christene het eerste die gebruik begin navolg om die gesigte van mummies te skilder om martelare en heiliges te vereer. Die eerste ikone-makers het die tegniek van die mummie-portretmakers oorgeneem.

Die ware ikonekuns is in die jaar 400 na Christus in Konstantinopel gevestig. Dit het oorgewaai na die hele Bisantynse Ryk en het rondom die sewende eeu gesorg vir heftige omstredenheid binne die Ryk na aanleiding van die Tweede Gebod dat daar geen gesnede beeld van God gemaak mag word nie.

Ikone-aanbidders is beskuldig van afgodediens. Die hele Ryk was letterlik in twee verdeel: Diegene wat ten gunste van ikone was en dié daarteen. Bloedige gevegte het gevolg, en dit het gelei tot die vernietiging van die meeste van die oorspronklike, ofte wel oer-ikone.

Eers onder Keiserin Theodora II (810-867) is beslis dat ikone nie 'n beeltenis van God is nie, maar 'n weergawe van God in menslike gedaante. Ikoneverering is toe weer toegelaat.



**Is dit hoe Christus werklik gelyk het? Die vele byna identiese afbeeldinge van die aangesig van Christus op 'n doek in die ikone-kuns staan almal bekend as die Mandylion. Die afbeeldinge is almal gegrond op dieselfde oer-ikoon. Volgens die Ortodokse geloof spruit hierdie "onvervalste weergawe" van die Christus-gesig uit 'n oorlewering oor 'n tydgenoot van Jesus, die Vors van Edessa. Toe dié baie siek word, het hy 'n boodskapper na Jesus gestuur en gevra dat dié hom gesond moes maak. Jesus het toe 'n linnedoek geneem en sy gesig daarin gedruk. Toe die boodskapper die doek teen sy siek vors se gesig druk, is die vors oombliklik genees.**
**Die geloof is nou dat dit dieselfde beeld is wat deur die eeue heen nog op ikone geskilder word. Die bekendste van hierdie Christus-afbeeldings kom uit Edessa in klein-Armenië. Die redding van die stad uit die hande van die Perse in die jaar 544 word aan die ikoon toegeskryf.**



**Grondliggend aan die Christelike kuns van die Ooste is die oorgelewerde legende van die portret van die Moeder van God, wat glo 'n afbeelding is uit die jaar 600 na Christus van 'n oer-beeld wat deur die arts en evangelis Lukas geskilder is. Dit word as die heel eerste ikoon beskou. Die Hodigitria, soos dit genoem word, word as die mees beduidende ikoon van alle tye bestempel.**
**Talryke legendes van wonderwerke wat plaasgevind het in die teenwoordigheid van dié ikoon staan in boeke opgeteken.**
**Die oudste afbeelding van die Hodigitria staan bekend as die "Godsmoeder van Wladimir", wat in die Tretjakof-galery in Wladimir uitgestal word. Terwyl sommiges meen dat die werk 'n Russiese kopie van 'n Bisantynse ikoon is, is die meeste wetenskaplikes dit eens dat hierdie 'n oorspronklike Bisantynse werk is, wat waarskynlik tussen die jaar 1131 en 1136 uit Konstantinopel na Kiev gekom het, en in die jaar 1155 na Waldimir geneem is.**
**Die ikoon is op vele oorloë saamgeneem, en is later sleg in 'n veldslag teen die Tartare beskadig. Dit is later deur een van die beroemdste ikone-kunstenaars van daardie tyd, Andrej Rublef, gerestoureer.**

# *Dankie*

*Dit is tyd om dankie te sê aan al die lesers en ondersteuners van Vrye Weekblad.*
*Dit was 'n interessante, opwindende maar harde jaar vir ons.*
*Veral die geweldige regskostes en die tyd en energie wat dit geverg het, het sy tol geëis. Ons is tevrede dat elkeen van die sake belangrik was en in die belang van persvryheid en die publiek se reg om te weet, maar ons hoop tog volgende jaar sal minder van dié soort dramas oplewer.*
*Ons het gedurende 1990 'n hele paar veranderinge aan Vrye Weekblad aangebring. Veral in ons redaksionele aanbieding en politieke aanslag het ons aangepas by die nuwe klimaat in Suid-Afrika. Ons nuwe voorblaaie was 'n aanduiding dat ons al meer neig in die rigting van 'n nuustydskrif.*
*Uit ons wye lesersopname wat pas klaar is (ons sal julle vroeg volgende jaar meer daarvan vertel) blyk dit dat die aanpassings ons lesers se goedkeuring wegdra. Dit was vir ons baie lekker om te sien hoe lojaal Vrye Weekblad se lesers teenoor die koerant is. Die lesers het ook aangedui dat hulle 'n paar dinge anders sou wou sien, en dit sal ons van volgende jaar af doen.*
*Ons kan rapporteer dat dit baie goed gaan met Vrye Weekblad. Ons verkope styg steeds en adverteerders stel al meer belang. Die nuwe, oper atmosfeer is baie goed vir ons.*
*Al die lesers wat geraadpleeg is, het gekla oor die beskikbaarheid van die koerant en probleme met huisaflewering. Ons en die verskillende verspreidingsmaatskappye is hard aan die werk daaraan en hopelik sal dié probleme vroeg in die nuwe jaar opgelos wees. Ons advies aan mense wat sukkel om die koerant in die hande te kry, is in elk geval om liewer in te teken op die koerant sodat dit elke Vrydag by jou huis afgelewer word.*
*Ons het baie ambisieuse planne vir 1991. En bo-aan die lys staan 'n verdere verbetering in die gehalte van ons joernalistiek en 'n voorneme om op 'n gebalanseerde, regverdige grondslag ons lesers selfs deegliker oor die politiek en die nasionale lewe van die Nuwe Suid-Afrika-in-wording in te lig.*
*Hou ons dop!*

*Ons hoop al ons lesers - ag, sommer ons vyande ook - geniet die somervakansie terdeë en ons wens almal 'n vreedsame en gelukkige 1991 toe.*



*Jou sleutel tot die Nuwe Suid-Afrika*

**Vrye Weekblad**

# Presteerders van 1990



## Osoon-vriendelike oorbelle en ander in-dinge

**Soos die seisoene verander, so verander die giere. En 'n mens moet roer om by te bly by wat in is en wat uit is. PEARLIE JOUBERT gee raad**

GISTER was plastiekpêrels, die noordelik voorstede, die Demokratiese Party, Franse flieks en ontwerper-geskeurde jeans hoog in die mode. Mini-rompe, Durban, massa-optogte, palazzo-broeke, yuppies, en werksontbyte by Holiday Inns was ook in.

Maar 1990 het nuwe dinge gebring. Vanjaar, so saam met die De Klerk-era en die groeiende gat in die osoonlaag, én om redes wat niks te make het met die dalende goudprys, plakkers, massa-slagtings in die townships of besoedelde lug nie, is die Ninja Turtles, homoseksualiteit, ANC T-hemde, Gucchi-skoene, filterkoffie, Radio 702 talkshows en I love FW-plakkers in - giere ken mos geen moraliteit nie!

Argumente oor die gat in die osoonlaag is gewis in, maar dit is belangrik om ook osoonvriendelike oorbelle te dra. Veral op vlooimarkte.

Die man met die Valium-stem op TV, Gatsha Buthelezi, is deesdae uit. So ook kulturele wapens. So ook Denis Worrall.

FW de Klerk het intussen gesorg dat die NP weer vir die eerste maal in jare in is. Die NP is nou weer op pad uit, net FW self bly in. En wag maar vir 1991: Marike gaan een van die inste verrassings wees!

Oupa Nelson dra steeds swaar aan die mistiek van die bevrydingsbeweging en dit help, maar sinisme oor die ANC en hul onbeholpenheid raak al meer in. Thabo Mbeki is baie in, en as jy avant garde genoeg is, Chris Hani ook. Die SAKP is erg uit, maar Joe Slovo nie. Albie Sachs sou in gewees het as hy nie overexposed was nie.

Aan die begin van die jaar was Ventersdorp en die leier van die AWB, Eugene TerreBlanche, met sy opgeboude skoene en bultende broek, in. Sy tradisionele wapens, patriotisme en Wes-Transvaalse plase was ook in. Vandag is hulle uit - natuurlik die Nuwe Suid-Afrika se skuld.

Dun lyfies en maer beentjies is gelukkig ook uit. Dit hou dalk verband met die Afrikanisering van Suid-Afrikaners, en het outomaties ook 'n invloed op die hoeveelheid bladsye wat Cosmopolitan en Femina aan diëte en swembroeke afstaan.

So gepraat van lywe en klere: Power-dressing en skouer kussings is ook uit - so saam met Maggie Thatcher. Gelukkig is polo-hemde uit en kaalbors in. Tweedehandse klere is steeds in - dit is egter belangrik dat dit òf 50's òf 60's-klere is.

In Yeoville in Johannesburg, Observatory in Kaapstad, Bellair in Durban (Bloemfontein het nog nie só 'n plek nie) is dagga (steeds) in. Poppers, valiums en mandrax is egter uit.

Radicals, veral Wits-studente, met leerbaadjies en ontwerpers-jeans, is in. Wat belangrik hier is, is om op politieke vergaderings jou vuis, met 'n effense pap pols, in die lug "Vive (uitgespreek Weeeewe!, let wel, nie VIVA! nie) Socialism!" te skree.

Om in 'n swart Kamikaze-taxi te ry, was byna ook in. Die ongeluksyfer was ongelukkig bietjie hoog.

Gyms, Ray Bans, fietsry (nie vir die oefening nie, maar vir die trendy image en neonklere) en gerestoreerde huise in Vrededorp en Woodstock en motortelefone is in, en dit het die afgelope jaar ook baie un-cool geword om rassisties te wees.

Diegene wat steeds rassiste is en alleen en laat in die nag lê en prewel, kan egter 'n Freedom Charter-plakkaat in die kombuis teen die yskas plak - die saak is dan reg.

Plastiek-oorbelle, -stoele en -tafels is gelukkig uit terwyl goud, koper en ander natuurlike metale in is.

Trou is al wéér in, maar dié keer is baba's uit. Dalk het dit te doen met Aids, wat beslis in is. Net jammer kondome is steeds uit en seks is steeds in.

Die trou-mode gaan natuurlik ook saam met egskeidings wat weer in is. Gewoonlik vir die geskeides om wêreldwys terug te sit en te sê: Ek was daar. Dalk kan 'n mens binnekort sulke T-shirts koop.

O ja, dit is deesdae ook in om 'n sielkundige te hê - verlede jaar was nog net 'n ginekoloog as kwalifikasie vir ingeid nodig.



**Suid-Afrika is 'n land van toekennings. Daar is gedurig die een of ander organisasie wat aan die een of ander mens 'n toekenning vir die een of ander prestasie maak. Vrye Weekblad het besluit om nou maar sy eie toekennings vir 1990 te maak:**

**'n Honoris Obscuris (Krokodilvel) aan PW Botha vir sy Wilderniservaring.**

**Die Weight Watchers-toekenning gaan aan Piet Skiet Rudolph, wat 'n volle twee dae lank met sy eetstaking volgehou het.**

**Nelson Mandela kry die Gullible Travels-toekenning. Lank laas het iemand só baie in die buiteland gereis, soveel twak gepraat en is hy deur soveel mense geglo.**

**Hoofman Mangosuthu Buthelezi kry Krygkor se Spesiale Erkenning vir 'n Bydrae tot die Ontwikkeling van Kulturele Wapens. Hy kry ook die Spies en Plessié-prys vir die Verantwoordelikste Uitsprake oor Televisie, en die Moeammar Gadaffi-prys vir 'n Spesiale Bydrae tot Vrede in die Townships.**

**Die Omo Witter as Wit-toekenning gaan aan regter Louis Harms en sy komiese, 'skuus, kommissie van ondersoek na moordbendes. Watse moordbendes? (Daar is glo ook 'n spesiale toekenning vir die Sielkundige wat die Meeste Vordering getoon het op pad van die Vereniging van Sielkundiges - vir Harms se beskrywing van Dirk Coetzee as 'n psigopaat.)**

**Die skobbejakke van die BSB wat met pruike, snorre en vals baarde voor regter Harms verskyn het, kry die Evita Bezuidenhout-prys vir Swakste Vermomming van die Jaar.**

**BSB-baas Joe Verster kry die Honoris Kroeks (Blik) vir sy dappere pogings om ons land skoon te hou van ondermynende Sondagskoolkinders en ander elemente links van Magnus Malan.**

**Louis Luyt kry die Saddam Hoesein-toekenning vir sportadministrasie. Hy het vanjaar vir die derde keer 'n Transvaalse rugby-afrigter die trekpas gegee. Dank die gode Louis se politieke loopbaan het nooit op dreef gekom nie.**

**Goue Piesang-toekenning: Vir Naas Botha en die Noord-Transvaalse rugbyspan, om 'n plekkie in die glaskas op Loftus te vul wat eintlik vir iets anders gereserveer was.**

**Thabo Mbeki is Suid-Afrika se Kulkunstenaar van die Jaar. Wie anders kan so goed soos hy met mense se koppe smokkel? (Pik is nie verniet groen van jaloesie nie.)**

**Bles Bridges kry die Rapport-prys vir Buitengewone Manipulering van die Sondagkoerante. Dit sit nie in elkeen se broek om jouself só suksesvol te bemark bloot deur jou onsmaaklike vuil wasgoed in die openbaar te was nie.**

**Bles en Anton Goosen kry elk ook 'n Chroom Oskar vir hul Aanranding-foefie wat albei weer 'n slag op die kaart geplaas het.**

**'n Goue Plaat van Jantjie kom Huis toe gaan aan Rian Malan vir sy hartroerende Out of Africa-verhaal wat menige traan oor 'n Amerikaanse wang laat biggel het.**

**Vir die Vasbyt-Prys vir Buitengewone Deursettingsvermoë was daar net een kandidaat: die Daily Mail.**

**Magnus Malan is die mees bekroonde openbare persoonlikheid dié jaar. Die Idi Amin-toekenning vir Militêre Integriteit; die Nicolai Ceaucescu-prys vir Politieke Aanspreeklikheid; die Nasionale Kapokhaan-prys vir Domastrantheid; en die Vaseline Hand Lotion-prys vir die Man wat in 1990 die meeste sy Hande in Onskuld gewas het.**

**Joe Slovo het twee keer toekennings ontvang: Die Vereniging van Tweedehandse Motorverkopers se Spesiale Erepenning vir die man wat 'n stokou model wat uitmekaar val, na 'n nuwe BMW kan laat klink; en die Kameraad van die Jaar-prys van die Vereniging van Staatsamptenare en Polisiemanne omdat hy ook lief is vir grys skoene.**

**'n Egte rob-pelsjas gaan aan Gert Kotzé, tot die ander dag minister van Omgewingsake.**

**Roelf Meyer kry 'n Aanmoedigingsprys vir die Belowendste Student van die Akademie vir die Engelse Taal.**

**Die Voortrekker-Prys vir die Dapperste Preek van die Jaar gaan aan ds Gideon van der Nest.**

**En FW de Klerk? Die Dapperste Dopper van die Dekade.**







# Menseregte vir almal

# Hillbrow is FW ver vooruit

**Enigiets is moontlik in die strate van Hillbrow. Nêrens anders in Suid-Afrika is daar so 'n verskeidenheid van mense, is die gemeenskap so kosmopolities nie. En omtrent enige soort mens waaraan jy kan dink (ook dié waaraan jy nooit gedink het nie), is daar. CHRISTELLE DE JAGER het dié voorstad gaan verken**

"JA, FW doen die regte ding. Dit is die nuwe Suid-Afrika dié," sê die besope ou, wit boemelaar in Claimstraat, Hillbrow aan twee jong swartmans en 'n deftige Indiër-vrou.

'n Oomblik gelede het ek gesien hoe die man in die straat af slinger, van die een kant van die sypaadjie na die ander, teen 'n muur probeer balanseer, na 'n lamppaal gryp en plat op sy gesig val.

Die strate is besig en party mense stap belangeloos verby, maar die Indiër-vrou en die twee swartmans hardloop om te help. Hulle help hom op, vra of hy seergekry het, waar hy bly. Kan hulle hom gou huis toe vat?

"Nee wat, ek het net gestruikel," sê die man, en selfs in sy besope toestand is hy skoon oorbluf oor die hulp wat hy skielik uit dié onverwagse oord ontvang.

FW de Klerk en die "nuwe Suid-Afrika" word geesdriftig aangeprys, en die onwaarskynlike viermanskap begin 'n ernstige gesprek op die straathoek oor die politiek en die veranderinge in Suid-Afrika. Hulle stem saam - apartheid móét waai én die toekoms lyk goed.

Enigiets is moontlik in die strate van Hillbrow. Nêrens anders in Suid-Afrika is daar so 'n verskeidenheid van mense, is die gemeenskap so kosmopolitaans nie. En omtrent enige soort mens waaraan jy kan dink (ook dié waaraan jy nooit gedink het nie), is daar.

Selfs vóór "hervorming" die wagwoord in Suid-Afrika geword het, was Hillbrow se mense FW reeds ver vooruit. Hulle het lankal dinge in hulle eie hande geneem en apartheid se wette begin ignoreer.

Veral dié tyd van die jaar is die atmosfeer in Hillbrow feestelik. Kersliggies blink op 'n boom in Pretoriastraat, winkelvensters is vol kerskouse en rooi en wit versierings - dit is vakansietyd en die mense is lus vir jol.

Tekens van dié joligheid is orals sigbaar in die Brow. Van vroegaand tot laatnag is die strate nooit leeg nie, en daar word geeët, gedrink, gedans en gejol tot die son opkom.

Drie uur die oggend sit 'n groep mense op die sypaadjie in 'n arkade en eet hoender met hulle vingers. Die een ou het 'n mafia-hoed en 'n baard, en langs 'n vrou met blonde hare en olierige vingers staan 'n paar kitch goue hoëhak-skoene.

'n Motor vol opgewekte mense ry verby. Die motorvensters is oopgedraai en hulle sing geesdriftig en effens vals 'n ou Simon en Garfunkel-liedjie.

Maar net soos die gees van die nuwe Suid-Afrika lankal reeds in Hillbrow te bespeur is, het dié voorstad ook nog altyd sy lelike kant gehad, en dié lelike kant van die veranderende Suid-Afrika is duidelik tussen die joligheid te bespeur.

Reg voor mense wat rustig by 'n sypaadjiekafee sit en die soel somerweer geniet, hardloop 'n swartman verby. Hy steek die pad oor, ontduik mense en verkeer. Sekondes later hardloop twee witmans verby, op sy hakke. "Daar gaan die hond. Kry die bliksemse kaffer!" skreeu een. Die mense kyk vlugtig op, en begin weer aan hulle biere drink.

Later die oggend sien ek hoe vyf witmans, almal met bierboepe, baarde, kakieklere en vellies, 'n swartman wat langs 'n gebou lê en slaap openlik skop en slaan. Laggend stap hulle weg. Dit was nou groot sports: "Ons moet die kaffers opfok. Hulle raak veels te cheeky."

Niemand waag dit om iets te doen nie, en skielik is daar nêrens 'n polisieman in sig nie.




**Hillbrow in die nag...** *(Foto's: Lise Joubert)*

En twee kaalvoet-straatkinders slaap teen 'n muur buite 'n nagklub, meters weg van goedgeklede nagklubbesoeker wat teen 'n boom sy roes probeer afslaap.

'n Ou en sy meisie begin stry. Dit is amper lig en die strate is amper verlate. Sy probeer wegloop. Hy kom agterna, klap haar deur die gesig en druk haar teen 'n winkelvenster vas, skud haar, klap haar tot sy huil, totdat sy wegbreek en op haar eie huis toe stap.

Daar is ook ander onaangename herinneringe van die werklikhede wat onder die oppervlakte van die nuwe Suid-Afrika bly voortbestaan. Ek sien 'n vriend wat weer in sy apteek doenig is, vrygelaat na amper vier maande van aanhouding sonder verhoor. Hy is oraait, sê hy. Maar hy het 21 kilogram verloor en die polisie teister hom nog op hulle onsubtiele manier.

Dit was darem ook lekker om te sien hoe die mees onverwagte mense van Hillbrow se gemeenskap hulle oor hom ontferm het, sê hy. Klein ou tannies wat gereelde klante was, het sjokoladekoek vir hom gebak om hom weer vet te voer.

Dit is eintlik eers in die vroeë oggendure dat Hillbrow se werklike eie karakter na vore kom. Dan sien 'n mens duidelik die verskeidenheid van mense wat daar lewe, jol en woon.

Jy hoef maar net buite 'n bekende restaurant en uithangplek in die middel van Hillbrow wat 24 uur per dag oop bly, te gaan sit om die karakters van dié voorstad voor jou te sien verbygaan. Daar is die laatnag-jollers, ou mans wat op die tafel lê en slaap, jongmense met tatoeëermerke en leerbaadjies wat pool speel, vrouens in noupassende rokke en mense in sweetpakke wat televisie kyk.

'n Man met velskoene, kakiehemp, kakiebroek, en lang kouse, sit alleen by 'n tafel. Hy het 'n vars, oop gesig, sy blonde hare is netjies gekap en dit lyk asof hy nou net die koeie gemelk het. Dit is omtrent daardie tyd van die oggend. Hy drink 'n dubbele brandewyn en coke.

Dit is sewe-uur die oggend en party mense bestel nog bier. Anderkant sit 'n man en sy kind wat ontbyt eet, eiers, tamatiesous... Naderhand kom die prostitute ook in vir ontbyt, om stories te verruil, en 'n bietjie te ontspan voor hulle huis toe gaan om te slaap.

Buite in die straat word die duiwe wakker. Hulle soek in die strate, naak en vuil in die vroeë oggendlig, vir krummels kos, terwyl die bittereinders strompelend uit die nagklubs kom.

Vroue in swart klere en met hoëhakskoene aan stap op wankelrige bene huis toe, verby straatskoonmakers en huisloses wat op koerantpapier en in 'n ou kombers toegedraai, begin wakker word.

'n Jong man skrik wakker toe ek verby sy boerewors-stalletjie stap. Twee uitgedroogde stukkies wors braai nog op die plaat. Hy glimlag, sê goeie môre, en vra hoopvol of ek een wil hê.



# Hoeveel weeg die mens se siel?

MOSKOU - Prof Boris Iskakof van die Sowjet-Unie sê hy het volgens suiwer wiskundige metodes die formule uitgewerk vir die preservering van materie, energie en selfs inligting.

Dié professor glo as 'n mens boosheid om hom of haar saai, dit met groter intensiteit gemaai sal word, en andersom.

Wetenskaplike verduidelik hy dit só: Indien 'n sein in tyd en ruimte ontwikkel, gaan dit gepaard met 'n reeks pre- en post-seine. So het die mens byvoorbeeld honderde aktiewe punte wat energie uitstraal en wat met instrumente gemeet kan word.

Iskakof het 'n teorie geformuleer: Wanneer 'n mens dink, ervaringe geniet of ly, straal die brein nie net elektromagnetiese impulse uit nie, maar ook swak en baie swak "lepton-uitstraling" (leptons is die ligste elementêre deeltjies).

Rondom elke lewende en nie-lewende ding is daar lepton-sirkels wat alle inligting betreffende die betrokke voorwerp bevat. Daar is vasgestel dat in gevalle waar mense geestelik naby mekaar is, dié sirkels oormekaar vloei. Volgens Iskakof is dit 'n bewys van die materiële bestaan van die siel, waarvan die gewig selfs wiskundig uitgewerk kan word.

Kan die siel aangeraak of, ten minste, gesien word? Ja, dit kan, sê die professor, want baie mense met buite-sintuiglike persepsie kan dié leptonvelde waarneem. Afhangende van die luim, stand van die gesondheid en intensiteit van breinwerking, verander die "siel" van kleur, vorm en intensiteit van helderheid.

Is dit hoekom die heiliges op ikone se gesigte met helder stralekranse omring is? - Novosti

# Afrikaners én Zoeloes by die eerste Geloftefees

**Die viering van die Slag van Bloedrivier, ofte wel Dingaansdag, ofte wel Geloftedag, was nog altyd die Afrikaner se dag. Op dié dag is van die mees strydlustige toesprake om apartheid te verdedig, gelewer. Historiese geskrifte bring egter aan die lig dat die eerste viering van Geloftedag veel eerder in die teken van vrede en versoening gestaan het. HANS PIENAAR doen verslag**



Die slag by Bloedrivier

'N GROEP mense met lang baarde en geklee in onderbaadjies en ferweelbroeke of Voortrekkerkappies en lang rokke wat deur die gras sleep, vergader in 'n vierkantige laer onder tente met die klappe opgerol.

'n Groep Zoeloes, gewapen met assegaaie en skilde en geklee en getooi in velle en ringe, kom van oorkant die rivier en sluit by die groep blankes aan. Hulle word van 'n wakis af toegespreek oor vrede.

'n Kulturele saamtrek in die toekoms tussen lede van die Konserwatiewe Party of die Afrikaner-Volkswag wat 'n alliansie in die nuwe Suid-Afrika vorm? 'n Tafereel by 'n interkulturele dag vir hoërskole wat die tema van versoening in die Nuwe Suid-Afrika moet uitbeeld?

Verkeerd. Dit was min of meer die toneel by die heel eerste Geloftefees, amper 136 jaar gelede, op 16 Desember 1864 by Bloedrivier naby die dorpie Utrecht in Natal.

Geloftedag is nog altyd as die Afrikaner se dag beskou, dié dag waarop God 'n verbond met die "klein volkie aan die suidpunt van Afrika" gesluit het. Vroeër is die Slag van Bloedrivier, toe die Zoeloe-oormag van Dingaan oorweldigend deur 'n handjievol Voortrekkers verslaan is, as die teken van die Afrikaner se uitverkorenheid gesien.

Vandag is daar sterk twyfel oor hierdie uitverkorenheid, maar dit word nog wyd aanvaar dat dié slag God se goeie bedoelinge met die Afrikaner op die een of ander manier bewys.

Veral in ver-regse kringe, maar ook in die Afrikaner-establishment, bly dit nogtans 'n eksklusiewe dag, wat tradisioneel gepaard gegaan het met strydtoesprake deur die leiers van die volk.

Simbolies, vir beide die Afrikaner en die res van die bevolking, het die Afrikaner dit lank vertolk as die deurslaggewende oorwinning wat die heerskappy van die blanke en die Christen en die onderdrukking van swartmense regverdig.

Om dié rede het enige suggestie dat swartmense die fees ook moet bywoon, vir baie jare lank gegrens aan verraad teenoor die Afrikaner.

Kyk 'n mens egter na die heel eerste Geloftefees, dié een in 1864, blyk dit dat dit vir 'n groot deel van die verrigtinge saam met swartmense gevier is. Hulle was nie net die diensknegte van die Geloftegangers nie, maar ook besoekers van oorkant die grens, die gebied wat toe nog onder die beheer van 'n sterk Zoeloebewind was.

Een van die feesgangers was ds Frans Lion-Cachet, wat 'n groot rol in die kerklike politiek van daardie tyd gespeel het. In sy "Vijftien jaar in Zuid-Afrika, brieven aan een vriend", 'n bundel van sy briewe aan 'n Nederlandse vriend wat in 1875 verskyn het, beskryf hy die eerste fees.

Hy skryf oor die uitvoering van die Gelofte:

"Van het stichten van een Huis ter eeren des Heeren was echter niets gekomen. Ja, de 16 December, die eerst dankbaar-feestelijk herdacht werd, geraakte eenigzins in vergetelheid."

In die vroeë 1860's het die NG kerk se kerkvergadering van Natal, waaronder die gemeente van Utrecht geval het, besluit om die fees weer te laat herlewe. Die motivering hieragter was oënskynlik meer om nasate van die Voortrekkers, wat besig was om op groot skaal uit Natal na Transvaal en die Vrystaat te trek, in Natal te hou - en nie soseer uit enige dwingende behoefte rondom die Gelofte self nie.

Wat ookal die rede, die eerste fees was 'n sukses, as 'n mens Lion-Cachet moet glo:

"Vooral de eerste maal, toen wij hier te zamen kwam, waren vele harten diep getroffen. Er waren veertig of vijftig wagens, die, in twee of drie reien geschaard, een langwerpig vierkant vormden, waarbinnen de tenten werden opgeslagen, die s'nachts voor slaapkamers moesten dienen, en waarvan de zijden gedurende den dag werden opgerold, zoodat wij eene kerk hadden met muren van wagens en een dak van zeildoek.

"Na de godsdienstoefening en een eenvoudig feestmaal, begraven wij ons, ieder een grooten steen dragende, naar de plaats waar het 'laager' gestaan had, hier maakten wij een grooten hoop steenen, zoo als de Israëlieten van ouds."

En dan skryf hy van die belangstelling uit 'n ander oord:

"De kaffers van de overzijde der rivier (Zululand?) kwamen in menigte om te zien wat 'de witte menschen op die plek uitvoerden'."

Lion-Cachet sien dit onmiddellik as 'n geleentheid vir 'n toespraak: "...en dit gaf mij gelegenheid om door middel van een tolk een woord, ook tot hen te richten."

Die insiggewende is dat Lion-Cachet ontroerd raak deur die teenwoordigheid van die Zoeloes: "Aandoenlijk was het den oude strijders te hooren spreken, van hetgeen zij gevoelden toen sij hier van de heidenen omringd, alleen van den Heer hul verwachten, en niet minder treffend was het, om onder de verzamelde kaffers één te vinden, die de strijd aan deze plaats had mede gemaakt. Op de hoop steenen, die wij hadden opgericht wijzende, mocht ik allen tot een blijvenden vrede opwekken, vrede vooral door het bloed des kruizes..."

Die gemeente van Utrecht het elke jaar volgehou met die vieringe, en Lion-Cachet beskryf dit in amper liriese terme: "Wij zaten (of lagen) 's avonds laat op het gras, onder een prachtigen sterrenhemal, en spraken over hetgeen wij dien dag verkondigd of gehoord hadden. Wij gevoelden allen, dat wij een 'goeden dag' gehad hadden, en waren dankbaar gestemd."

Hy rapporteer dat gesprekke oor die sending onder swartmense "nog al karakteristiek" op dié dag was. Lion-Cachet se ongemak oor die teenwoordigheid van swartmense net as diensknegte op latere feeste blyk verder in die brief: "Maar wat hebben onze kaffers nu van dit alles gehad' zuchtte ik, 'zij hebben onze ossen opgepast, water gehaald, het vuur gestookt, geholpen om 'de kerk' in orde te brengen, en als zij onder de preek wat hard praatten hebben wij geroepen: 'TOELA L'APA,' (stil daar!) Dat is toch te erg."

Hierna volg 'n tipiese antwoord van een van Lion-Cachet se gemeentelede. "Wat kunnen wij er aan doen? Gij hebt ook kaffers, en weet, hoe de zaken staan. Wij zelven kunnen onze kaffers niet leeren; een kaffer WIL ook eigenlijk niet leeren."

Hierna volg lang klagtes oor luiheid, dronkenskap, "ontucht", en die horde sendelinge wat al tevergeefs probeer het, en net daarin slaag om hul met die sake van die blanke gemeente te bemoei - waarskynlik 'n verwysing na die sendelinge se beroepe op beter behandeling van swartmense.

Uiteindelik gee Lion-Cachet bes. Al wat oorbly, sê hy, is om die regte voorbeeld te stel: "Christenen zijn, en als christenen leven; den heidenen door WOORD en WANDEL Christus prediken; en de Heer zal het licht doen opgaan in de duisternis."

Die gemeente van Utrecht het die Gelofte jaarliks só herdenk. In 1865 het die Zuid-Afrikaansche Republiek ook besluit om 16 Desember 'n nasionale vakansiedag te maak, maar dan net vyfjaarliks.

In 1881 is besluit om dit jaarliks te vier, maar om dit te kombineer met Majubadag. Dié dag is sommer gou tot 'n vakansiedag verklaar na die oorwinning oor 'n Engelse mag op 27 Februarie dieselfde jaar, wat uitgeloop het op onderhandelinge met Brittanje oor onafhanklikheid vir die ZAR.

Die gedagte was klaarblyklik om die Slag van Bloedrivier, die oorwinning oor die swartmense, te koppel aan die Slag van Majuba, die oorwinning oor die Engelse. Op dié manier het die stryd teen die swartmense en die Engelse, wat die ZAR se grond wou wegneem en dit aan swart stamme gee, vir baie mense maar dieselfde saak geword.

Paul Kruger het die koppeling verder gevoer toe hy op 'n latere Geloftefees verklaar het dat die anneksasie van die ZAR in 1877 God se straf was vir die Transvalers se versuim om die gelofte van Bloedrivier na te kom.

Op dié manier het die aanvanklike boodskappe van vrede, versoening en die soeke na gemeenskaplikhede plek gemaak vir strydlustigheid en eksklusiwiteit.

**In die nuwe Suid-Afrika gaan daar nie plek wees vir baie van die sentimente uitgedruk deur die Afrikaner se monumente nie. Maar wat gaan van hulle word? Kan (of moet) 'n mens Bloedrivier red? INA VAN DER LINDE doen verslag**

# Wys ook die ander kant van Bloedrivier

HOE gemaak met ons monumente? Met Bloedrivier, die Voortrekkermonument, Oom Paul op die Plein? En les bes, 'n nuwe Verwoerdplein-met-standbeeld in die middestad van Pretoria?

"Bloedrivier," sê Willem Punt, "is vir my meer as 'n eksklusiewe Afrikaner-gebeurtenis waar rondom daar 'n hele mistiek om hang en waar die Afrikanerheil uitgewerk is".

Punt, 'n sakeman van Pretoria en kenner van die geskiedenis, sê vir hom is Bloedrivier ook waar 30 000 Zoeloe-troepe met 'n ontsaglike wapen-agterstand met heldemoed geveg het. In die unieke beeshoring-gevegformasie het hulle bly aanstorm terwyl hulle voor die voet afgemaai is.

Moontlik 'n soort Suid-Afrikaanse Gallipoli?

Van Bloedrivier tot vandag toe het Zoeloes en Afrikaners nog nooit weer op mekaar geskiet nie. In terme van die geskiedenis was dit die draaipunt in die verhouding, sê hy.

Maar aan die Bloedrivier-monument soos dit nou daar uitsien, het hy nie veel erg nie. Die hele geskiedenis word net eensydig van die Afrikaner-kant aangebied.

"Ek het lankal die ongemak oor Bloedrivier en dink, nee Here, hier moet ons buitelandse toeriste weghou. Ek sê dan aan hulle dis te moeilik om te kry en die pad is te sleg.

"Jy staan so en rondkyk na hierdie klomp ossewaens en probeer uitpuzzle wat op aarde is hier aan die gang. Dis 'n dooie monument.



"En dan's daar nog 'n historiese fout met so tien of twaalf klein kannonetjies, pleks van net een, ou Grietjie. Dié kant is daar 'n klompie pre-fab toilette en jy word so 'n skeef afgerolde papier uitgedeel waarop daar goed staan.

"As ek dink aan 16 Desember lê daar veel meer te vertelle. Dis nie asof 'n mens nou Piet Retief met Dingaan wil vervang nie. 'n Mens kan die feite van die geskiedenis nie verander nie, maar ons kan die ander kant ook aanbied."

'n Voorbeeld van hoe dit gedoen moet word is by Gettysburg in Amerika, meen Punt.

Dis waar die laaste bepalende veldslag in die burgeroorlog tussen die Yankies en die Confederates uitgebeeld word.

Die baie traumatiese episode in die Amerikaanse geskiedenis word van albei kante aangebied, sonder kommentaar. Kommentaar is die subjektiewe deel van die geskiedenis. Die subjektiewe deel moet van die besoeker aan die monument kom, nie van die geskiedskrywer nie.

Die hele slagveld van tien vierkante kilometer word uitgebeeld.

Koppie-vir-koppie word geïllustreer hoe die geveg verloop het, met replikas van soldate in uniform, die kanonne wat gebruik is. 'n Panorama-skildery van 360 grade gee 'n perspektief van die hele terrein.

"Honderd en vyftig jaar later leef hierdie oorlog nog by die gewone Amerikaner en verstaan hy skielik Lincoln se 'Gettysburg-adress' waarin hy sê 'wat het ons gedoen om mekaar so uit te moor?'"

Dieselfde soort uitbeelding by Bloedrivier sal die geskiedenis in perspektief stel.

Mense moet in die prentjie ingebring word, die Zoeloes se beeshoringformasie moet gewys word. 'n Panorama-skildery van die gebeure kan gemaak word.

Rondom die hele moord op Retief is daar ook nog 'n hele misterie, sê Punt. Diplomatieke protokol-foute is gemaak.

Dit was 'n botsing van vreemde kulture en mense wat mekaar nie verstaan het nie.

"'n Mens bied net die eenvoudige, kil en saaklike storie aan. Elke redelike persoon kan dan tot 'n redelike gevolgtrekking kom. Rondom die saak is daar baie heilige koeies en mites.

"Ek dink nie aan 'n aktiewe veldtog om dit alles af te breek nie, maar vra net met die oog op die toekoms vir 'n oper aanbieding. Ons is geneig om die geskiedenis net vanuit 'n Afrikaner-sentriese oogpunt te sien en bied dit boonop nog swak aan."

Dieselfde kan gedoen word met ander monumente. Soos by die Voortrekkermonument, wat volgens Punt 'n beter aanbieding van die geskiedenis bied. Soos die toneel by Vegkop waar dit vir die oningewyde voorkom asof "kwaadaardige swartes uit die bloute kom en die boere aanval".

Vegkop is voorafgegaan deur 'n hele politieke botsing omdat die boere gedink het hulle gaan 'n onbevolkte gebied beset, terwyl die Zoeloes onder aanvoering van die Napoleon van Afrika, Tsjaka, die gebied ontvolk het sodat hulle dit self kon beset.

In die Vrystaat byvoorbeeld was groot dele ontvolk omdat die Sotho's die berge ingevlug het om weg te kom van die Zoeloes. Toe hulle hul oë uitvee kom die Boere en vat die grond vir húlle.

## Net 18 uit 370 monumente is 'swart'

**VAN die sowat 370 historiese monumente in Suid-Afrika, kan hoogstens 18 hiervan as monumente eksklusief vir die swart en bruin bevolking van die land beskou word. Die hele aantal sendingstasies en die groot aantal monumente wat ontstaan het uit oorloë waarby wit en swart betrokke was, is nie hierby gereken nie, omdat die monumente wat na sulke veldslae opgerig is, merendeels as wit monumente beskou word.**

**Volgens J.J. Oberholster se boek, "Die Historiese Monumente van Suid-Afrika" (1972), is hulle die volgende:**

*** Die St. Stephen's-kerk in Kaapstad, die enigste bruin gemeente van die NG Kerk, wat vermoedelik na die eerste martelaar in die Christelike kerkgeskiedenis vernoem is nadat ontevrede slawe-eienaars tydens 'n erediens klippe na die kerk gegooi het.**

*** Die Slamse buurt teen Seinheuwel, waarvan sommige van die huise uit die jaar 1790 spruit.**

*** Die Griekwa Nasionale Onafhanklike Kerk, in Kokstad.**

*** Adam Kok se Laer, in Kokstad.**

*** Die Xhosa-opperhoof, Ngqika se graf in Keiskammahoek.**

*** Sandile, nog 'n Xhosa-opperhoof, se graf in Stutterheim.**

*** Die graf van Niklaas Waterboer, 'n Griekwakaptein, in Griekwastad.**

*** In die Vrystaat Moroka se graf in Thaba Nchu.**

*** In Natal 'n sogenaamde "Isivivane", 'n klipstapel waarop verbygangers klippe plaas om hul geluk te verseker, in die omgewing van Weenen.**

*** Die Tsjaka-gedenkteken en Tsjaka-klip by Stanger.**

*** Tsjaka se hoofstad, Bulawayo II.**

*** Ondini, Cetswayo se kraal by Mahlabatini**

*** Die Ntonjaneni-fontein by Melmoth, 'n Zoeloe-heiligdom.**

*** Umgungundhlovu, Dingaan se kraal.**

*** Grafte van die Zoeloekonings by Emakhosini**

**In Transvaal is daar nie een swart monument opgeteken nie.**

**Daar is nog twee onlangse monumente, een vir swart pioniers in die verpleegkunde in die Transkei, en die Ndzundza-stam se Niabela-monument naby Roossenekal wat nie in die boek opgeneem is.**

**Volgens prof F.A. van Jaarsveld, geskiedkundige van Pretoria, is die oprigting van monumente die produk van 'n historiese bewussyn wat volg op 'n nasionale bewussyn.**

**Hy voer die eerste Afrikanermonumente terug na die Afrikaner se stryd teen Britse imperialisme, wat gelei het tot 'n gevoel van nasionalisme onder die voorsate van vandag se Afrikaners. Dit is versterk deur die Groot Trek en die twee Anglo-Boere-oorloë.**

**Toe die Afrikaner aan bewind gekom het in 1948, het hierdie historiese bewussyn begin vervaag. Na Republiekwording in 1961, het dit verder verval. Onlangse volksfeeste, soos die Tweede Groot Trek, was eerder 'n uitvlug uit die geskiedenis as die gevolg van 'n nasionale bewussyn, sê Van Jaarsveld.**

**Die opbloeiende nasionalisme onder swart volke kan wel mettertyd daartoe lei dat gedink sal word aan monumente vir helde van die stryd.**

## Verwoerdplein soek 'n ander naam

DIE Stadsraad van Pretoria se planne om Verwoerdplein in die middestad te ontwikkel, kompleet met 'n standbeeld van die omstrede voormalige Eerste Minister, is onlangs uitgestel nadat besware uit verskillende oorde ontvang is. Dit blyk dat beleggers huiwerig is om hul geld in te steek in die ontwikkeling.

Nou oorweeg die Pleknaam-komitee van die stad weer die benaming.

Punt het onlangs 'n voorstel aan die stadsraad voorgelê waarvolgens die beoogde Verwoerd-standbeeld, saam met die borsbeeld van J.G. Strijdom oorkant die beoogde Verwoerdplein - bekend vir die Wit Wolf-moorde - na die Uniegebou verskuif word. Saam met Hertzog, Smuts en andere kan die politieke figure dan oor die stad tuur.

Punt wys daarop dat Verwoerd meer as enige ander politieke leier in Suid-Afrika gedenk word. Daar is in Pretoria 'n Hendrik Verwoerdrylaan, die HF Verwoerd-hospitaal met borsbeeld, en die graf met borsbeeld in die Helde-Akker.

Daar is 'n Verwoerdburg met borsbeeld en die Verwoerdmeer, die HF Verwoerd-lughawe in PE, 'n HF Verwoerd-gebou in Kaapstad, die Verwoerd-biblioteek by RAU, die HF Verwoerd-gebou op Stellenbosch, die HVerwoerd-standbeeld in Bloemfontein.

Hy stel voor dat Strijdomplein die historiese naam "Markplein", terugkry. En dat Verwoerdplein, wat uit twee oop stukke sou bestaan, vernoem word na die pioniers en stigters van Pretoria. Die twee name wat hy voorstel vir die twee oop terreine is Pioniersplein en Philadelphiaplein. Laasgenoemde beteken "broederliefde" en is een van die name wat die stigters vir die stad oorweeg het.



Sowjet-kerkvaders... deel van die kollektiewe verantwoordelikheid is die gewilligheid om die mees intieme aspek van lewe, die verhouding met die Absolute, in die hande van die Party te plaas (Foto: Novosti)

# Die enkeling en die kollektief

**Sal 'n toekomstige Marxistiese staat - hoe onwaarskynlik ookal in die stadium - noodwendig outoritêr, diktatoriaal en onderdrukkend wees, vra prof JAAP DURAND, teoloog en vise-rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, in die tweede en laaste artikel oor die onderwerp Marxisme en die Christendom**



ONLANGSE ontwikkelinge in Oos-Europa en die meegaande perestroika-retoriek het die indruk geskep dat die nie-demokratiese, outoritêre staat op pad uit is. Nader aan die huis is daar verskille oor die presiese oorsake vir die onderdrukkende en diktatoriale aard wat sosialistiese state in Oos-Europa aangeneem het.

Wat ookal die meriete van die verskillende sienings binne die SAKP, is daar vanuit 'n Christelike oogpunt 'n paar noodsaaklike vrae wat na vore kom in die dialoog tussen Marxisme en die Christendom. Grondliggend aan al dié vrae is die gedagte van kollektiwiteit en die Christelike beginsel dat die Marxistiese konsep van bevryding uit onderdrukking, presies dié punt is waar 'n nuwe verdrukking begin.

'n Kort verduideliking: Die Marxistiese idee van die redding van die mensdom uit onderdrukking, lyding en ellende, kom grotendeels neer op 'n kollektiewe self-redding. Dit is juis die idee van kollektiewe self-redding en die teenstand teen die Christendom se klem op die individu, wat eindelik lei tot die tipiese Marxistiese-tipe totalitêre regering.

Die Marxistiese ideaal is 'n nuwe menslikheid, en in die soeke na dié nuwe menslikheid, is die individu van min belang. Kenmerkend van die houding is die dikwels herhaalde verklaring van Lenin dat dit aanvaarbaar en selfs verpligtend is om iemand van verraad te beskuldig wanneer dié se oortuigings objektief die opposisie versterk, selfs al het so iemand subjektief nie verraad in die oog gehad nie.

Vryheid van die gewete is 'n kenmerkende Christelike waarde en 'n weelde wat Marxiste nie kan bekostig nie. In ooreenstemming met dié verwerping van godsdienstige individualisme, verklaar Lenin dat godsdiens net 'n private en persoonlike saak is teenoor die staat, maar nie ten opsigte van die party nie. Deel van die kollektiewe verantwoordelikheid is die gewilligheid om die mees intieme aspek van lewe, die verhouding met die Absolute, in die hande van die party te plaas.

Die gevolg van hierdie kollektivwisme was verreikend. Dit het die weg berei vir despotisme en 'n totalitêre staat in sy onbuigsaamste Stalinistiese gedaante, ongeag al die demokratiese kontroles waarop Lenin aangedring het as noodsaaklike regulerende kragte in die diktatorskap van die proletariaat.

Dit is nodig om te beklemtoon dat die Christelike geloof nie die gedagte van kollektiwiteit per se verwerp nie. Inteendeel, die Christelike konsep van die kerk as die liggaam van Christus, die gedagte van die gemeenskap van die heiliges en ook die Pauliniese konsep van 'n korporatiewe persoonlikheid, gee almal uitdrukking aan 'n vorm van kollektiwiteit, maar met die duidelike boodskap dat die individu nie deur die kollektiwiteit opgeslurp word nie.

Die konsepte van persoonlike vryheid van die gewete en persoonlike verantwoordelikheid en rekenskap is van kardinale belang, nie net in 'n godsdienstige sin nie, maar ook wanneer die aard van 'n ware demokrasie onder bespreking kom.

□□□

"Sosialiste kan Christene wees; Christene moet Sosialiste wees." Met dié woorde wou Adolf Grimme beklemtoon dat 'n Marxis 'n Christen kan word sonder om outomaties sy Marxistiese oortuigings omtrent 'n sosiale revolusie oorboord te gooi. Terselfdertyd word die tradisionele koppeling van Marxisme aan verpligte ateïsme, verbreek.

Of dit moontlik is sonder om skade aan Marxisme self te doen, is die onderwerp van 'n lewendige debat onder Marxiste. Daar word selfs gevra na die wetenskaplike fundering van dialektiese materialisme, aangesien Marxisme self al meer as 'n plaasvervanger vir godsdiens funksioneer. Die tweede gedeelte van Grimme se stelling is meer problematies. Daarmee impliseer hy dat sosialisme die naaste aan die algemene sosio-politieke doelstellings van die Bybel kom.

Daar is vele vorme van sosialisme, met Marxisme die mees radikale. Alle vorme het ongeveer dieselfde doel, naamlik die totstandkoming van 'n egalitêre gemeenskap met die hoogs moontlike gelykheid in geleenthede, self-beslissing, sonder bevoorregting deur geboorte of eienaarskap, en die eweredige verspreiding van mag, rykdom en kennis.

Om te bepaal of sosialisme meer in ooreenstemming met Christelike ideale is as ander sosio-politieke stelsels, is hoogs problematies. Die volgende teologiese opmerkings oor die algemene strekking van die Evangelie is relevant:

* Die Evangelie van Jesus Christus is die goeie nuus van verlossing deur genade, sonder enige verdienste. Enige sosiale stelsel wat dus die gedagte van prestasie as grondliggende vertrekpunt stel, gaan teen die algemene geestelike rigting van die Evangelie in.

* Die sosiale gevolge van die Evangelieboodskap van verlossing net deur genade, word in die Bybel geskets deur riglyne oor die versorging van die weduwee en die wese, die vertrapte, die arme en die verdrukte. God se sogenaamde "voorkeurkeuse vir die arme" vloei voort uit die sentrale motief van die Evangelie van verlossing. Dit beteken dat die gemeenskap en sy strukture vanuit die perspektief van die geringstes en die minder bevoorregtes benader moet word.

* Die konsep van genade en geregtigheid is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die God van genade is ook die God van geregtigheid, en andersom. Dit hou konkreet verband met God se genadige bevryding van die ellendiges.

* Nog 'n motief sentraal aan die Evangelie, is dat talente en gawes van God ten doel het om die medemens te dien. As dit geld vir "natuurlike" gawes soos intelligensie, en allerlei vermoëns, geld dit des te meer "sosiale" gawes soos status en invloed, rykdom, prestasie, ens.

As dié basiese perspektiewe in ag geneem word, is 'n mens geneig om met Karl Barth saam te stem dat 'n Christen altyd 'n stelsel sal kies wat die hoogste moontlike sosiale geregtigheid sal bewerkstellig. Volgens Marquardt sal een of ander sosialistiese model dan voorkeur geniet.

Ek is geneig om met Marquardt saam te stem in soverre die sosialistiese doelstellings groter ooreenstemming toon met die voorgenoemde Bybelse motiewe as met kapitalisme. Grondliggend aan kapitalisme is die konsep van verdienste, prestasie en sukses, hoewel die konsep van diens miskien nie by alle vorme van kapitalisme heeltemal uitgesluit is nie.

Die gedagte van individuele prestasie is ook nie heeltemal vreemd aan sosialisme nie, maar die uitgangspunt bly gesamentlike sosiale verantwoordelikheid en diens.

Die feit dat die sosialistiese ideale en die Bybelse motief van genade en geregtigheid nader aan mekaar staan as aan kapitalisme, impliseer egter nie dat 'n sosialistise stelsel Bybels of selfs Christelik genoem kan word nie. Hoe die ideale bereik kan word, is nie iets wat uit die Bybel afgelei kan word nie. Dis eerder 'n kwessie van wat Tillich die "tegniese bewussyn" (technical mind) noem.

Die vraag of dit bereik kan word deur middel van 'n volledige of 'n gedeeltelike sosialisering van die produksiemiddele, deur sentrale beplanning of 'n mengsel van beplanning en die vryheid van private inisiatief, is kwessies waaroor die Afrika-Christene en Marxiste ernstige dialoog moet voer.

Dié aspekte verwys na basiese waardes van die mens, waartoe elkeen op sy eie manier verbind is.

Die verval van sosialisme daag Christene en Marxiste byvoorbeeld uit om 'n antwoord te vind op die probleem oor hoe om sommige van die sosialistiese ideale gestand te doen. 'n Inter-aktiewe debat kan die weg aandui om nuwe oplossing vir 'n baie ou probleem te vind. Niemand is beter toegerus, intellektueel en geestlik, om die probleem beter te verstaan nie as juis Christene en Marxiste.

Oor die kwessie van demokrasie moet daar binne Marxistiese kringe weer ernstig gedink word. Die praktiese konsekwensies van goeie bedoelings soos uitgedruk deur Joe Slovo, en die manier waarop die huidige Marxiste hul besorgdheid oor demokrasie na die strate van die townships uitdra, behoort hoog op die SAKP-agenda te staan.

'n Dialoog tussen Marxiste en Christene kan hier van groot hulp wees. Veral in die lig van die kerk se beduidende teenwoordigheid in die swart stede en die wyse waarop dié kwessies lewendig gehou is in 'n tyd toe alle ander stemme vir alle praktiese doeleindes stilgemaak is.

Hierdie is inderdaad so 'n ernstige saak dat nie Christen of Marxis voor die versoeking van wedersydse wantroue kan swig nie, of kan probeer om dit alleen aan te pak nie.

Dit beteken nie dat van Marxis of Christen verwag sal word om verreikende kompromieë aan te gaan of om hul basiese beginsels eenkant te skuif nie. Hoewel die twee groepe voortdurend bewus sal wees van die verskille in uitgangspunte, is teïsme en ateïsme nie regstreeks in opposisie met mekaar wanneer die fokuspunt van dialoog op sosialisme en demokrasie gerig is nie.

Ongeag fundamentele verskille, kan gemeenskaplike grond gevind word in die diepe besorgdheid oor die mensdom wat albei deel.

In dié opsig moet Christene aanvaar dat hulle baie van Marxiste kan leer. Nie omdat Marxisme 'n nuwe openbaring ontvang het nie, maar omdat Marxiste die basiese Christelike beginsel om aan die kant van die swakkere, die arme en die onderdrukte te staan, verdedig het. Dit in 'n tydstip toe die kerk self nie veel weerstand gebied het teen die versoeking dat die magstrukture opgeneem word deur die simbiose van troon en altaar nie.

Dis ook nodig dat Christene hulself daaraan herinner dat dit in dié tydstip in die geskiedenis nie gaan oor die bekering van Marxisme nie, maar oor die oplossing van Suid-Afrika se probleme.

Terselfdertyd moet die kerk braaf genoeg wees om Marxisme te konfronteer met die gebiede waar die ideologie misluk het en wat tot 'n houding en praktyk gelei het wat eerder na slawerny as na vryheid neig.

# Die vorming van fronte - hoe wenslik?

**Can't live with you - can't live without you. Is dit die posisie waarin die ANC en die PAC huiself bevind? Hoe sterk is die redes vir die vorming van 'n front van swart bevrydingsorganisasies in Suid-Afrika en watter uitwerking sal dit op toekomstige onderhandelinge hê? Is dit noodwendig dat Suid-Afrika die voorbeeld van omtrent al die lande in Suider-Afrika volg - waar patriotiese fronte sonder uitsondering misluk het? Wat is 'n patriotiese front? AUDREY BROWN stel ondersoek in.**




**Gaan die ANC en die PAC bymekaar uitkom?**

DIE politieke wrywing tussen die ANC en die PAC het hom nog altyd teen die subteks van 'n moontlike alliansie afgespeel. Trouens, in die vroeë sestigerjare, kort nadat dié twee organisasies in ballingskap gestuur is, is 'n front wat nie baie lank gehou het nie, gestig.

Na 2 Februarie het oproepe vir eenheid in die vorm van 'n front, dringender geword en is daar inisiatiewe van stapel gestuur om dit te bevorder. In September vanjaar is in Kampala, Uganda 'n gesamentlike besluit tussen die president van die PAC, Clarence Makwethu, die visepresident van die ANC, Nelson Mandela, en die voorsitter van die Organisasie vir Eenheid in Afrika, Yoweri Moseveni oor die kwessie geneem.

Daar is ooreengekom dat hulle hul sal beywer vir die totstandkoming van 'n front wat die gedagte van 'n grondwetgewende vergadering as 'n doelwit van samesprekinge met die Suid-Afrikaanse regering sal bevorder.

Die PAC het dié besluit onderskryf in 'n besluit laas naweek op hul eerste kongres op Suid-Afrikaanse bodem in 30 jaar.

Geen stappe is egter nog deur enige organisasie gedoen om dié besluit in werking te stel nie.

Daar word reeds op verskeie fronte gepraat: Aartsbiskop Desmond Tutu se beraad in Kaapstad verlede week was daarop gemik om die mededingende organisasies bymekaar te kry om te praat oor 'n gedragskode, ingevolge waarvan alle organisasies mekaar ten minste ruimte sal gun om hulself uit te leef.

Azapo werk die hele jaar al aan 'n "Konferensie van die verdruktes" wat alle organisasies sal insluit om swart belange beter te kan artikuleer. Die ANC hou gereeld samesprekinge met tuislandleiers, die PAC en Azapo waartydens hulle verslag doen oor gesprekke met die regering.

Dit is juis eenstemmigheid oor die noodsaaklikheid van 'n grondwetgewende vergadering by dié drie organisasies wat dit laat lyk asof daar genoeg rede vir 'n patriotiese front is - veral omdat die regering, hul gedugte teenstander in onderhandelinge, baie sterk teen die idee van 'n grondwetgewende vergadering gekant is.

Baie politieke waarnemers meen die ANC en die PAC sal uiteindelik geen keuse in die saak hê nie.

Daar is egter ook diegene wat meen dat dit nie die wenslike ontwikkeling sal wees nie. Hulle het baie vrae oor die aard en doelwitte van só 'n front, en of 'n front hoegenaamd kan slaag in Suider-Afrika, waar so iets nog nooit voorheen geslaag het nie.

In Suid-Afrika is fronte al gevorm, maar net tussen organisasies wat 'n enkele politieke gedagte steun. Daar is nog nooit 'n front gevorm wat alle organisasies in een beweging ingesluit het nie. Die United Democratic Front en die National Forum van die vroeë tagtigerjare is voorbeelde hiervan.

Maar wat is 'n patriotiese front eintlik? In Europa, in die twintiger- en dertigerjare, is fronte gestig uit organisasies wat die belange van verskillende klasse verteenwoordig het. En dit is wat die meeste mense vandag verstaan as hulle van 'n "front" praat - 'n organisasie wat oor verskillende grense heen strek.

In Suider-Afrika is daar 'n effense verskil: dit word verstaan as die strategiese samesmelting van twee of meer organisasies wat gewoonlik, maar nie noodwendig nie, uit verskillende etniese groepe bestaan, ongeag die klassebelange wat hulle verteenwoordig.

In die klassieke sin is beide die ANC in Suid-Afrika en Frelimo in Mosambiek fronte, omdat hulle alle klasse verteenwoordig en hul ontstaan het deur die samesmelting van etlike kleiner organisasies.

Suider-Afrikaanse voorbeelde is die samesmelting van Zanu en Zapu in die Patriotic Front in die destydse Rhodesië. Zanu het hoofsaaklik uit lede van die Shona-stam bestaan, en Zapu uit Ndebeles. Na die onafhanklikwording van Zimbabwe het dit nie lank geduur voor die front uitmekaar gespat het nie.

In die geval van Swapo in Namibia het die etniese faktor in 'n mate gegeld omdat Swapo oor meer Owambo-lede beskik het. Daar was wel sprake van 'n front tussen Swapo en Swanu, die organisasie wat in die destydse Suidwes-Afrika agtergebly het toe Swapo in ballingskap gegaan het.

In die geval van Angola het die bevrydingskomitee van die Organisasie vir Eenheid in Afrika in die laat sestigerjare die idee van 'n front tussen die FNLA en die MPLA geopper. Nadat die FNLA egter gediskrediteer is weens sy bande met Zaïre, en omdat die MPLA heelwat sterker as die FNLA was, is dié praatjies laat vaar.

In al dié gevalle is pogings aangewend om fronte tussen die twee sterkste mededingende organisasies te stig - maar dit het telkens misluk.

Volgens prof Lawrence Schlemmer, die direkteur van Wits se Sentrum van Beleidstudies, is die idee van 'n front wat wyer as klassebelange en verskille in politieke kultuur strek, 'n probleem.

"Die idee van 'n front is eintlik van tydelike, emosionele belang vir swartmense omdat die stryd op die oomblik bestaan tussen wit en swart. Maar binnekort gaan dit verander. Dan moet politieke partye met bepaalde beleidsrigtings vorendag kom, en dan gaan die verskille tussen die landelike en stedelike mense, die middelklas en die arbeidersklas, wat nou toegesmeer word, sterker na vore tree."

'n Sterk beswaar van sy kant af is dat 'n front onderhandelinge en die demokrasie 'n "nekslag sal toedien" as die doelstellinge daarmee is om massa-mobilisasie as 'n "hefboom" te gebruik om dinge reg te kry.

"Die doelstellings van die front moet baie duidelik uitgestippel word, en as dit is om die een of ander party in die onderhandelinge te versterk en op die grondslag van kleur gedoen word, het ek groot probleme daarmee."

Schlemmer meen dat onderhandelinge kan misluk omdat "onderhandelinge gaan oor skietgee en toegee. Onderhandelinge moet gaan oor die soeke na oplossings, en as dit nie daaroor gaan nie, dan is ons terug in die ou gemors gedompel. Die wêreldliteratuur oor dié saak wys ook dat onderhandelinge net werk as mense moeg word vir magspeletjies.

"Maar my grootste beswaar teen patriotiese fronte is dat dit mense polariseer, en dit hou groot gevare vir die demokrasie in. Sou die regering byvoorbeeld besluit om met die KP in 'n front te tree, sou ek dit sterk kritiseer."

Schlemmer gee toe dat die ANC in 'n swakker posisie as die regering is, maar hy dink dié vrese is "oordrewe". Hulle het mekaar nodig in die vind van oplossings.

Eugene Nyati van die onafhanklike Sentrum vir Afrika-studies in Johannesburg stem nie saam nie. Hy glo dat 'n front eintlik in die belang van die ANC en die PAC sou wees, omdat hulle op die "oomblik heeltemal deur die regering uitoorlê word. Massa-mobilisasie wat deur 'n front gefasiliteer sal word, is dus eintlik hul laaste troef.

"Dit maak net sin dat hulle dit sal probeer maksimiseer. En in elk geval is dwang nie implisiet in massamobilisasie nie. Die enigste mense wat suggereer dat massa-mobilisasie in opposisie teenoor onderhandelinge staan, is witmense wat hulle eie belange wil dien. Dit is oneerlik van hulle.

"Na my mening sal 'n front eintlik onderhandelinge bevorder omdat daar minder partye om die tafel sal wees. Dit is duidelik dat swart organisasies nie op hul eie die regering kan teenstaan nie, en 'n front sal dit makliker maak vir hulle om swart belange te artikuleer. Ek sou ook niks daarmee verkeerd vind as die Nasionale Party en die KP 'n front stig omdat hulle basies dieselfde belange het: en dit is die beskerming van wit belange."

Peter Vale van die Sentrum vir Suidelike Afrika-studies aan die Universiteit van Wes-Kaapland glo hoewel 'n front 'n interessante strategiese opsie is, is dit nie die beste manier om 'n demokratiese veelpartystaat tot stand te bring nie.

"Ek dink die onsuksesvolle geskiedenis van fronte in Suider-Afrika moet vir ons 'n les wees, en in elk geval is die politiek hier heeltemal anders. Oplossings wat van toepassing was in ander lande, geld dus nie hier nie."

Vir Vale hou fronte die gevaar in dat hulle 'n veelparty-stelsel teenwerk. Maar wat as die regering die frontopsie kies?

Volgens Vale is daar aanduidings dat die regering wel dié opsie ondersoek, en in dié geval glo hy dat daar "sterk redes" vir die ANC en die PAC en ander organisasies is om 'n front te stig.

"Dit is duidelik dat die staat genoeg geld het om konserwatiewe magte om te koop, en die feit dat Mangosuthu Buthelezi van KwaZulu alleen opgedaag het by samesprekinge met die regering, sowel as John Gogotya van Fida, is genoeg rede om te glo dat die staat dié uitweg ondersoek."

Die beginsel van 'n front word nie heeltemal afgemaak nie, maar daar is wel oortuigende redes waarom dit nie 'n gewenste keuse is nie.

# Stel só jou nuuskierigheid tevrede

Dis die figuur van Breyten met sy pragtige Viëtnamese vrou, Yolande, in die wurggreep van Apartheid en sy 'Oosterse Nie-blankes', wat die verbeelding aangryp. Breyten die snaakse skrywer; Breyten die kommunis. En later: Breyten die terroris

NOEM die naam Breyten Breytenbach en jy kan seker wees dat iemand iets oor hom te sê gaan hê, of sal wil weet.

Een van die interessantste (en waarskynlik gesondste) aspekte omtrent mense is hul nuuskierigheid.

Plein nuuskierigheid het seker meer as enigiets anders tot ontwikkelings en ontdekkings in die vroeë wetenskap gelei toe daar nog nie iets soos die wetenskap as beroep bestaan het nie.

Vandag is toegepaste nuuskierigheid natuurlik 'n voltydse professie; gewone nuuskierigheid kan omtrent al sy antwoorde kry deur 'n bietjie toegewyde lees in die biblioteek. Die nuuskierige agie (word die uitdrukking nog gebruik?) het geen rede om nie te kan weet waaroor hy of sy vra nie.

En tog bly daar fasette wat heel duidelik vir ons bly betower omdat hulle onvatbaar is, soos die fenomeen "kunstenaar", die verskynsel "royalty" en die ding wat ons "skrywer" noem.

Die lees van die boek is wel gaaf, maar 'n ontmoeting met die skrywer is 'n geleentheid. En hoe deeglik die literatore ook al probeer het om die mens agter die boek weg te werk in die kritiek, bly dit juis dít wat die nuuskierigheid prikkel.

Studies oor skrywers geniet daarom 'n spesiale plekkie op die boekrak van mense wat miskien nie eens die werk van daardie skrywers self sou aankoop nie. Toe Langenhoven se werke volksbesit was, het Burgers se studie "Die mens Langehoven" almal vertel hoe sagmoedig Neelsie lewe; oor die Sanger van die Suikerbosrand en Totius kon almal jou vertel of hulle swart of wit koffie drink.

Met Opperman se omvangryke "Die digters van Dertig" het die klem verskuif weg van die




gewone tee- en koffiepraatjies na daardie dinge wat spesifiek die verskillende Dertigers se skryfwerk beïnvloed het en hulle as skrywers help vorm het.

Die lekker skinderseksie het verdwyn.

Leon Rousseau se merkwaardige "Die groot verlange" oor Eugene Marais was daarom 'n uitsonderlike publikasie, omdat die mens agter die boek skielik weer sentraal kom staan het.

Verkope, as ek reg onthou, het gewys dat dié tipe dinge wel lesers kan aangryp.

Maar die feit dat daar lank na die dood van groot en interessante figure soos NP van Wyk Louw, WEG Louw, GA Watermeyer, Uys Krige, Ingrid Jonker en DJ Opperman geen biografieë verskyn het nie, suggereer dat dié terrein nog steeds in Afrikaans taboe is.

Daarom dat iets soos JC Kannnemeyer (wat self geen skrywer is nie) se voorlopige outobiografie "Die rym neem ook 'n hele lewe in beslag" dadelik deur koerantmanne aangegryp word op soek na sappige brokkies wat ons nog altyd ontsê is.

Dis nogal ironies dat, terwyl die letterkundiges naarstiglik die outobiografiese probeer wegwens het, skrywers soos André P Brink en, veral, Breyten Breytenbach juis as mense nuus geword het.

Dis die figuur van Breyten met sy pragtige Viëtnamese vrou, Yolande, in die wurggreep van Apartheid en sy "Oosterse Nie-blankes", wat die verbeelding aangryp. Breyten die snaakse skrywer; Breyten die kommunis. En later: Breyten die terroris.

Almal het saamgepraat, ook diegene wat nog nooit 'n enkele reël van sy werk gelees het nie. Mense het hom verwerp en veroordeel, ministers het hom uitgeskel, sy uitgewers het hulle van hom gedistansieer, mede-skrywers het bly pleit vir sy vrylating. Niemand in die geskiedenis van die onlangse Afrikaanse letterkunde het só openbare besit geword nie.

Dis teen dié agtergrond wat Francis Galloway se geel boek, kompleet met foto's, verskyn: "Breyten Breytenbach as openbare figuur" (Haum-Literêr). Soos wat die digter op die omslagfoto in 'n oop deur sit, so maak hierdie boek baie deure oop op Breyten self.

Resensies hieroor het alreeds die bydrae tot die gespek rondom die letterkunde uitgewys; vir my is dié boek veral die erkenning dat mense gewoon nuuskierig is oor hoe dit gebeur het dat 'n Bolandse seun die figuur geword het wat hy is.

Elders het daar al die eerste resensies oor hierdie boek verskyn en almal praat gunstig uit letterkundige hoek. Ek wil net hê dat ook diegene wat nie in die eerste plek só na boeke kyk nie, moet weet dat hulle hier iets kan kry wat plein nuuskierigheid tevrede sal kan stel.

Hy's dik en stewig; net die ding om te lees gedurende die lang somervakansie. En om dan oor te kan gesels.

# 'n Ope briefie of twee vóór die totale histerie begin

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

**VERGUN vandag vir Egbertus, vrinde, om 'n paar lastige vlieë met een ou klappie by te kom. Daar's tog 'n dwingende behoefte aan ekonomie, al is dit dan 'n vals ekonomie. 'n Ou ope briefie of twee is seker aan die orde van die dag, en wat van die Egberth Awards? Dis dan net ses shopping days tot totale histerie.**

**Wat van 'n pawn to king four, net om dinge aan die rol te kry? Madam de Klerk se man wag seker al met opgehoue asem op 'n toekenning, al is dit net 'n epistel van die Klaagvoorts, die stomme siel het seker al gedink al Egbertus se pos gaan Noordpool toe.**

### Gestoofde appels

**Dierbare Volksheld,**

**Ja, die grootste akkolade van almal val toe in jou skoot soos 'n warm lading gestoofde appels op 'n diplomatieke banket.**

**Volksheld is 'n skaars titel, maar dis duidelik dat die volk jou as held begin beskou, en wat doen die mens in die Wildernis met so 'n titel? Dis soos om die pousdom aan broeder Heyns toe te ken.**

**Iedergeval, jou heldedade herinner aan die gegoël van 'n towenaar, now you see it, now you don't, en was dit dan ooit daar?**

**Alles waaraan jy raak wanneer jy tot aksie oorgaan, verander in goud. Waarom sou die goudprys dan so lekker laag lê? Dis omdat jou aksies 'n bietjie dun gesaai is, Volksheld. Jy ruïneer die ekonomie.**

**Intussen wens die kollektiewe Klaagvoorts jou 'n asemrowende tydjie toe: bestee dit tog deur die goggas tot op die been oop te vlek, and spare a thought for negotiations. Die betekenis is glo in die woordeboek.**

**Cowabunga,**
**Klaagvoort**

### Tronke leeg

**Geliefde Volksvader Mandela,**

**Ingesluit is die bemoedigende woorde aan Madam de Klerk se man. Kyk maar wat jy daaraan kan doen, as dit nie te veel gevra is nie. Ontspan intussen so 'n bietjie, ek hoor daar's akkommodasie beskikbaar op Robbeneiland deesdae, met die afskaffing van paswette en roekelose vrylating van die antichris loop die tronke leeg en die kerke sweerlik vol. Waaroor gaan die predikante nóú kla?**

**Voorspoed met die sanksies, ons moet vat wat ons kan kry, al is dit armoede. Something for nothing. Neem 'n ou ruskansie, môre is dalk nog 'n dag.**

**Amandla tussen die amandelbloei-sels, en dies meer.**
**Klaagvoort.**

### Koeksister-toekennings

**Vrinde, dis 'n vreeslike besige tyd in die Koeksistergilde, dit goël en dit gons, en Egbertus en Oswald hou maar diplomatiese afstand tussen ons en die susters. Dié is besig om hul toekennings agter mekaar te kry, en dis mos iets wat konsentrasie verg. Hier kom 'n paar wat al uit die oond is, maak reg vir minisoolbrandjies.**

**Orator van die jaar was toe nie so maklik nie, daar is nuwe kandidate op die toneel. Miesies Klaagvoort moes wik en weeg tussen verdienstelike wesens soos Magnus PI, hy met die silwer tong, die Hoofadmiraal en gedoktorde hoofleier (honoris causa) van Ulundi, en soortgelyke geykte lyke. Maar toe hardloop 'mnanti-setlaar-hondjie met die been weg, metafories gesproke natuurlik, Egbertus is nog nie reg vir 'n bullet nie.**

**Vrinde, die gevurkte tong-toekenning gaan aan die PAC se Bennie Alexander, die man se woordgebruik is te fantasties vir woorde, sou hy die betekenis van die meeste van hulle ken? Nêrens kan daar nog 'n siel wees wat soveel dubbele betekenisse aan 'n woord kan heg nie. Wel gedaan kameraad!**

**Moeder van die Jaar-prys gaan aan regter Harms. Na soveel oopvlek tot op die been, skenk hy toe geboorte aan 'n muis.**

**Die Kook en Geniet-prys vir die lekkerste reseppie van die jaar gaan aan Lothar Neethling die bekende.**

**Die Koeksistergilde se bekroning vir vrede gaan aan Hoofadmiraal Buthelezi. Hy sal nie verbaas nie.**

Die Takhare vir Vrede sê en so tuur ons deur die vensters en sien hoe die wêreld verby flits

Die Bleskoppe teen Apartheid sê ons het nie sitplekgordels nodig nie, maar valskerms

# Van dwelmskokke en tiener-tennishelde

(Vervolg van bl.24)

Hier te lande het die seisoen aan Sundowns behoort. Hulle het drie van die vyf belangrike kompetisies gewen: Die Castle-liga, BP se Top-Agt en die JPS-uitklopreeks.

Cosmos het die BobSave-Superbowl-reeks ingepalm, en Kaizer Chiefs die Castle-beker.

Die speler wat die meeste opgang gemaak het, was Kaizer Chiefs se nuweling, Lucas Radebe.

## GHOLF

JOHN Bland het skittergholf in die Sonskynreeks gespeel en bo-aan Rolex se merietelys geëindig. Hy het dié goeie vorm in die Europese toernooireeks voortgesit, maar kon weer nie 'n plek tussen die uitsoektiental in die toernooi om een miljoen dollar by Sun City kry nie.

David Frost het sy titel in dié toernooi behou en nog R2,5 miljoen ryker geword. Vroeër in die jaar het hy ook 'n groot toernooi in New Orleans in die Amerikaanse toernooireeks gewen.

Mark McNulty - wat homself nou 'n Zimbabwiër noem - het die beste gholf van sy loopbaan gespeel en die tweede plek op die Europese geldlys ingeneem. Hy het drie toernooi-oorwinnings behaal, maar die groot hoogtepunt was 'n tweede plek in die Britse Ope.

Nick Faldo was beslis die beste speler van die jaar. Hy het die Britse Ope en Amerikaanse Meesters gewen en in byna al die ander toernooie van belang onder die voorlopers geëindig.

Die ander twee toernooie wat die "Groot Vier" voltooi, die Amerikaanse Ope en die Amerikaanse PGA, is onderskeidelik deur Hale Irwin en Wayne Grady gewen.

Jose Maria Olazabal lyk asof hy beslis in die wêreld se voorste speler kan ontwikkel. Sy vertoning in die Wêreld-Gholfreeks, wat hy in 'n rekord-telling met 12 houe gewen het, was ontsagwekkend.

## BOKS

BUSTER Douglas se uitklopsege oor die "onoorwinlike" Mike Tyson is stellig die sport-gebeurtenis van die jaar wat die langste onthou word.

Om te sê as Tyson en Douglas mekaar 50 keer pak, sal Tyson 49 keer as oorwinnaar uit die stryd sal tree, sal geen oordrywing wees nie.

Maar Douglas het sy kans gebruik en beter geboks as in enige van sy vorige gevegte.

Tyson, daarenteen, was liederlik van stryk af, en om sy nederlaag nog meer vernederend te maak, het sy bestuurder, Don King, probeer om Dougles se sege ongeldig te laak verklaar omdat hy in 'n stadium op die planke was en die skeidsregter te laat begin tel het.

Tyson het reeds sy pad terug na 'n titelgeveg met 'n verwoestende uitklophou begin, en dit is waarskynlik net 'n kwessie van tyd voordat hy weer sport se mees gesogte kroon sal dra. Maar 'n aura van onoorwinlikheid sal hy nooit weer hê nie.

Douglas het die titel sommer die eerste keer wat hy hom verdedig het aan Evander Holyfield afgestaan. Hy is niks meer as 'n middelmatige swaargewig nie, maar hy sal altyd onthou word as die man wat die Tyson-seepbel laat bars het.

Die grap van 1989, George Foreman, was die fenomeen van 1990. Niemand het dié 40-jarige oud-predikant se terugkeer tot die kryt ernstig opgeneem nie, maar hy het eenvoudig alles voor hom platgevee, en kry in Februarie aanstaande jaar 'n kans teen Holyfield.

Suid-Afrika het twee nuwe wêreldkampioene bygekry. Welcome Ncita het die Internasionale Boksfederasie se junior veergewigtitel ingepalm, en Dingaan Thobela die minder belangrike Wêreld-Boksorganisasie se liggewigkroon.

Ncita het ook reeds sy titel met welslae verdedig, en ontvang reeds internasionale erkenning, wat meer is as wat 'n mens van Brian Mitchell kan sê - en laasgenoemde is nou al vier jaar lank die Wêreld-Boksvereniging (WBA) se kampioen.

Ncita se temperament is nog nie werklik beproef nie, maar hy het die talent om die beste bokser in die land se geskiedenis te word.

## TENNIS

1990 was die jaar waarin Ivan Lendl as die wêreld se top-speler deur Stefan Edberg vervang is. En "Die Ysman" het weer nie die Wimbledonse titel gewen nie, hoewel hy die Franse Ope misgeloop het om hom deeglik op die vaart en van grasbane voor te berei.

Edberg is nou wel amptelik die wêreld se nommer een en sy oorwinning oor Boris Becker in die eindstryd op Wimbledon was briljant, maar sy wisselvalligheid was verstommend. Hy is by drie groot toernooie in die eerste ronde uitgeskakel.

As 'n mens jou geld op iemand moet plaas vir 1991, sal Boris Becker nie 'n slegte keuse wees nie.

Sy kanon-afslane hou nie meer die verskrikking van ouds vir sy teenstanders in nie, maar hy is nou 'n meer afgeronde speler wat manne soos Lendl die stryd van die agterbaan ook kan aansê.

Onder die vroue het die tienersensasie Monica Seles die kalklig gesteel en tensy Steffi Graf haar gou regruk, gaan Seles volgende jaar die wêreld se voorste speelster word.

## ATLETIEK

VOORTGESETTE beskuldigings van dwelmmisbruik het dié sportsoort kwaai genou. Hoogtepunte was bra skraps, maar die laagtepunt was die nuus dat die briljante Amerikaanse 400m-atleet Butch Reynold positief vir die gebruik van steroïdes getoets is.

Ook in Suid-Afrika het opkikkers groot opslae gemaak. Die Springbokkaptein, Stan Valentine, het die bom laat bars met beskuldigings dat 14 plaaslike atlete verlede seisoen positief vir opkikkers getoets is.

Volgens hom verseg atletiekbase om die skuldiges se name bekend te maak, omdat hulle weet hulle sal teen dié mense moet optree, en dan is hulle dalk hul grootste trekpleister kwyt.

En intussen het Ben Johnson weer begin deelneem...




**Monica Seles, die Joegoe-Slaafse tiener-tenniswonder wat 'n groot bedreiging vir Steffi Graf se posisie as die wêreld se voorste tennisspeelster inhou**


**Vrye Weekblad**

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**

**Redakteur: Max du Preez**
**Senior skrywers: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredakteur: Hans Pienaar**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Fotoredakteur: Lise Joubert**
**Ontwerp: Esma Anderson, Tinus Horn en Andrea Vinassa**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople**

**Bestuur**

**Advertensies en bemarking: Manie Eagar en Louwrins Potgieter.**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**

**Buitekantore**

**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 47-8960 en 47-8819**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar.
Klagtes oor verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

Sport

# 1990: Natal se jaar

**IN Februarie vanjaar het hy die wêreld verstom deur te doen wat niemand gedink het moontlik is nie...Nee man, nie FW de Klerk nie, Buster Douglas. Sy skok-oorwinning oor Mike Tyson was maar een van die jaar se talle sporthoogtepunte. TINUS HORN neem 1990 in oënskou**



**Welcome Ncita is Vrye Weekblad se Sportman van die Jaar - nie net oor dit wat hy in 1990 vermag het nie, maar omdat hy die potensiaal het om die heel beste bokser te word wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Ncita het vanjaar die Internasionale Boksfederasie (IBF) se junior veergewigtitel ingepalm én met welslae verdedig, en skuif stelselmatig nader aan die eerste plek op die toonangewende bokstydskrif "Ring" se ranglys.**

**Maar ranglyste alleen laat nie reg aan sy vermoëns geskied nie.**

**Hy is al met 'n jong Sugar Ray Leonard vergelyk. Hy moet nog ver gaan voordat ons sal weet of hy naby dié legende se ou skoene sal omdraai, maar die vergelyking is beslis nie heeltemal onvanpas nie.**

**Daarvan kan enigeen getuig wat al Ncita se verstommende krytvernuf aanskou het.**

**Ncita het beslis meer talent as Brian Mitchell, wat die Suid-afrikaanse bokstoneel in die laaste deel van die dekade tagtig oorheers het en steeds die Wêreld-Boksvereniging (WBA) se junior liggewigkroon dra. Durf en veggees is Mitchell se grootste bondgenote. As Ncita ook oor dié eienskappe beskik, gaan 1991 - en nog baie jare daarna - aan hom behoort.**

OP Loftus sal al Noord-Transvaal se glorieryke oorwinnings van die jare tagtig lank reeds vergete wees, dan sal hulle steeds die 1990-eindstryd onthou.

Die Blou Bulle se ondersteuners was op 6 Oktober stomgeslaan toe hul helde ná tagtig minute kop onderstebo van die veld stap. Die telling: Natal 18, Noord-Transvaal 12.

Dié Curriebeker-eindstryd was die opwindendste in jare en beslis een van die groot oomblikke van die sportjaar in Suid-Afrika.

Dit was 'n jaar waarin Suid-Afrika twee wêreld-bokskampioene bygekry en David Frost vir die tweede jaar agtereenvolgens 'n tjek van een miljoen dollar by Sun City in sy sak gesteek het; 'n jaar waarin Wayne Ferreira as die land se voorste tennispeler na vore getree en die Oostelike Provinsie sy houvas op ons krieket verstewig het.

Die sportmoratorium het 'n demper geplaas op die groot verwagtinge van internasionale mededinging. Mike Gatting se Engelse toerspan is vroeg huis toe ná dreigemente van geweld en volgehoue betogings, en hul tweede besoek - wat min of meer nou sou begin - is afgelas.

As gevolg hiervan het Dr Danie Craven se groot planne van 'n rugbytoer ook skipbreuk gely.

Die vernaamste sportsoorte het só verloop:

### RUGBY

NET die skitterende Curriebeker-eindstryd het 'n plaaslike seisoen wat andersyds bra voorspelbaar was, gered.

Dit was 'n wedstryd wat die Piesangboere nie kon wen nie; alles was oorweldigend in die Noorde se guns. Slegs twee weke vroeër het hulle Natal 'n liederlike loesing toegedien en in die proses amper al die besit uit die vaste spel gewen.

Maar Natal het sy beste vir laaste gebêre. Noord-Transvaal is stukkend geskrum en sy skakelpaar, Robert du Preez en Naas Botha, wat sy groot troefkaarte moes wees, kon niks uitrig nie.

Boonop het Naas swakker pale toe geskop as in enige ander wedstryd in menseheugenis.

Natal het die eerste helfte oorheers, maar toe Gerbrand Grobler vroeg in die tweede helfte vir die Noorde gaan druk, het die meeste mense gemeen dit sou die begin van die einde wees.

Tony Watson het egter teruggeslaan met 'n skitterdrie, wat uiteindelik nege punte werd was, omdat 'n Noord-Transvaler hom egter die pale met die knieë bygekom het, wat 'n strafskop op die middekolletjie tot gevolg gehad het. Dit was die nekslag.

Die wêreldkampioen, Nieu-Seeland, het glad nie so sterk soos in die verlede gelyk nie.

Sy segetog, wat vier jaar lank geduur het, is in die laaste van drie toetse teen Australië in die reeks om die Bledisloe-beker gestuit, en hoewel die Manne in Swart die Hane daarna in Frankryk gaan verniel het, kan hulle nie té gerus voel oor hul kanse om volgende jaar die Wêreldbeker te behou nie.

Skotland was die verrassing van die jaar.

Daar is groot ophef van Will Carling se Engelse gemaak, maar in die eindstryd van die Vyf Nasiereeks het die Skotte hulle oortuigend geklop en só die Grand Slam voltooi.

Die Skotte se toer deur Nieu-Seeland was ook 'n sukses en hulle was bitter ongelukkig om die tweede toets te verloor. Hul agterspel was briljant teen die All Blacks.

Engeland het ook hul beste spel in baie jare gelewer. Hulle is onverwags in die laaste van twee toetse in Argentinië geklop, maar het deeglik wraak geneem deur Hugo Porta se span met 51-3 op Twickenham te verpletter.

Australië het die jaar gebruik om nuwe kombinasies te beproef met die oog op die Wêreldbekertoernooi, en hul sege teen Nieu-Seeland het gewys hul keurders is op die regte spoor.

Namibia het sy toets-buiging teen Wallis gemaak, en so byna-byna in die tweede toets verras.

Gerhard Mans-hulle het egter min welslae op hul toer deur Brittanje en Frankryk behaal. Veral die Franse B-span het hul neuse lelik in die grond gevryf.

### KRIEKET

OP die krieketfront was die toer van Mike Gatting se Engelse rebelle 'n groot mislukking.

Gatting-hulle het hulle oral in betogings van Krish Naidoo se National Sports Congress vasgeloop - en op die veld teen 'n Springbokspan wat wou wys dat die sportboikot geen nadelige uitwerking op ons krieket gehad het nie.

Selfs sonder Clive Rice - wat weggelaat is omdat hy hom uitgespreek het teen die moontlike insluiting van Kepler Wessels - was die Bokke heeltemal te sterk vir die toerspan.

Weens volgehoue politieke druk is die Engelse vroeg huis toe. Ons weet darem nou dat die Bokke nie te sleg sal vaar wanneer Suid-Afrika weer eendag volwaardige toetskrieket begin speel nie.

Die span van die Oostelike Provinsie het die plaaslike reekse oorheers en in Maart die seisoen afgesluit met die Nissanskild, die Benson & Hedges-trofee en 'n deel van die Curriebeker.

Aan die einde van die seisoen het die Springbok-kolwer Kenny McEwan egter uitgetree, en met die twee ingevoerde snelboulers Rod McCurdy en John Maguire wat effe lank in die tand begin raak, het 'n mens gewonder of die span van die Baai weer die mas sou opkom.

Kepler Wessels-hulle het egter die 1990/91-seisoen begin waar hulle in Maart opgehou het. Hul berekende doeltreffendheid werk in eendagkrieket baie beter as spanne soos Natal se vuurwerkvertonings.

Die OP steun swaar op sy drie top-kolwers, Wessels, Philip Amm en Mark Rushmere wat klaarblyklik nie verstaan dat dit menslik is om nou en dan te misluk nie.

Transvaal het almal verras en is beslis die OP se vernaamste teenstander.

Jimmy Cook was weer een van die groot sterre van die Engelse Graafskapliga. 'n Beampte van Somerset het vanjaar gesê Cook is die beste kolwer wat dié klub nog gehad het. En Viv Richards het lank vir hulle gespeel...

### SOKKER

SOKKER se Wêreldbeker was om verskeie redes teleurstellend, maar veral vir ondersteuners van die Argentynse kaptein Diego Maradona 'n pynlike ervaring. Sy openlike verneukery, swak toneelspel en die tranedal ná sy span se nederlaag teen Wes-Duitsland in die eindstryd het hom byna oornag van internasionale held in 'n boef verander.

Kameroen, met die 38-jarige Roger Milla aan die spits - was die verrassing van die toernooi. Hulle het Argentinië in die eerste ronde geklop en was bitter ongelukkig om deur Engeland uitgeskakel te word.

Hulle het dié wedstryd oorheers, maar in hul ooryweringheid twee strafskoppe in die laaste twintig minute afgestaan, wat albei deur die Engelse kaptein Gary Lineker benut is.

Milla was nie fiks genoeg om 'n hele wedstryd te voltooi nie, en is net dan en wan nader geroep om 'n doel of twee te skop.

(Vervolg op bl. 23)

PENNY SIOPIS se 'Historia', wat as deel van haar uitstalling by die Goodman-galery, Hyde Park te sien is





# Trifle en vonkel vir Kersfees-sprankel

## Grand Soleil 'n winskoop van Zonnebloem

### BJ LANKWARDEN skryf oor wyn

SOOS Kersfees naderkom, verskyn nuwe uitreikings op die wynmark teen 'n helse spoed, bykans te veel om in een week te proe. Wanneer Zonnebloem egter 'n paar nuwe wyne bekend stel, is dit groot nuus en storm 'n mens uit om 'n paar bottels in die hande te kry.

Die 1988 Zonnebloem Grand Soleil is 'n versneë witwyn en behoort 'n beroering in witwynkringe te veroorsaak, want dis beslis een van die beste drinkwyne beskikbaar.

Die Grand Soleil is 'n slim versnit van Sauvignon Blanc, Chardonnay en Chenin Blanc. Nuwe hout is teenwoordig maar nie oordoen nie en die algehele indruk is fenomenaal. Die wyn het 'n briljante jong kleur, aantreklik maar niks vergeleke die neus nie.

Die wyn het 'n kragtige aroma van vars tropiese vrugte, vermeng met 'n tikkie hout. Die smaak is oorweldigend, soveel geur en sulke goeie geure!!

'n Beendroë wyn, en tog het dit soveel geur. 'n Mens kan dit selfs saam met speserykos bedien (rissies, nie kerrie nie). Die Grand Soleil het 'n lieflike lang afwerking. Boonop kos dit net 'n fraksie van wat onbeduidende chardonnays kos. 'n Winskoop!

'n Ander nuwe uitreiking wat vermelding verdien, is die 1989 Zonnebloem Edel Laatoes in halwe bottels. Heerlik vir die einde van 'n ete. Uitstekend saam met crême brulee, maar dit sal selfs lekker wees saam met sjokolade mousse.

Die wyn is van baie ryp druiwe gemaak, tog is die eindproduk nie so intens soos party ander edel laatoeste nie, eerder elegant. Boonop kan dié wyn maklik 'n jaar of wat hou.

Bedien dit gerus aan die einde van jou Kers-ete, net nie saam met brandewyn-poeding nie!

* Die 17de Nederburgveiling word aanstaande jaar Saterdag, 13 April 1991 gehou.

## Fynproe

NETTIE PIKEUR

DAAR is twee nageregte wat jy net een keer in die jaar maak, sê die matriarg van die Pikeurs. Dis gestoomde doekpoeding, en trifle, altwee met kersfees. Trifle is Engels vir koekstruif, maar niemand sê ooit koekstruif nie. Ons sê trifle, en bedoel glad nie daardie flou verskoning vir 'n poeding wat jy by derderangse Kersetes in hotels kry nie.

O nee, hierdie konkoksie is 'n fantasie, 'n ongelooflike ryk heerlikheid van room, soetwyn, vla, neute en koek. Ryk is omtrent die regte woord, sê vrind David. Die poeding kos 'n klein fortuin. So what, dis een keer 'n jaar Kersfees...

Gestoomde doekpoeding is volgende jaar aan die beurt, so watch this space in Desember 1991.

Maar eers.

### Outydse trifle

Kies 'n groot indrukwekkende bak. Gaan bedel jou ouma se Royal Doulton of koop 'n ronde plastiek vistenk by die OK - 'n handige ding, hoor.

Die bak moet in die yskas kan pas, want trifle moet eintlik oornag koud word. Anders moet jy dit in die oggend maak en daar's nooit tyd op Kersdag nie.

Daar is eintlik net een voorvereiste vir eersteklas-trifle, lui die Pikeur-gesegde, en dis eersteklas sjerrie of soetwyn. Splash out en gaan kry 'n goeie soete. Onthou dis gefortifiseerde wyn, nie sommer net soet nie.

As julle nie likeur in die huis aanhou nie, koop ook 'n minituur botteltjie van iets lekkers soos Amaretto, Van der Hum of wat jy ookal verkies, net om 'n tikseltjie ekstra smaak te gee.

Verder benodig jy twee pakke boudoir-beskuitjies, twee gewone ronde of vierkantige botterkoeke, heeltemal onversier, 'n liter of wat taamlike stywe vla, gemaak van vlaepoeier plus 'n eier of twee, 'n groot blik aarbeikonfyt, 'n kleiner blik waatlemoenkonfyt, 'n pakkie glanskerries, soveel neute na smaak as jy kan bekostig, en laastens room - selfs 'n hele liter is nie oordadig nie.

Hoeveelhede maak nie saak nie - oordeel maar aan hoeveel mense jy moet voer.

Sit al jou bestandele uit, plus 'n skerp mes, en maak baie werkplek. Trifle maak is uiters messy besigheid - dis die lekker daarvan.

Eerstens voer jy die poedingbak uit met beskuitjies, styf teenmekaar en regop, sny die botterkoek in skywe. Gooi 'n kwartbottel wyn of sjerrie in 'n vlak bak.

Smeer nou die koek met aarbeidskonfyt, en doop een vir een liggies in wyn voor jy een laag vol in die bak pak. Nou skep jy 'n laag vla oor, bo-oor dit kom 'n paar gesnipperde stukke waatelemoenkonfyt, gekapte neute en 'n paar glanskersies.

Maak nou nog 'n laag gesmeerde geweekte koek, vla, konfyt ens. Gooi nog wyn in die bakkie om die koek in te doop. Bo-oor die tweede laag koek en vla skep jy 'n laag room wat jy styfgeklop het saam met 'n lepel of twee van likeur van jou keuse.

(Eers 'n blaaskans hier: Dis orraait om te proe. Trouens, 'n glasie sjerrie eenkant terwyl jy werk hou die kragte bymekaar.)

Doen verder voort met die laag op laag poeding. Heel laaste kom room bo-op, en dit word versier om mooi te lyk met heel neute, heel glanskersies, angelika-stukkies as jy daarvan hou, en so aan. Dit moet feestelik en lush lyk - doen die boonste laag dus net voor julle opskep.

Onthou dat die koek nie soggy moet wees van die wyn nie, net mooi klam, anders sak die spul inmekaar. Sal niks doen aan die smaak nie, maar dit lyk morserig as jy dit skep.

Trouens, na ~~~'n dag of wat word die trifle anyway soggy. Daar is min dinge in die wêreld so lekker soos oorskiet-trifle, maar dit lyk peculiar.

Waar is die jellie? vra die Ingelsman wat sjerrie drink en kritiseer. Nee wat, ons Pikeurs hou nie van jellie in ons trifle nie, dis nie grootmenskosnie. Sien die resep hieronder as julle móét jellie eet.

En wat van die sjerrie wat onder in die bakkie oorbly, vol krummels en aarbeikonfyt? Besluit self, en moenie my sê wat jy daarmee gedoen het nie. Vrind Andre Nolte sê 'n mens drink Cinzano spumante saam met trifle, lekker soet borrels. Ek stem nie saam nie, maar soos Louis Leipoldt op sy beleefde manier, gesê het, de gustibus non est disputandum.

Nog 'n spectacular, maar makliker en goedkoper nagereg is Mary-Ann se borrels in 'n bak.

### Vonkelwynjellie

Jy benodig 5 gelykvol teelepels gelatien, 'n halwe koppie warm water en twee eetlepels strooisuiker, asook 'n bottel koue soet vonkelwyn. Daai einste Spumante is perfek hiervoor.

Gooi die warm water in 'n klein fles, strooi gelatien oor en roer. Voeg suiker by en roer tot alles opgelos is.

Weer benodig jy 'n groot bak, maar dit moet glas wees. Gooi die gelatienmengsel daarin, en daarna die vonkelwyn, en roer goed. Skep die skuim met 'n lepel af. Plaas die bak in die yskas tot die jellie gestol het. Doop wit ontpitte druiwe in ongeklitste eierwit en rol hulle in strooisuiker. Versier die jellie hiermee wanneer die druiwe droog is.

Die jellie lyk en smaak soos soliede vonkelwyn.

Geseënde Kersfees, one and all.

## Vakansievermaak vakansievermaak vakansievermaak



Die gemiddelde Amerikaanse gesin het 2.3 kinders. 'Three Men and a Little Lady' se Mary is nie deel van 'n gemiddelde gesin nie, sy het drie pa's. Een van hulle is Ted Danson (bo). Sien hulle in Metro-teaters



Nataniël bied van 24 tot 31 Desember sy 'Facelift - A Cover Story' by After Dark, 80 Queenstraat, Pretoria aan. Bespreek by (012) 325-6613



Gaby Lomberg speel die Prinses in Janice Honeyman se 'The Sleeping Beauty' wat in die Alexander-Teater, Johannesburg op die planke is

## 'As for loving, it beats dysentery'

**Hunk and Nerd of the Year George (played by Zane Meas) and Max (played by Li Newman) - no prizes for guessing who's who - discuss the vicissitudes of life in 'Hanna Hanna Ek Sê', a play which is obligatory Christmas entertainment**



George ... Zane Meas



Max ... Li Newman

**Zane:** So Li, what's the situation?

**Li:** Tit! I'm an uncloseted, confused lesbian trapped in a homosexual's body, I look like a yuppie with no taste except for water for whiskey. I also taste America in the middle of the Karoo, I have knives thrust in my face, Mandrax and dagga shoved down my left lung. I puke my vocal chords all over the audience, and get sand in my foreskin, I lick people's faces when they challenge my orgasms, you know, the usual kinda 9 to 5 for an actor.

**Zane:** What do you scheme of your character Max?

**Li:** My delicate, humble attempt at upgrading my professional image.

**Zane:** I hear that you are actually a great dancer and a good lover, so how come you had such a lekker touch of authenticity to Max?

**Li:** Life is a process, using two legs instead of one is progress. As for loving, it beats dysentery - TV you know ... George, tele-vision?!!

**Li:** So you've been working at Kupperman's Off Sales?

**Zane:** Ja broer, to supplement my weekly, very weekly salary. I've also been known to occasionally sell off family members to earn a bit of bucks. But seeing as I am not married yet and as yet have no children, business is slow.

Working in the empties hatch is not easy, broer, on Saturday, ek sê ... I got into trouble ... (For the end of the story, come and see the play.)

**Li:** What was your most difficult experience as George?

**Zane:** Working with you and Megan, not just kidding? Yes, in fact, working with you and Megan.

**Li:** So, what's your situation for the future?

**Zane:** Hopefully to pull into Cape Town without getting bust by the police again. But some work is promising on the horizon, so unfortunately I'm going to have to lose George as a character and learn to tackle big rugby ous for "The Game II".

**Zane:** Nice interview Li.

**Li:** Weird. Do you think they'll use it?

**Zane:** Probably not.

dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
A NATIVITY -
Ma tot Vr 8nm Sa 6nm en 9nm Wo 3nm - Tot 12 Jan

DIE LAAGER
Barry Berk se
HANNA HANNA EK SÊ -
Regie deur CLARE STOPFORD
'N LIGTE, EIETYDSE KOMEDIE'
Met Zane Meas, Li Newman en Megan Willson
Ma tot Vr 8.15nm; Sa 6nm & 9nm

upstairs by die
MARK-TEATER
Ma - Vr: 8:15nm. Sa: 6.15nm & 9:15nm
ANDREW BUCKLAND in sy 'Between the Teeth'
Regie: Janet Buckland
Tot 12 Januarie

MARK-GALERYE
Staffrider-tentoonstelling van fotografie en kuns

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
Umhlangano - Tot 23 Des

Warehouse by die Mark-Teater
Patrick Mynhardt in 'Just Jerepigo'-
'Bosman en Mynhardt - 'n genotvolle resep' -
Tot 8 Des
Di tot Sa 8nm, aandete 7nm

*Die Vlieënde Dekor-prys word aan Truk toegeken vir die trapleuning en die kartelrand in 'My Fair Lady' en die luidrugtige stelle in 'Die neutekraker'*



*Mzwakhe Mbuli kry die Morkels-prys vir sy uitstaande werk by die Cultural Desk*

*Mango Groove, wat vanjaar vir hulle 'n buitelandse bestuurder aangeskaf het, kry die prys vir Suksesvolle Kulturele Imperialisme*

*Catherine Burnett kry uitdruklik geen pryse nie. Sy het al te veel gewen. Ons gee wel vir haar 'n handicap sodat die ander ballerinas ook 'n kans het*



*Die prys vir die Belowendste Nie So Jong Maar Nog Geensins So Oud Soos Marthinus Basson En Beslis Met Mooier Bene gaan aan Ilse van Hemert*



*Basson kry egter die Botho Strauss-prys vir sy begrip vir die gees van die fin-de-siècle al sit hy in die Kaap waar die fin-de-siècle nog nie aangebreek het nie*

*Die Warmpatat-prys gaan aan Mbongeni Ngema se 'Township Fever'*

# Vrydag-pryse vir Betekenisvolle Bydraes tot ons Kultuurlewe



*Richard Eeeeeeeeeee Grant kry die Ere-exile-prys vir sy briljant boosaardige spel in 'How to Get Ahead in Advertising' en 'Mountains of the Moon'. Al kan hy met 'n skoon gewete in sy CV sê dat hy in Swaziland gebore is, is hy 'n gegradueerde van die UK se dramaskool en het hy bewys dat Suid-Afrikaners iets anders kan speel as bose veiligheidspolisiemanne. Ons kan maar trots voel*

*Sama kry die Wil Nie Saamspeel Nie-prys vir hulle onwrikbare stroom-ophouding*

*Ons wou graag Die Sloerprys vir die Nie-Opheffing van die Kultuurboikot toeken, maar ons kon nie vasstel wie dit die beste verdien nie*

*'The Fourth Reich' kry die Red Baron-prys vir die Beste Bomber van die Jaar*





*'Street Sisters' kry die Gay Lib-prys*

*Tjaart Potgieter word aangewys as die Elegantste Akteur van die jaar vir sy spel in 'Callaway; Farce' (Marlon Brando is tweede)*





*Albie Sachs kry die Dame Margot Fonteyn-prys vir Uitheemse Choreografie*

*Robyn Orlin kry die Weird Sex in Bloomingdale's-prys*



*Die Teater-entrepreneur van die Jaar is Nicholas Ellenbogen vir Teater vir Afrika en Brendan Grealy kry die Elvis Costello-prys vir Hiperaktiwiteit vir sy spel in 'A Nativity'*

*Ellis Pearson ('A Nativity') en Kevin Smith ('Koning Lear' en 'Houd-den-Bek') kry die Testosteroon-toekenning. Ian Roberts se Testosteroon-vlakke was vanjaar baie laag. Hy kry dus die Sylvester Stallone-prys vir Serebrale Spel vir sy werk in 'Veldslag'. Sly, eat your heart out*



*Jackson Hlungwane, die Beste Visterman van die Jaar, kry die I&J-Groot Vis*



*Barbara Masekela word aangewys as The Best Dressed Cultural Worker*

# There's a sucker born every minute and two to crucify him with

Konrad Welz or Elske Miles



Christmas ... Günther Herbst



Diane Victor




One man's roof is one man's floor ... Andrew Moletsi & Wayne Barker




Kendell Geers







Joachim Schönfeldt



Alan Alborough (bo en onder)

14. The king of the Jews must not be at the mercy of his passions, and especially of sensuality: on no side of his character must he give brute instincts power over his mind. Sensuality worse than all else disorganizes the capacities of the mind and ness and humanness. These forces now triumph in manifestations of robbery and every kind of violence under the mask of principles of freedom and rights. They have overthrown all forms of social order to erect on the ruins of the throne of the us that there should exist any other religion than ours of the One God with whom our destiny is bound up by our position as the Chosen People and through whom our same destiny is united with the destinies of the world. We must therefore sweep away all other forms of belief. If this gives birth to the atheists whom we see to-day, it will not, being only a transitional stage, interfere with our views, but will serve as a warning for those gen-

Andrea Vinassa






RAW




Geseënde Kersfees ... Paul Shelly




Uitstalling saamgestel deur KENDELL GEERS

# Koek en karma vir die SAUK se slagoffers

## VICTOR MUNNIK herkou aan die jaar se TV

WAT 'n wonderjaar vir ons kykers! Nie net die land het in 'n paar spoegies vry geword nie, maar ook al ons kanale. Dit is dus met 'n wond onder die hart dat ek vanjaar die kykpryse uitdeel, alles aan zlagoffers van die SAUK.

Allereerz natuurlik politiek, wat natuurlik gaan aan ons pronkstuk Clarens Keyter, en dit natuurlik vir sy weerberig vanaf Pollsmoor. En dankie ook aan die regering en die ANC se werk deur jarre en jarre waarsonder hierdie aangrypende TV-oomblikke nie moontlik sou gewees het nie.

Soos gewoonlik stewig in die tweede plek is baas Botha, wat teen die einde van die jaar met 'n paar uitmuntende ontkennings vorendag gekom het. Hy kry ons "Watter Bantu Waar?"-prys, twee weke in 'n casino in 'n tuisland van sy keuse, uitgesonderd die Republiek van Tarentaal waar kerkverband glo 'n groot verskil maak.

### Piesang

Uit al die kultuurkyk-ure moet die Piesangseuns se oorwinnings oor die Blou Bulle genoem word voordat almal te dronk is. 'n Proppie wodka gaan ook aan Skalk Jakops vir die rol as KGB-baas in "Die Binnekring". Die prys aan die draaiboekskrywer moet egter volgens ons prokureurs teruggehou word tot na die uitslag van die lastersaak teen Vrye Weekblad. Dit is ook iets in 'n bottel. Hy of sy moet dit deel met die draaiboekskrywer wat elke nou en dan afgelos het op "Orknie Snorknie".

### Rook en drink

Die Hare op die Tande-prys vir musiek gaan aan al ons liewe boeremusiekmakers, veral aan die polisie-orkes wat oudergewoonte sonder nommerplate skoonskip gemaak het van alles wat te rook en te drink was.

'n Troosprys aan die besonder begaafde "Die Rondloper", wat Mynie Grove uit die see by Bloubergstrand gered het, al het dit ook 'n volle halfuur geneem. Om nie te praat van hoe lank ons moes wag vir die trein met die Briels om verby te kom nie.

### Streke

Die Buthelezi-meisieskoorprys vir streekselfekspressie word ingepalm deur die De Villiersgraaffhoërskool. Die troosprys in hierdie afdeling gaan aan Bloemfontein. Weet u dat Bloemfontein 'n oorbevolking van dassies het omdat daar te min arende in die platste stad in ons land is?

### Stupid

In die afdeling vir menslike ellende word met spesiale eer vermeld "Kupid". Hoe verskriklik is dit nie om gekies te word deur die meisie wie se been so swaai swaai swaai nie. Hoeveel erger is dit nie om wel gekies te word deur die blonde bees wat jou in die water stamp sodat jou t-hempie deurnat word van die water en jou ou lyfie ... ag nee moeder man.

As 'n verrassing ken ons in hierdie afdeling 'n ekstra prys toe. Die arm Durban Poison gaan aan almal wat na die oop-of-toe debatte gekyk het, of familie is van die deelnemers. Onthou niks duur vir ewig nie.

### Vrede

Ten laaste 'n hartlike welkom aan die talle plaaslike kommuniste wat ons vanjaar op die kassie gesien het. Aan jullie die Moolman Mensch-prys vir wêreldvrede in jul glorierykste verskyning toe julle die Russiese afvaardiging voor die hele land en dalk nog die wêreld toestemming gegee het om om menslikheidsredes die sanksies op kernkragbesoedeling te breek. Vir die Jehovasgetuies en Moslems ook wêreldvrede. En vir die res, koek en karma.

# TV-advertensies kán verbeelding aangryp

## HANLI VILLIERS se TV-voorskou

HOEKOM is dit so dat party TV-advertensies in dié tyd van politieke versoening en die Kersgety die kyker mateloos depressief laat en ander sy verbeelding aangryp?

Wie glimlag nie oor die TV-Advertensie van die Maand waarin 'n deemoedige Mattewis eers 'n mandjie eiers voor sy geliefde Meraai se groen voordeur laat, dan 'n lewendige speenvarkie aandra, maar eers wanneer hy 'n kaartjie van 'n bekende nuusagentskap op die voordeurmatjie los die verlangde resultaat kry: 'n stralende glimlag - moesies en al! Dan is daar die petrol-advertensie waarin 'n paar gesinne - wit en swart - skemeroggend met vakansie vertrek, kompleet met kinders onder komberse, 'n fles koffie en 'n pa wat styf gesit homself by die motorhawe uitrek.

Albei is 'n romantiese voorstelling van die werklikheid. En tog werk dit soveel beter as die eindelose string Kers-advertensies van meubelgroepe, apteke en supermarkte, wat óók 'n geromantiseerde, maar só valse, snoesige Kerstoneeltjie voorstel met 'n (wit) gesinnetjie om 'n persent-belaaide Kersboom.

Illusie ís die kern van TV-vermaak. Maar daar is 'n verskil tussen 'n ideaal, 'n droom, en 'n valse voorstelling van die werklikheid. Mattewis en Meraai en die vakansie-advertensie spreek dié deel in 'n mens aan wat werklik glo in die ietwat ontwykende, maar tog bereikbare welwillendheid van mense. In teenstelling hiermee is die ander advertensies metafore vir 'n uitgediende ideologie van wit bevoorregting en ontkenning. (Dink maar aan die woorde van Arthur Miller in verlede week se VryDag!...)

Buiten die advertensies (!) bied TV darem ook goeie kykstof oor Kersfees en Nuwe Jaar, selfs 'n paar uitstekende programme, een wat vermy moet word, en 'n ander wat om die helfte vervelig en prikkelend is. Hier is 'n "kortlys":

### *HOOGTEPUNTE OP TV1:*

* Onder die beste programme is drie plaaslike programme: 'n reeks "Just Nuisance", wat Woensdagaand 2 Januarie om 7 nm. begin - vir 'n verandering die perfekte tydgleuf vir dié heerlik ligte storie oor die manewales van 'n andersoortige lid van die Simonstadse vlootskool; 'n verfilmde weergawe van die treffer-toneelstuk "Hapgood" op Nuwejaarsdag, en die volledige uitvoering van die unieke musiekstuk "African Sanctus" Sondag 23 Desember in "Collage".

Just Nuisance is die naam - voornaam en van - van 'n groot Deense hond wat in 1930 deur die bevelvoerder van die Royal Naval Base op Simonstad as 'n volwaardige matroos en lid van His Majesty's Navy ingesweer is om te verhoed dat die Spoorweë die ondeunde brak van kant maak. En dit het sowaar werklik gebeur!

Die reeks begin met die aankoms van 'n nuwe jong matroos, Jimmy Thom (Edward Baker Duly), by die basis, wat sommer gou as een van sy "pligte" hoor hy moet 'n oog hou oor Nuisance.

Die regisseur is Ken Leach, wat 'n welkome terugkeer maak met 'n trefferreeks ná die oppervlakkige strooisage "Whirlpool".

* "Hapgood" (9:30 nm. op Dinsdag 1 Januarie) het met sy speelvak op die verhoog uitstekende resensies gekry en is net so vir TV verfilm. Dit is 'n ingewikkelde speurverhaal uit die pen van Tom Stoppard met vele dubbel- en selfs dubbel-dubbel-agente! Die hoofspelers is Michael McCabe, James Borthwick, Fiona Ramsay, Graham Hopkins en Kurt Egelhof.

* Voorts is "Antenna/e" met verlof (of hy terugkeer, is 'n ander vraag) en in sy plek word 'n reeks spesiale programme uitgesaai, soos Maandag 17 Desember se "Dinosaur!" (6 nm.). Hierin neem die akteur Christopher Reeve kykers as 't ware op 'n reis terug in tyd om hulle te wys hoe die "terrible lizard" (soos die Grieke na die dinosourus verwys het) gelyk en geleef het en wat hulle uiteindelik laat uitsterf het.

* "Lost Worlds Vanished Lives", 'n reeks van vier episodes, begin Woensdagaand 19 Desember om 6 nm. in "Antenna" se plek en is nog 'n produk uit die pen van die bekende David Attenborough. Hy het ons 'n jaar of wat gelede die skitterende "The Living Planet" gegee.

* Nog 'n uitstekende oorsese program is "Albert Whitlock - A Master of Illusion", wat Woensdagaand 26 Desember om 7 nm. vertoon word. Whitlock was die man wat in flieks soos "The Hindenburg", "Bound for Glory" en "The History of the World, Part 1" doodgewone tonele in asembenemende visuele wonders verander het soms deur net gebruik te maak van 'n verfkwas.

* Op Oujaarsaand om 6 nm. kan gerus ingeskakel word op die nostalgiese "You're the Top - The Cole Porter Story", waarin van Porter se vriende en kollegas, soos Bob Hope, Cyd Charisse en Douglas Fairbanks, Jr. meer vertel van dié legendariese sanger en vermaaklikheidster.

* Ten slotte kan Elvis-aanhangers kyk na 'n dokumentêre program, "Elvis - That's the Way it is" Donderdag 3 Januarie om 11:15 nm.

### *WAT OM TE VERMY OP TV1:*

* Sonder enige twyfel Alain D' Woolf se patetiese poging tot 'n humoristiese geselsprogram, "Alain D' Woolf", wat Donderdagaand 20 Desember om 10 nm. vertoon word.



*Fiona Ramsay in 'Hapgood', die Stoppard-stuk wat op 1 Desember gebeeldsaai word*

Woolf begin deur te sê sy program gaan oor humor en komedie. Hy weet nie waarvan hy praat nie. Woolf se idee van komedie is uittreksels uit sy lomp "candid camera"-fliek van verlede jaar, "Funny Face", waarin meisies niksvermoedende manne bydam en klap ten einde hul "reaksies" te toets, of gespot word met bysiende mense in die vorm van 'n bysiende kelner wat alles op 'n tafel omstamp. Nee, werklik!

Mogge dit NOOIT 'n reeks word nie...

### *HOOGTEPUNT OP TV2:*

* Danie Joubert het vroeër vanjaar klaar geskiet aan seker sy mees ambisieuse projek vir TV2, "Ingqumbo Yeminyanya" of "Wrath of the Ancestors". Die eindproduk kan ons van Woensdag 2 Januarie om 8 nm. op TV2 sien.

Die reeks is gegrond op die bekende Xhosa-roman deur A.C. Jordan en is die verhaal van 'n jong Mpondomise-prins, Zwelinzima, wat ná sy studies aan die Universiteit van Fort Hare na sy pa se stat terugkeer om dié se plek in te neem as opperhoof. Sy koms veroorsaak egter skeuring tussen die tradisie-vaste oumanne, wat die jong man se nuwerwetse maniere veroordeel en die jongmense, wat die verandering verwelkom.

Vir die verfilming van "Wrath of the Ancestors" is nie net 'n volledige Xhosa-stat gebou nie, maar is nie minder nie as 350 byspelers ingespan. Die hoofrolle word gespeel deur Ken Gampu as Chief Dingindawo, Mxolisi Hulana as sy seun en Evelyn Bonase as Thembeka, Zwelinzima se bruid. Die draaiboek is geskryf deur Harry Hofmeyr in samewerking met Joyce Ndamase. Joubert is die regisseur.

### *HOOGTEPUNTE OP TV4:*

* Vir almal wat teen hul wil verslaaf geraak het aan die knoeiwerk en liefdesprobleme van die perde-aristokrasie in TV1 se Duitse "Plekpot" begin "Blue Blood" Donderdagaand 20 Desember om 9:04 nm. op TV4. Dié reeks het net soveel grawe en grafinne, kastele, korrupsie, selfs moord en arm Duitse aristokraci en spog boonop met die aantreklike gesigte (nie akteurstalente nie!) van oud-model Lauren Hutton, Capucine en die Oostenryker Albert Fortrell.

* Robert Altman se "Nashville" het destyds 'n ander prentjie geskilder van die toe nog geromantiseerde "country"-hartstad. In "The Other Side of Nashville", wat Sondagaand 30 Desember om 10:52 nm. uitgesaai word, gesels van die sterre wat die Nashville-klank help vorm het oor die lokstem van dié deel van Amerika en hul eie lewens agter die skerms.

* Twee dokumentêre programme wat self elk 'n eie verhaal vertel oor die goue jare van Hollywood is "The Spencer Tracy Legacy" om 10:13 nm. op Oujaarsaand en "America's Tribute to Elizabeth Taylor" om 10:10 nm. op Donderdagaand 3 Januarie.

### *BESLUIT SELF OOR:*

* ... die loodsprogram van Patrick Mynhardt se geselsprogram, "Patrick" om 9:33 nm. op TV4 Saterdagaand 29 Desember.

Patrick self kan nie 'n sin voltooi in een taal nie - hetsy Afrikaans of Engels. En hy kan nie 'n enkele anekdote klaar vertel sonder om nie iewers te verwys ná wat sy aandeel daarin was nie. Maar verskoon 'n mens dit, is die potpourri gaste 'n vermaaklike spulletjie bymekaar. Hulle is akteur Zack du Plessis, weerman en vlieënier Sakkie van der Merwe, madame Klarer wat in haar eie woorde 'n "close encounter of the fourth kind" gehad het (dis 'n baba van 'n buite-ruimtelike wese), heldersiende tannie Hettie, aktrise Shaleen Surtie-Richards en TV-gasheer Lunga Williams.

### *HOOGTEPUNTE OP M-NET:*

M-Net se beste Kersprogramme is ongelukkig almal her-uitsendings, soos "A Child's Christmas in Whales", "Bushfire Moon" en "Rich Little's 'A Christmas Carol'". Goeie programme is:

* "Les Misérables" om 9 nm. Saterdag 22 Desember, die storie agter die sukses van dié musiekspel. Dit is gegrond op die roman van Victor Hugo en tot 'n musiekspel verwerk deur die Suid-Afrikaans-gebore regisseur Trevor Nunn.

* "Roemryk en geroskam" net hierna om 10 nm. (22 Desember) is 'n plaaslike huldeblyk aan Patrick Mynhardt en in die Warehouse van die Mark-Teater in Johannesburg opgeneem.

* Moenie "Salaam Bombay" misloop nie om 8 vm. op East-Net se uitsending Sondagoggend 23 Desember. Dit is die ontstellende, maar boeiende werkwinkel- projek van die vroue-regisseur Mira Nair oor die leefwyse van 'n klomp kinders in Indië. Baie van die kinders in die prent is werklike straatkinders.

* "Seaworld's Miracle Babies" om 7 nm. en "World's Greatest Escapes" om 8 nm., albei op Maandagaand 24 Desember, is onderskeidelik 'n natuurprogram oor die geboorte van soogdiere in die see, en 'n reeks wonderbaarlike ontsnappings soos uitgevoer deur die beroemde ontsnapkunstenaars Steve Baker en Dorothy Dietrick.

* Kersaand word "World of Adventure" om 1:30 nm. uitgesaai met die bofbalster Tim McCarver as die gasheer. Hierin beproef waaghalse, ontdekkers en avonturiers die perke van hul uithouvermoë, moed en verbeelding.

* Dieselfde aand (25 Desember) begin die mini-reeks "The Two Mrs Grenvilles" om 9 nm., 'n verhaal van hebsug en hartstog onder die superrykes van Amerika, gegrond op die super-siniese Dominick Dunne se roman.

* "The Tolla van der Merwe Special" op Oujaarsaand om 7 nm. kyk na dié grapmaker se lewe en konsertloopbaan, het Shaleen Surtie-Richards as die onderhoudvoerder en is opgeneem in die Wits-teater in Johannesburg.

* "Lafnet" net ná "Tolla" om 8 nm. behoort die lagspiere te prikkel met vertellings oor die "ou" en "nuwe" Suid-Afrika en sy ryke rasse-verskeidenheid deur 'n paar van die beste plaaslike "stand up"-komediante, soos Casper de Vries, Tania en Marion Holm, Mel Miller, Joe Parker, Soli Philander en Charles Pilay.

### *UITSOEK-VAKANSIEFLIEKS:*

**Op TV1:**

* **"Born Free"** Sondag, 16 Desember, die klassieke verhaal oor die Adams-egpaar van Kenia se mak leeus.

* **"Kramer vs Kramer"** Saterdag, 22 Desember, 'n egskeidingverhaal met Meryl Streep en Dustin Hoffman.

* **"Splash"** Saterdag, 29 Desember. Tom Hanks ontmoet 'n meermin.

**Op TV4:**

* **"All that Jazz"** Vrydag, 21 Desember, die regisseur Bob Fosse se siniese uitbeelding van die wêreld van "show biz", met Roy Scheider in die hoofrol.

* **"Gone with the Wind"** (alwéér) Dinsdag, 25 Desember, met Vivien Leigh as die onblusbare Scarlett O' Hara en Clark Gable as die dodelik sjarmante Rhett Butler.

* **"The Entertainer"** Sondag, 30 Desember, Laurence Olivier se kragtoer as die John Osborne-karakter Archie Rice.

**Op M-Net:**

* **"Appointment with Death"** Sondag, 16 Desember. Agatha Christie op 'n argeologiese wêreldreis, en Peter Ustinov as Hercule Poirot.

* **"Dancers"** Dinsdag, 18 Desember. Mikhail Barishnikof se danspassies is die enigste bonus. Andersins 'n lamlendige tranetrekker.

* **"Indiana Jones and the Temple of Doom"** Maandag, 23 Desember. Harrison Ford alias Jones moet 'n heilige steen en 'n klomp ontvoerde kinders in Indië opspoor. Propvol aksie en tong-in-die-kies-humor.

* **"Champions Forever"** Woensdag, 26 Desember, die herinneringe van kampioenboksers soos Muhammed Ali en Larry Holmes.

* **"Lethal Weapon"** Vrydag, 28 Desember, Mel Gibson en Danny Glover se geweldadige, boeiende ontmaskering van 'n dwelmnetwerk.

* **"Peggy Sue Got Married"** Sondag, 30 Desember, Kathleen Turner se baie vermaaklike reis terug in tyd as 'n tiener wat weet hoe lyk die toekoms.

* **"Brighton Beach Memoirs"** Saterdag, 5 Januarie, Neil Simon se vermaaklike outobiografiese vertelling van sy kindertyd, met Jonathan Silverman as die jonge Joodjie.

* **"Empire of the Sun"** Sondag, 6 Januarie, Steven Spielberg se langdradige, maar steeds boeiende verhaal van 'n jong Britse seun se verskriklike wedervaringe in China ten tyde van Japan se inval. 'n Interessante kamee deur John Malkovich as die doodsveragtende matroos.

# Vrydag-fliekpryse

| Vrydag-fliekpryse | Andrea Vinassa | Randy le Roux |
| --- | --- | --- |
| 1. Gretha Garbo-prys vir die (Enigste) Comeback van die Jaar | 1. Marlon Brando | 1. Marlon Brando |
| 2. Beste Movie | 2. Talk Radio | 2. Sweetie |
| 3. Gunsteling Movie | 3. Roger and Me | 3. Roger and Me |
| 4. Buiteperd van die Jaar | 4. Drugstore Cowboy | 4. 84 Charlie Mopic |
| 5. Tranetrekker van die Jaar | 5. Salaam Bombay | 5. Story of Women |
| 6. Beste Vertolking van Iemand Sonder 'n Snor | 6. in Sweetie | 6. Jessica Lange in Music Box |
| 7. Beste Vertolking van Iemand Met 'n Snor | 7. Raul Julia in Presumed Innocent | 7. Al Pacino in Dick Tracy |
| 8. Beste Regisseur | 8. Peter Greenaway vir The Cook, The Thief, His Wife, Her Lover | 8. Peter Greenaway vir The Cook, The Thief, His Wife, Her Lover |
| 9. Beste Draaiboek | 9. Talk Radio | 9. Talk Radio |
| 10. Dick van die Jaar | 10. Warren Beatty | 10. Warren Beatty |
| 11. Swakste Movie | 11. That Englishwoman | 11. Oddball Hall |
| 12. Swakste Vertolking | 12. Patrick Swayze in Ghost | 12. Armin Meuller-Stahl - Music Box |
| 13. Swakste Vervaardiger | 13. Edgar Bold | 13. Edgar Bold |
| 14. Mees Oorskatte Movie | 14. Dead Poets Society | 14. Lambarene |
| 15. Mees Pretensieuse Movie | 15. Last Exit to Brooklyn | 15. Field of Dreams |
| 16. Flop van die Jaar | 16. Rosalie Goes Shopping | 16. Dick Tracy |
| 17. Spesiale Kultuurboikot-prys | 17. Spike Lee | 17. Woody Allen |
| 18. Mees Gehate Nice-Guy | 18. Alan Alda | 18. Rob Lowe |
| 19. Impotentste Movie | 19. sex, lies and videotape | 19. Bad Influence |
| 20. Kalkoen van die Jaar | 20. Bird on a Wire | 20. Zorba the Greek |
| 21. Downer van die Jaar | 21. Clean and Sober | 21. The Boost |
| 22. Charlatan van die Jaar | 22. Woody Allen | 22. Julian Sands |

# Kan 'n man dan nie?

**CARSTEN RASCH wil nie hê Afrikaners moet hulle lewens opoffer vir Afrikaanse musiek nie, net hulle shopping lists**

DIS donners depressing. Ek sit hier en luister na 'n backlog van Afrikaanse musiek wat die laaste tyd uitgereik is. Groepe soos Randy Rambo en die Rough Riders, Koos Kombuis, Draadloos, Anton Goosen, Koos (geen relasie) en The Genuines. Dis een ding om na hulle te luister, maar ek sou bittergraag die mense wou sien, op 'n verhoog, besig om hulle ding te doen. Maar waar is hulle? Waar is hierdie sogenaamde alternatiewe Afrikaanse musikante?

Mens hoor ook net van groepe soos Valiant Swart, Die Vlieënde Pierings en die Radiators (wat glo anti-Engelse rap in Afrikaans sing). Ek is bereid om te glo dat hulle wel bestaan, maar mens sou hulle ook graag wou sien. Iewers. Enige plek.

Dis donners depressing. Jy sien, ek het 'n klomp vrae om te vra, sommige van hulle seker dom, en sommige van hulle hopelik pertinent. Hier kom hulle: Wat het geword van die energie van Voëlvry? Watter rol speel Afrikaanse musiek, if any? Is daar 'n toekoms vir eersgenoemde musiek, is daar 'n audience? Het jong Afrikanertjies enige heroes, en wie is hulle? Hoekom lyk almal so donners moeg? Kan 'n man dan nie? Die volgende stap is om iemand te kry om die vrae te beantwoord. Ek pak my sak en split. Iewers is daar nog 'n Houtstok wat sy kop uitsteek.

Clarens. 'n Klein plekkie met baie Boere en 'n handjievol liberale wat praat, baie drink en hulle kuns so tussenin beoefen. Piet Botha se Jackhammer en Anton Goosen speel in die local hotel. Ek pull in. Nes ek gedink het: Vol boeppensboere en hulle asters. Die plek ruik sterk na 'n mengsel van sigaretrook, Mum for Men en Impulse. Maar ek diskrimineer nie. Die manne koek om die bar, en ek moet druk om by die counter uit te kom. Hier en daar 'n skewe kyk, 'n paar oorgehaalde wenkbroue en 'n frons of twee. Gelukkig het ek so 'n simpel grynslag wat ek onder sulke omstandighede gebruik. Ek weet nie of dit werk nie, maar niemand tune my kak nie. Ek kry my bier en leun teen die muur, check die plek uit. Ek praat met die mense.

Piet Botha sê "Ek is moeg man. Dit gaan maar moeilik". Hy sit in 'n hoekie in die ladies bar, hoed diep oor sy oë getrek, nes Liewe Heksie. Ja-nee, dink ek, hy lyk moeg. Anton Goosen begin sy set, en ons gaan kyk. Ek is verbaas om te hoor dat hy 'n liedjie in Tswana sing, en ek kyk rond om die Boere se reaksie te sien, maar dit lyk nie of iemand dit eers agterkom



*Johannes Kerkorrel*

nie. Hulle drink en rook en die ouens wat nie meisies het nie se oë glip soos ge-oliede albasters in hulle oogkaste rond. Ek wonder of enige van hulle na die lyrics luister. Behalwe vir twee liedjies in Tswana is Goosen se set maar power.

Jackhammer kom op en ek spits my ore, maar verniet. Hulle speel net cover versions. My hart sak in my skoene. Wat de drommel is die betekenis hiervan? Led Zeppelin en Deep Purple hier in die Vrystaat? Iemand sal moet verantwoording doen. Dis mos Satanistiese boodskappe waarvan ons praat.

Later die aand, by die after-party, wil ek met Anton Goosen praat, maar sy oë is toe, en hy snork vir die vale hel. Piet pluk 'n kitaar uit en begin speel. My kop raak stil. Moeg of te not, die man kan speel. Ek konfronteer hom: Hoekom speel hy Heavy Metal cover versions as hy sulke musiek in sy kop ronddra. Hy blameer die audience. Dis wat hulle wil hê, sê hy, dis 'n sensitiewe affêre.

## Struggle

Terug in Johannesburg. Ek sit in 'n kafeetjie en praat met Randy Rambo en Ansie Kamfer, Anton Goosen se manager. Hulle is vol exposés. Hulle vertel my van al die skandes in die bedryf. Ek drink koffie, en rook, en luister. So dan en wan skribbel ek onleesbare sinne in my notaboek wat ek met helse moeite sal moet ontsyfer. Die stories wat ek hoor maak my hare rys.

Die tyd wat ek in Europa deurgebring het, het my amper laat vergeet dat Afrikaners ook 'n struggle het, so groot soos dié van swartmense. Dis 'n eeu-ou(e) stryd wat al baie geveg is, en wat seker vir ewig geveg sal word. Dis die battle tussen die ou garde wat nog steeds krampagtig vasklou aan hulle patetiese idees, en die jeug wat met alle mag die juk wil afgooi.

Dis die battle tussen die ds Malans, en die Stemmets en Benades en die FAK, en die sogenaamde alternatiewe Afrikaners, wat alles haat en minag, selfs daai label. Ek vra vir Randy DIE VRAAG. Hy hoef nie lank te dink nie. "Ek het die punt bereik waar ek fôkôl voel vir Afrikaanse musiek," sê hy, "Dis besig om nêrens heen te beweeg nie." Ek vra hoekom. Hierdie keer vat hy bietjie langer om te antwoord. Hy blameer die system. Radio 5 sluit nie genoeg Afrikaanse liedjies op hulle speellyste in nie, en in elk geval mag hulle nie speel wat deur die SAUK se in-house sensuur-kommittee verbied is nie. 702 het glo 'n beleid wat hulle verhoed om enige Afrikaanse liedjies te speel. Die platemaatskappye, die groot festivals, die klubs ... daar word gediskrimineer teen die sogenaamde alternatiewes.

Wat ek nodig het, is goeie nuus, maar Ansie het nog 'n laaste exposé ... Hillcrest Mansions is 'n blok flats in Yeoville wat naam het. Swart en wit bly daar deurmekaar asof apartheid nie bestaan nie. Daar's nooit warm water nie, want die caretaker verkoop die steenkool vir 'n paar ekstra pond, maar daar's 'n sjebeen. Dis waar ek vir Bernoldus Niemand en Jannie Hanepoot van Tonder raakloop.

## Vibes

Hulle drink bier en ek drink wyn, en dis nie lank nie en die tonge raak los. Ek praat oor die energie wat die Voëlvry-toer losgelaat het, en die gap wat daarop gevolg het. Bernoldus lyk vreeslik ernstig "The state of Afrikaans music was frightening. I had to do something - for God and country. It was hell out there. We didn't even have bulletproof vests ... there was this ou in the audience, checking me out ... it's hard to play reggae vibes when there's ous like that, checking you out."

Later praat ek met Johannes Kerkorrel. Sy oë is blink, en hy lyk vreeslik positief, die eerste een sover. En hy 't goeie rede. Hy het onlangs van 'n toer in België en Nederland teruggekeer wat glo baie suksesvol was. Die radiostasies en TV stel belang, die mense stel belang, en sy nuwe plaat verkoop. Ek vra hom uit oor die alternatiewes. Hy gee my 'n kyk, en sê hartstogtelik "Jy weet, ek is so gatvol vir daai label. Ek is 'n anargis - ek haat dit om met groepe geassosiëer te word." Volgens hom was dit 'n media-label, "maar die eenheid is nie meer daar nie - almal is op hulle eie pluck". Dit maak ook sense.

Afrikaners het maar 'n vrot track-record wanneer dit by hegemonie kom. Die laaste keer was moontlik gedurende die Vryheidsoorlog, en selfs toe het die Transvalers en die Vrystaters mekaar skeef uitgecheck. Ek praat lekker met Kerkorrel, hy's 'n man met insig, al eet hy kreef (en julle weet wat kreef eet). Hy's sensitief en hy's 'n hero, al wil hy nie eintlik een wees nie.

En dit is waar die kreefkos die fan strike: Die plek wemel van reluctant heroes, en blaam word oral gelê - Piet Botha blameer die audience; Bernoldus blameer die bedryf; Randy Rambo wys sy vinger in die rigting van Auckland Park en Goosen blameer die slaappille.

Daar staan die Afrikaanse musikant met sy arms uitgestrek na al vier die windrigtings en sy kitaar lê verstrooid by sy voete. Is dit nou hoe mens 'n vryheidstryd voer? Het rock 'n roll 'n pynlose geboorte gehad? Van wanneer af het enige revolusionêre beweging dit maklik? Dinge is nie ideaal nie, en dis goed, want as mens veg om êrens te kom, word dit beter waardeer.

Dit verhoed ook tot 'n sekere mate dat Eenoog koning raak in die land van die blindes. Dinge gaan erger raak voor dit verbeter, en dit gaan meer as net een Voëlvry-toer kos om Afrikaanse musiek te bevry.

## Wanhopig

Om my eie vrae te beantwoord: Die energie van die Voëlvry-toer het inderdaad verdamp. Die manne het hulle ding gedoen, en kan nou op hulle louere rus. Houtstok was "the last white jol - a moth-eaten Woodstock," volgens Bernoldus, en nog niks het daarop gevolg nie.

Afrikaanse musiek het 'n verantwoordelikheid - om jong Afrikanertjies vol skool-geleerde stront wakker te skud uit hulle wit droomland waar argaïese "kulturele organisasies" soos die FAK nog wanhopig probeer wal gooi. Dit moet met of sonder die ondersteuning van die bedryf en die media geskied.

Slegs dan het Afrikaanse musiek 'n toekoms. Die audience is daar - Voëlvry het dit bewys. Sover dit helde betref - ons het hulle broodnodig. Leiers is maklik - mens kan hulle kies, maar heroes is 'n ander storie. Rageltjie de Beer en Dirkie Uys is redundant. Die nuwe heroes het name soos Kombuis en Kerkorrel, en hulle moet hulle roeping aanvaar.

Koos Kombuis som die hele affêre goed op "Lank gelede was daar nog dapper witmense in Afrika gewees wat kon fight vir 'n cause. Hulle het gefight vir Afrikaans, wat die nuutste Derde Wêreld-taal was ... vandag se witmense is so boring! Hulle doen net shopping, en hulle het heeltemal vergeet van hulle eie struggle lank gelede! Want toe het hulle ook hulle eie helde gehad; helde wat bereid was om, soos Biko, hulle lewens te gee vir hulle volk. (Dit was arm witmense daardie dae, hulle het nog geken van suffering - en daarom was hulle oë nog oop, en hulle ore, en hulle harte)."*

Mense, moet my nie verkeerd verstaan nie - ek sê nie julle moet julle lewens opoffer vir Afrikaanse musiek nie, maar doen net iets, dammit!

* Van "Niemandsland".



VryDag! se Kunstenaar van die Jaar is Frederick Timpson I'Ons. Hy het in November 1834 uit Londen in die Kaapkolonie aangeland. Só het hy 'n Xhosa-hoofman - òf Nqueno òf Hintsa - uitgebeeld. Albei dié hoofmans het oorlog gevoer teen die Kolonie en is verslaan, verban of gevange geneem. Die uitstalling is nou in die Johannesburgse Kunsmuseum, Joubert Park te sien